# KLEINGROEPBEDIENING:

## *'N STRATEGIE VIR KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE GROEI IN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA*


*Cornelius Johannes van Heyningen*

*B.Sc. Agric., Th.B.*


Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Theologiae Magister in die Praktiese Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

*Studieleier: Prof. G.A. Lotter*

*Mede-studieleier: Prof. C.J.H. Venter*

**Potchefstroom**
**1999**


Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.

# *VOORWOORD*

Ek dank die Here vir die geleentheid om so 'n studie te kon onderneem en af te handel. Om te kan studeer en besig te wees met sy Woord, is 'n voorreg wat ek soms so as vanselfsprekend aanvaar. Opnuut wil ek die Here daarvoor dank en aan Hom alleen die eer gee.

Gedurende Januarie 1996 het ek drie weke prakties in die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Wes gedoen, waar ek baie van kleingroepe geleer en ervaar het. Juis hierdie blootstelling het my tot verdere studie oor kleingroepe gestimuleer. My dank aan ds. Fourie, ds. Fleischmann en die gemeente, vir hulle insette in my lewe en studie.

My dank aan almal wat saam met my oor die aantal jare in 'n kleingroep was en is. Dit is nie bloot in die biblioteek of tydens teoretiese bestudering, dat kennis opgedoen word nie. Dit was en is lekker om saam te leef en te groei.

Aan my studieleier, Prof. George Lotter, dank vir sy leiding, gesprekke, insette en meelewing. Dit was telkens verrykend om 'n afspraak met hom te hê.

Prof. Cassie Venter, my mede-studieleier, wat my ook reeds in 'n vorige studie begelei het, dankie vir begeleiding en insette, ook deur die jare van studie.

Aan my ouers wat voortdurend betrokke was by my studie: dankie vir die ondersteuning, raad en aanmoediging. Ook aan my pa wat gehelp het met die taalversorging.

Mev. Marietjie Koelman vir die finale taalversorging van die studie. Baie dankie.

Tannie Estie Duvenage: haar voortdurende geduld, vriendelikheid en hulp in die biblioteek was onmisbaar - nie net in hierdie studie nie, maar deur al my jare van teologiese studie.

Ek sou graag hierdie studie aan my oupa (C.J. Schutte) wou opgedra het. Hy is egter verlede jaar in die ouderdom van 88 jaar oorlede. As ek een kenmerk van my oupa kan uitlig wat vir my altyd 'n bron van inspirasie was (en is) is die feit dat hy, geanker in die geloof, kon aanpas by die eise van sy tyd. Nuwe tye bring nuwe uitdagings en nuwe lewenspatrone. Om te kan aanpas sonder om die ankers af te sny is nie net 'n kuns van die lewe nie, maar na my mening ook 'n Bybelse eis.

Johan van Heyningen
Harrismith

*KEYWORDS:*

Small groups

Church growth

Koinonia

Office of the believer

Reformed Churches in South Africa

Strategy of ministry

*SLEUTELTERME:*

Kleingroepe

Kerkgroei

Koinonia

Amp van die gelowige

GKSA

Bedieningstrategie

# *INHOUDSOPGAWE*

## *HOOFSTUK 1 - INLEIDING*


**1.1 PROBLEEMSTELLING** .......... 1

- 1.1.1 Dalende lidmaatgetalle .......... 1
- 1.1.2 Gebrekkige funksionering van die amp van die gelowige .......... 2
- 1.1.3 Invloed van die postmodernisme .......... 2
- 1.1.4 Individualisme .......... 3
- 1.1.5 Opkoms van kleingroepe .......... 3

**1.2 DOELSTELLING** .......... 4

**1.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENTE** .......... 4

**1.4 METODE** .......... 4

- 1.4.1 Literatuurstudie .......... 4
- 1.4.2 Evaluering vanuit die praktyk .......... 5
- 1.4.3 Afkortings .......... 5

**1.5 HOOFSTUKINDELING** .......... 5


## *HOOFSTUK 2 - SKRIFPERSPEKTIEWE OOR GROEI (KWANTITATIEF EN KWALITATIEF), MET BESONDERE VERWYSING NA DIE ROL VAN DIE AMP VAN DIE GELOWIGE*


**2.1 DOELWITTE** .......... 7

**2.2 GROEI IS DEEL VAN DIE WESE VAN KERKWEES** .......... 7

**2.3 GOD GEE GROEI** .......... 10

**2.4 DIE SENTRALE PLEK VAN DIE WOORD VAN GOD** .......... 12

**2.5 MENSE IS INSTRUMENTE IN DIE HAND VAN GOD** .......... 12

- 2.5.1 God gebruik mense .......... 12
- 2.5.2 Die begrip "Amp van die gelowige" .......... 14
  - 2.5.2.1 Efesiërs 4:1-16 .......... 15
  - 2.5.2.2 1 Korintiërs 12:12-31 .......... 17
  - 2.5.2.3 1 Petrus 4:7-11 .......... 18
  - 2.5.2.4 Mekaarbediening tot opbou .......... 20
- 2.5.3 Na buite gerigte bediening as gestalte van groei (uitbou) .......... 23
- 2.5.4 Korporatiewe getuienis van 'n gemeente as geheel .......... 24
- 2.5.5 Die rol van gebed deur gelowiges .......... 25
- 2.5.6 Groei vind plaas binne die ruimte van koinonia .......... 26

**2.6 GROEI-EVALUERING** .......... 28

**2.7 BEDIENINGSGESTALTES VIR GROEI** .......... 29

2.8 BEDIENINGSTRATEGIE ..... 31

2.9 SAMEVATTING ..... 32

## *HOOFSTUK 3 - KLEINGROEPE - FUNDAMENTELE ASPEKTE*

3.1 DOELWITTE ..... 33

3.2 INLEIDING ..... 33

3.3 DIE TERM "KLEINGROEP" ..... 35

3.4 BEGINSEL VAN KLEINGROEPE IN DIE SKRIF ..... 36

3.4.1 Die belang en funksionering van die oikos as geloofsgemeenskap ..... 36
3.4.2 Sinagoges ..... 37
3.4.3 Die twaalf dissipels van Jesus Christus ..... 37
3.4.4 Huisgemeentes in die Nuwe Testament ..... 39
3.4.5 Kleingroepe as deel van groter groepe ..... 40

3.5 HISTORIESE GEGEWENS ..... 40

3.6 DIE EFFEKTIWITEIT VAN KLEINGROEPE ..... 41

3.6.1 Groepsdinamika ..... 41
3.6.2 Ingeskape menslike behoeftes ..... 43

3.7 SAMEVATTING ..... 44

## *HOOFSTUK 4 - DIE FUNKSIONERING VAN DIE KLEINGROEP*

4.1 DOELWITTE ..... 46

4.2 RIGLYNE VIR DIE FUNKSIONERING VAN 'N KLEINGROEP ..... 46

4.2.1 Verskillende komponente van kleingroepfunksionering ..... 46
4.2.2 'n Model vir die verloop van 'n kleingroepbyeenkoms ..... 50
4.2.2.1 Mens tot mens ..... 52
4.2.2.2 Mens tot God (Aanbidding) ..... 54
4.2.2.3 God tot mens (Woord) ..... 55
4.2.2.4 Mens tot medemens (Visie na buite) ..... 56
4.2.3 Die samestelling van kleingroepe ..... 57
4.2.4 Die plek van die kind ..... 58
4.2.5 Grootte van die groep ..... 59
4.2.6 Konflikhantering ..... 61

4.3 KLEINGROEPBEDIENINGSTRUKTUUR MET VERWYSING NA BESONDERE AMPTE ..... 62

4.3.1 Die rol van die ouderling ..... 62
4.3.2 Die rol van die diaken ..... 65
4.3.3 Die rol van die predikant ..... 66

4.4 SAMEVATTING ..... 67

## HOOFSTUK 5 - VOORDELE VAN KLEINGROEPBEDIENING

**5.1 DOELWITTE** ........ 68

**5.2 ALGEMENE VOORDELE VAN KLEINGROEPBEDIENING** ........ 68

**5.3 KLEINGROEPBEDIENING ONDERVANG LEEMTES WAT GROEI STREM** ........ 71

5.3.1 IDENTITEIT ........ 72
5.3.2 DIENS TOT OPBOU EN UITBOU ........ 72
5.3.3 GAWES TOT OPBOU (GROEI) VAN ANDER ........ 72
5.3.4 EENHEID AS GETUIENIS TOT MEKAAR EN DIE WÊRELD ........ 73
5.3.5 GROEI DEUR MEKAARBEDIENING ........ 73
5.3.6 GEBED ........ 75
5.3.7 EVANGELISERING (KWALITATIEWE GROEI) ........ 75
5.3.8 GELOOFSGEMEENSKAP (KOINONIA) ........ 79

**5.4 SAMEVATTING** ........ 80

## HOOFSTUK 6 - RIGLYNE VIR IMPLEMENTERING IN 'N GEREFORMEERDE KERK

**6.1 DOELWITTE** ........ 82

**6.2 INLEIDING** ........ 82

**6.3 VERANDERING IN DENKE EN OPVATTING** ........ 82

**6.4 LEIERSKAPONTWIKKELING** ........ 84

6.4.1 INLEIDEND ........ 84
6.4.2 SELEKSIE ........ 85
6.4.3 OPLEIDING ........ 87
6.4.4 ONDERSTEUNING ........ 89
6.4.5 KLEINGROEPLEIERS SE PERSOONLIKE VERHOUDING MET GOD ........ 90
6.4.6 PATROON VAN OPLEIDING ........ 92
6.4.7 MODELLERING ........ 94

**6.5 PRAKTIESE RIGLYNE VIR IMPLEMENTERING** ........ 95

6.5.1 GEBED ........ 95
6.5.2 INDIWIDUELE GESPREKKE ........ 96
6.5.3 PREKE ........ 96
6.5.4 BEGIN MET EEN GROEP ........ 96
6.5.5 VERKRY DIE STEUN VAN DIE KERKRAAD ........ 97
6.5.6 SELFEVALUERING VAN DIE GEMEENTE ........ 97
6.5.7 INLIGTING EN UITNODIGING AAN LIDMATE ........ 97
6.5.8 VOORTDURENDE TOERUSTING AAN LEIERS ........ 98
6.5.9 AANPASSINGS IN DIE BEDIENINGSTRUKTUUR ........ 98

**6.6 TOERUSTING VAN LIDMATE OOR KLEINGROEPBEGINSELS** ........ 99

6.6.1 METODE VAN TOERUSTING ........ 99

6.6.1.1 Prediking ... 100
6.6.1.2 Temas vir kleingroepbyeenkomste ... 100
6.6.1.3 Modellering ... 100
6.6.2 INHOUD VAN TOERUSTING ... 100
6.6.2.1 Liefde vir mekaar ... 100
6.6.2.2 Onvoorwaardelike aanvaarding ... 101
6.6.2.3 Amp (diens) van die gelowige ... 101
6.6.2.4 Mekaarbediening ... 102
6.6.2.5 Vertroulikheid ... 102
6.6.2.6 Prioriteite ... 103
6.6.3 MOTIVERING VAN LIDMATE ... 103

**6.7 MOONTLIKE GEVARE ... 105**

**6.8 SAMEVATTING ... 108**

***HOOFSTUK 7 - FINALE SAMEVATTING VAN RESULTATE***

**7.1 GEVOLGTREKKINGS ... 109**

**7.2 MOONTLIKE VERDERE TERREINE VIR NAVORSING ... 112**

**7.3 FINALE BEVINDING ... 113**

***8. BIBLIOGRAFIE*** ... 114

# Lys van figure


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Figuur 1. | Die sorg in die kerk | 21 |
| Figuur 2. | Aantal interaksielyne in 'n groep | 42 |
| Figuur 3. | 'n Teorie vir die funksionering van kleingroepe | 46 |
| Figuur 4. | Die verloop van 'n kleingroepbyeenkoms | 51 |
| Figuur 5. | 'n Kleingroepbedieningstruktuur | 63 |
| Figuur 6. | 'n Kleingroepbedieningstrategie | 64 |
| Figuur 7. | Onderlinge verbintenis in 'n tradisionele wyk versus 'n kleingroep | 65 |
| Figuur 8. | Mekaarbediening vanuit die Skrif | 74 |
| Figuur 9. | Evangelisering binne en vanuit 'n kleingroep | 78 |
| Figuur 10. | Samestelling van wyke in 'n "oorgangstydperk" | 99 |

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Is die bedieningstrategieë in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) effektief om die geloofswaarhede aan die mens, in die amper 21ste eeu, te bring? Vorster (1996a) vra in die titel van sy boek, "Is die kerk funksioneel?", na die relevansie van die kerk in 'n postmoderne konteks. Hy bespreek Gereformeerde Kerkvernuwing in die huidige paradigmaverskuiwing van modernisme na 'n postmoderne samelewing. Die kerk het die opdrag om die evangelie, wat onveranderlik is, effektief en konkreet aan 'n veranderende wêreld te verkondig.

Die vraag na die effektiwiteit van 'n bedieningstrategie (wyse waarop die bediening konkretiseer in 'n spesifieke gemeente) word beklemtoon in die lig van 'n paar tendense:

### *1.1.1 Dalende lidmaatgetalle*

Lidmaatgetalle van die tradisionele kerke (*mainline churches*) is besig om af te neem. Die Afrikaanse gereformeerde kerke in Suid-Afrika se getalle het van 1980 na 1991 onder die wit bevolking met 3 persent gedaal en onder die ander bevolkingsgroepe met 17 persent (Buchanan & Hendriks, 1995:24). Volgens Oosthuizen (1995:30) het die totale lidmaatgetal van die GKSA van 1987 tot 1995 met 4,2 persent gedaal. In 1994 het 2452 lidmate en in 1995 2502 lidmate hulle gemeenskap met die GKSA opgesê, terwyl 2132 in 1994 en 1896 lidmate in 1995 sonder attestasie vertrek het (Tiemensma, 1997:16). Volgens die Almanak van die GKSA het die lidmaatgetalle van die GKSA van 31 Maart 1997 tot 31 Maart 1998 met 3822 gedaal.

Tydens die sinode van die GKSA in Januarie 1997, waarop 'n rapport insake dalende lidmaatgetalle gedien het, is deputate insake bewaring en vermeerdering deur die sinode aangewys, met onder meer die opdrag om die volgende Nasionale Sinode te adviseer oor strategieë om praktiese uitvoering te gee aan bevindings oor die taak van die kerk in verband met die tendens van dalende lidmaatgetalle (Handelinge, 1997:881).

### *1.1.2 Gebrekkige funksionering van die amp van die gelowige.*

Dit is realiteit dat baie kerkrade worstel om gemeentelede meer betrokke te kry by die aktiwiteite van die gemeente. (vgl. De Klerk 1998:75-77.) Ongelukkig word daar dikwels ook in gemeentes van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) die onbybelse situasie van 'n oorwerkte minderheid en 'n onbetrokke meerderheid gevind. Hoe kan daar uitvoering gegee word aan die Bybelse beginsel dat elke lidmaat in die amp van die gelowige staan en 'n funksie binne die liggaam van Christus moet verrig? Jordaan (1994:6) stel dit so:

> Die ondergang van die kerk begin aldeur maar by die verval van die amp van die gelowige. Waar die amp van die gelowige vervalle geraak het en bloot tot lid-wees van 'n organisasie gedegradeer is, is kerklike verstarring die uiteinde.

Neighbour (1990:39) is van mening dat die meeste tradisionele kerke volgens 'n sogenaamde PGO (Program Georiënteerde Ontwerp) funksioneer. PGO-kerke het 'n klomp programme wat hulle bedryf en aan die gang hou en die idee bestaan dan dat solank al die programme in werking is, die kerk 'n aktiewe kerk is. Neighbour (1990:49) toon egter aan dat daar in so 'n model meestal nie meer as 10-15% van die lidmate nodig is om die aktiwiteite (programme) van die kerk aan die gang te hou nie. Die vraag is in hoe 'n mate dit nie ook van die Gereformeerde Kerke waar is nie? Dit is opmerklik dat Buchanan en Hendriks (1995:25-26), in hulle bespreking van 'n 111 % groei in lidmaatgetalle by Afrika Independentistiese kerke van 1980 tot 1991, aantoon dat die Afrika-mense verhoudinggeoriënteerd is. Dit blyk dat die Westerse kerke dikwels eerder programgeoriënteerd as verhoudinggeoriënteerd is.

### *1.1.3 Invloed van die postmodernisme*

Die kerk bevind haar in 'n tyd waar daar 'n paradigmaverskuiwing besig is om plaas te vind. Daar word wegbeweeg van 'n blote rasionalistiese of analitiese godsdiens (modernisme) en groter klem val op die belewing van Godsdiens, byvoorbeeld die werklike belewing van die gemeenskap van die gelowiges (postmodernisme) (vgl. Vorster, 1996a:9 ; Van der Walt, 1999b:609). Daar is 'n weerstand teen institusionele funksionering van die kerk en 'n soeke na ware spiritualiteit. Oostenbrink (1996b:2) wys juis op die uitdaging wat aan die Gereformeerde Kerke gebied word om die postmoderne mens te begelei na ware Gereformeerde spiritualiteit.

### 1.1.4 Indiwidualisme

Ongelukkig is Neighbour (1990:61) waarskynlik naby die waarheid as hy sê: "Ours is a generation of 'Lone Ranger Christians'. " Burger (1991:99) sluit hierby aan as hy sê: "Dit is een van die grootste en mees fatale misvattings binne die Christelike geloofsgemeenskap dat daar oor geloofsverhouding met Christus gedink en gepraat word as iets wat 'n mens op jou eie moet kan volhou." Persoonlike mekaarbediening is nou belangriker as ooit.

Kleingroepe bied volgens Burger en Simpson (1996:16) die moontlikheid om soos hulle dit stel "mense te red van die vloek van oordrewe indiwidualiteit."

### 1.1.5 Opkoms van kleingroepe

Die funksionering van die kleingroep geniet nie net binne kerklike kringe aandag nie, maar oor 'n wye front word kleingroepe reeds aangewend in bedryfs-, opvoedkundige-, psigologiese-, mediese- en maatskaplike velde (Barnard, 1979:125; vgl. ook Kotze, 1987:170; Steyn & Uys, 1988:18-19; De Klerk 1998:77). 'n Aantal gemeentes van die Gereformeerde Kerke gebruik reeds kleingroepe in hulle bedieningstrategie. By sekere gemeentes soos Bloemfontein-Wes, Bergbron en Randburg-Oos vorm dit reeds 'n wesenlike deel van die bedieningstrategie. Wêreldwyd is die funksionering van kleingroepe as bedieningstrategie van die kerk aktueel (vgl. Burger & Simpson, 1996:14-15).

Soms is 'n bepaalde bedieningstrategie in 'n gemeente inhiberend in plaas daarvan dat dit diensbaar is vir die funksionering en groei van die kerk en daarmee saam die amp van die gelowige. Hoe kan daar aan al die uitdagings wat die hedendaagse tyd ons bied uitvoering gegee word?

Die vraag is na Bybelgefundeerde, effektiewe bedieningstrategieë wat diensbaar is aan die uitbou van die koninkryk: tot die kwalitatiewe en kwantitatiewe groei van die kerk (Kwalitatief verwys na die opbou, bewaring, geloofsgroei van die kerk, terwyl kwantitatief dui op die vermeerdering, uitbou, getallegroei van die kerk.) 'n Bedieningstrategie wat die gelowige die beste sal help om sy amp ten volle te vervul, is nodig. Elke kerkmodel

(bedieningstrategie) moet die wese van kerkwees dien en daaraan getoets word (vgl. Potgieter, 1995:176-178; Smit, 1995:18-19).

Is groei noodsaaklik? Is kleingroepe Skrifgefundeerd? Hoe funksioneer kleingroepe? Kan en indien wel, hoe kan die dinamika van kleingroepe ten volle benut word tot uitbreiding van die koninkryk en tot eer van God? Kan dit in Gereformeerde Kerke gebruik word?

## 1.2 DOELSTELLING

Die doel van die studie is:

1.2.1 'n Ondersoek na die Skrifperspektiewe oor die bewaring en vermeerdering (kwalitatiewe en kwantitatiewe groei) in die kerk.

1.2.2 'n Ondersoek na die fundamentele aspekte van kleingroepe, m.a.w. wat as grondslag dien vir kleingroepe.

1.2.3 'n Ondersoek na die funksionering van kleingroepe.

1.2.4 Om te ondersoek in watter mate kleingroepbediening ruimte skep vir bewaring (kwalitatief) en vermeerdering (kwantitatief) in die GKSA.

1.2.5 Om riglyne vir die praktiese implementering van 'n kleingroepbedieningstrategie in die GKSA te gee.

## 1.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENTE

Die doelmatige funksionering van 'n kleingroep skep 'n geskikte ruimte waarbinne groei in die kerk kan plaasvind, terwyl baie van die behoeftes/leemtes van ons tyd, soos in die probleemstelling genoem, op 'n Bybels-verantwoordbare manier ondervang word.

## 1.4 METODE

### *1.4.1 Literatuurstudie*

In die metode van ondersoek word daar deur analise en interpretasie 'n ondersoek gedoen na die gegewens vanuit die Skrif en belydenisskrifte i.v.m. bewaring en vermeerdering, die funksionering van die amp van die gelowige en die funksionering van kleingroepe. Eksegese word volgens die grammatikaal-historiese benadering gedoen (vgl. Coetzee, 1997:1-14).

'n Kritiese evaluering van 'n seleksie van oorsese literatuur oor die funksionering van kleingroepe, sowel as literatuur van verskillende denominasies in die Suid-Afrikaanse konteks, sal gedoen word.

Die model van Zerfass (vgl. Heyns & Pieterse, 1990:47-58) word in die mate verdiskonteer dat hoofstukke 2 en 3 grootliks sal fokus op basisteoretiese perspektiewe van onderskeidelik groei en kleingroepe terwyl hoofstukke 4 tot 6 meer fokus op verskillende fasette van die praktykteoretiese perspektiewe. Daar word, waar nodig, verwys na metateoretiese perspektiewe, hoewel hierdie studie fokus op die basisteoretiese vanuit die Skrif wat konkretiseer in die praktyk van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

### *1.4.2 Evaluering vanuit die praktyk*

In die ondersoek sal daar informele skakeling wees met gemeentes wat 'n kleingroepbediening het. Deur waarneming en onderhoude met diegene wat reeds kleingroepbediening in die praktyk toepas, sal gepoog word om die kritiese sin op toepaslike literatuur vanuit die praktyk te verskerp.

### *1.4.3 Afkortings*

Afkortings word volgens die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling (NAV) gedoen.

## 1.5 HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukindeling sal in die ondersoek gevolg word:

Hoofstuk 1: Inleiding.

Hoofstuk 2: Skrifperspektiewe oor groei (kwantitatief en kwalitatief) met besondere verwysing na die rol van die amp van die gelowige.

Hoofstuk 3: Kleingroepe : Fundamentele aspekte.

- ⇨ Beginsel van kleingroepe in die Skrif.
- ⇨ Die effektiwiteit van kleingroepe.

Hoofstuk 4: Die funksionering van 'n kleingroep.

- ⇨ Riglyne vir die funksionering van 'n kleingroep.

- ⇨ Historiese gegewens.
- ⇨ Kleingroepbedieningstruktuur met verwysing na besondere ampte.

Hoofstuk 5: Voordele van kleingroepbediening.

- ⇨ Algemene voordele van kleingroepbediening in gemeentes.
- ⇨ Mate waarin kleingroepbediening leemtes, wat groei in die kerk strem, ondervang.

Hoofstuk 6: Riglyne vir implementering in 'n Gereformeerde Kerk.

- ⇨ Verandering in denke en opvatting.
- ⇨ Leierskapontwikkeling.
- ⇨ Praktiese riglyne vir implementering.
- ⇨ Toerusting aan lidmate.
- ⇨ Wanpraktyke en gevare.

Hoofstuk 7: Finale samevatting van resultate.

8. Bibliografie.

# HOOFSTUK 2
# SKRIFPERSPEKTIEWE OOR GROEI (KWANTITATIEF EN KWALITATIEF), MET BESONDERE VERWYSING NA DIE ROL VAN DIE AMP VAN DIE GELOWIGE

## 2.1 DOELWITTE

Om die volgende aspekte nader te ondersoek:

- Skrifperspektiewe oor die noodsaaklikheid van groei
- God as die subjek van groei
- Die amp van die gelowige se rol in groei
- Aspekte wat deel vorm van groei

## 2.2 GROEI IS DEEL VAN DIE WESE VAN KERKWEES

Om te groei lê in die aard van kerkwees (Vorster, 1994:25). Die tweede bede is juis 'n bede dat die Here die kerk sal bewaar en vermeerder (Heidelbergse Kategismus, antw. 123). Vanuit die indikatief van 'n groeiende kerk kom die Bybelse opdrag om te groei.

In Ef 4:1-16 word die groei van die kerk beskryf as die uitlewing van gelowiges se roeping wat hulle van God ontvang het (vers 1, 16). Hierdie roeping sowel as die indikatief van die eenheid wat die Gees tussen hulle smee (vers 3), die gawes wat elkeen ontvang (vers 7) en die toerusters wat deur God gegee word (vers 11,12), stel gelowiges in staat om te groei en in volwassenheid toe te neem (vgl. Turner, 1994:1238).

Volmaaktheid en volwassenheid van die kerk van Christus realiseer eers met die wederkoms van Christus. Dit wat Christus self volkome sal maak wanneer Hy weer kom, is egter die doel waarna gelowiges nóú reeds moet streef. Daarvoor gee die Here aan die gelowiges gawes (vgl. Turner, 1994:1238; Henry, 1995:913).

Die groeiproses, wat 'n voortdurende proses in hierdie bedeling voor die wederkoms is, is egter nie 'n willekeurige en onbeheerste proses nie. In Ef 4:15 vind ons rigting en parameters

vir voortdurende groei. Die imperatief om te groei is 'n opdrag om spesifiek te groei *in Christus*. Hier is dus nie sprake van enige groei nie, maar van groei gerig om meer en meer die beeld van Christus te vertoon. Die groei is nie net gerig tot Hom nie, maar staan ook onder die beheer van Christus self wat die hoof van die liggaam is (vgl. Turner, 1994:1239).

Robberts (1991:128) is van mening dat nie net *kwalitatiewe* groei in Ef 4 ter sprake is nie maar ook *kwantitatiewe* groei. Hy verwys in besonder na vers 13 waar daar sprake is van "almal" wat tot volle eenheid en kennis van Christus sal kom. "Almal" sluit ook diegene in wat deur die missionêre taak van die kerk in die liggaam van Christus ingebou word.

In Luk 13:18 vra die Here die vraag: "Hoe is die koninkryk van God? Waarmee kan Ek dit vergelyk?" Die beeld wat die Here dan gebruik om die koninkryk van God te verduidelik, is die van 'n mosterdsaadjie wat gegroei het en 'n boom geword het. Vir solank as wat die boom leef, groei hy. Dit is 'n inherente eienskap van 'n boom. As hy nie meer groei nie, gaan hy dood. Die skerppunt van die gelykenis van die Here is juis dat hoewel die koninkryk van God soos 'n mosterdsaadjie klein begin, dit sal groei tot 'n groot boom waarin die voëls kom nesmaak (Mark 13:19; vgl. ook Evans, 1990:210). Dit veronderstel die gegewenheid en voortdurendheid van groei. Die mosterdsaadjie is die kleinste van die saadjies wat algemeen in Palestina gebruik word, maar groei tot 'n groter boom as enige van die tuinplante (Mounce, 1991:130). Hierdeur word nie net die feit van groei aangedui nie, maar ook die besondere potensiaal van groei. Hierdie groei staan egter nie los van die werking van die Heilige Gees en die verkondiging van die Woord nie (Venter, 1986:208; Henry, 1995:696).

Die groei word egter nie voorgestel as 'n momentele en eenmalige skepping nie. Die gelykenis van die mosterdsaadjie, sowel as die gelykenis van die suurdeeg wat daarop volg, dui op 'n klein, skynbaar nietige begin, maar wat mettertyd nie geïgnoreer kan word nie (France, 1994:922). Hierin is nie net die indikatief opgesluit wat vir die gelowiges 'n troos en anker is wanneer dit lyk of daar nie groei is nie (vgl. Cole, 1994:958), maar juis vanuit die indikatief vloei die imperatief om deur die krag van die Heilige Gees self te groei.

Groei het egter een fundamentele voorveronderstelling nl. lewe. Wanneer 'n organisme nie groei nie, is hy in wese dood (Costas, 1983:97).

> Waar daar lewe is, is daar altyd groei! Dit is deel van die karakter van Jesus Christus se kerk dat dit sal groei. Daar is twee rigtings van groei - ten eerste moet die gemeente groei na Christus toe. Dit is die groei in kwaliteit waardeur die gemeente al meer die beeld van Christus dra. Die tweede rigting van groei is die van getalle - dit is 'n groei in kwantiteit. As jy die verskillende beelde vir die kerk in die Nuwe Testament lees, is dit meestal beelde wat groei impliseer. Dink maar aan die groei van die liggaam in Efesiërs, die wingerdstok, die kudde, ens. (Potgieter & Badenhorst, 1997:1.)

Die sentrale tema in Handelinge is groei: kwalitatiewe, kwantitatiewe, geografiese, kulturele en heterogene groei (Werning, 1977:12). Die kwalitatiewe dimensie van groei in Handelinge kom uit in die verwysing na die getrouheid aan God, verering van God, liefde, meelewing en geloof. Onder leiding en bekragtiging van die Heilige Gees, breek die getuienis van die gelowiges uit die beperkinge van menslike faktore en is dit uiteindelik God wat sy kerk laat groei (Venter, 1986:208; Werning, 1977:13). Daar is ten minste 19 duidelike verwysings na kerkgroei in Handelinge (Sisemore, 1983:19).

Die kwantitatiewe groei word ook beklemtoon. Dat getallegroei ook belangrik is, blyk uit die presiese getalle wat telkens in Hand 1:15; 2:41; 4:4; 5:14 en 6:1,7 genoem word (Werning, 1977:13). Kwalitatiewe en kwantitatiewe groei vloei in mekaar en is interafhanklik van mekaar (Venter 1986:214). In Hand 2:41 word vertel hoe mense tot bekering kom, gedoop word en ingetrek word in die gemeente. Kwalitatiewe groei volg: toelê op die Bybelse lering (vers 42), onderlinge meelewing en sosiale aanpassing (vers 45) en in vers 47 die kulturele identifikasie en voortdurende verkondiging van die evangelie. Die omvattende en voortdurende proses van opbou van die gelowiges deur die Heilige Gees blyk uit hierdie kenmerkende eienskappe van *koinonia*, prediking en beoefening van die geestelike gawes wat daar onder die gelowiges in Handelinge was (Venter 1986:211).

In Handelinge kan getallegroei in verskillende geografiese gebiede aangetoon word (vgl. Sisemore, 1983:15-20):

- ⇨ Groei in Jerusalem: Hand 1:1 tot 6:7. Vgl. Hand 6:7 "Die Woord van God het verder versprei, en die getal gelowiges in Jerusalem het geweldig toegeneem."
- ⇨ Groei in Palestina en Samaria: Hand 6:8 tot 9:31. Vgl. Hand 9:31 "In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak

en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe. Die kerk is deur die Heilige Gees versterk, en die ledetal het toegeneem."

- ⇨ Groei in heidenlande: Hand 9:32 tot 12:24. Vgl. Hand 12:24 "Maar die Woord van God het verder versprei en veld gewen."
- ⇨ Groei deur sendingaksies: Hand 12:25 tot 16:5. Vgl. Hand 16:5 "So is die gemeentes in die geloof versterk, en die getal gelowiges het by die dag groter geword."
- ⇨ Groei in stedelike gebiede: Hand 16:6 tot 19:20. Vgl. Hand 19:20 "So het die woord van die Here sy krag getoon en al hoe verder versprei."
- ⇨ Groei in die Romeinse Ryk: Hand 19:21 tot 28:31. Vgl. Hand 28:30-31 "Hy (Paulus) het die koninkryk van God verkondig en die mense alles oor die Here Jesus Christus geleer. Dit het hy gedoen met die grootste vrymoedigheid en sonder enige verhindering."

Hart (1989:15-16) maak die onderskeid van vier tipes groei wat interafhanklik van mekaar is:

- ⇨ Numeriese groei - groei in getalle. 'n Liggaam het voortdurend nuwe weefsel nodig. Nuwe lidmate moet aansluit.
- ⇨ Organiese groei wat kerkregering, finansiële struktuur en leierskapspatrone insluit.
- ⇨ Konseptuele groei wat 'n verdieping in begrip en kennis insluit.
- ⇨ Diakonale groei waarsonder die kerk sy outensiteit en geloofwaardigheid verloor.

Groei is dus in die omvattende sin van die woord deel van die wese van kerkwees.

## 2.3 GOD GEE GROEI

MacArthur (1991:22) wys op die feit dat dit God self is wat die kerk opbou. Die mens is nie in staat daartoe nie. Kerkgroei hang nie van mense, programme of kunsgrepe af nie. God is die enigste bouer. Dit is die Christen se verantwoordelikheid en vreugde om deel te kan wees van God se bouwerk. In die verklaring van die tweede bede volgens die Heidelbergse Kategismus (vr. 123) is die tweede bede juis 'n gebed dat God self sy kerk sal bewaar en laat groei. Groei kom vanuit die verbondsverhouding: "Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal vir My 'n volk wees." (vgl. Gen. 17:7.)

Kolossense 1:18 beklemtoon die intieme en onlosmaaklike verhouding tussen Christus en sy kerk. Christus beheer en versorg self sy kerk. Die kerk ontvang sy groeikrag juis van Christus

as hoof (Breytenbach, 1992:399). In Matt 16:18 sê die Here self: "En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie Rots sal ***Ek my kerk bou***, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."

Christus self, die hoof van die kerk (Ef 4:15), is die bouer van die kerk. Hand 2:47: "En ***die Here het*** elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg." In die Heidelbergse Kategismus (Sondag 21 antw. 54) word ook bely dat die kerk deur Christus "vergader, beskerm en onderhou" word.

Die Heilige Gees gee groei (vgl. NGB art. 24). In Joh 14:16-17, 26 gee Christus die belofte van die Heilige Gees as leidsman en leermeester in die volheid van die waarheid. 2 Kor 3:18 beklemtoon ook die Heilige Gees as die Subjek van groei: "Ons word al hoe meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. **Dit doen die Here wat die Gees is.**"

Hendriks (1992:85) sien die doel van gemeentebou as die "kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou (dit is: geestelike groei tot volwassenheid, die voorkoming van dwaalleer en betrokke raak by die *missio Dei*) van die ekklesia." In ander woorde: die doel van gemeentebou is groei. Gemeentebou, as die werk van God, kan soos volg omskryf word (vgl. Hendriks, 1992:85):

- ⇨ Dit is gefundeer in die uitverkiesende genade van die Almagtige God wat Hom heilshistories-verbondsmatig aan die mens openbaar.
- ⇨ Dit is gebaseer op die kruisversoening en die opstandingsoorwinning van Jesus Christus wat as hoof van die Kerk sy kerk regeer.
- ⇨ Dit is handelend aanwesig deur die lewegewende, kragdadige werking van die Heilige Gees.
- ⇨ Die Drie-enige God bou sy gemeente deur die dienswerk van die gelowiges wat Hy met gawes vir hierdie werk toerus. Die leidinggewende bediening speel hierin 'n grondliggende rol.
- ⇨ Die dienswerk van die gelowiges geskied in die konteks van die liefde, *koinonia*, gehoorsaamheid, kennis, vrede, orde, vreugde, gebed, getuienis, onderrig, die erediens, geregtigheid, dade van barmhartigheid en die voortgaande proses van stryd.

Die werksaamheid van die mens is dus instrumenteel binne die alwerksaamheid van God.

## 2.4 DIE SENTRALE PLEK VAN DIE WOORD VAN GOD

Die verantwoordelikheid van die mens lê daarin om die middele wat die Here gee in die opbou van die kerk, te gebruik in verantwoordelikheid aan Hom. Daarom moet die Woord van God verkondig word. Tog is die groei, m.a.w. die uitwerking van die middele wat God gee, in God se hand soos wat in 2.3 aangetoon is. In Jes 55:11 gee God die versekering:

> So sal die Woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na my toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.

Hand 20:32 beklemtoon dat die Godgegewe boodskap die boodskap van lewe is:

> Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle **op te bou** en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het.

God gee groei deur die verkondiging van die Woord: die Evangelie van Jesus Christus. In die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB art. 7) word die volkomenheid van die Skrif, waar alles wat die mens vir sy saligheid nodig het volkome geleer word, bely.

Die leer van die apostels, d.w.s. suiwere lering, is volgens Oostenbrink (1996b:17) een van die vier wesenskenmerke van die eerste Christelike gemeente. Die volharding in die ware leer is nie bloot 'n individuele opdrag nie, maar ook 'n korporatiewe dissipline volgens Hand 2:43-47. Dit blyk dat die gelowiges hulle geloof (ook die vashou aan die suiwere evangelie) in gemeenskap met mekaar beoefen het.

## 2.5 MENSE IS INSTRUMENTE IN DIE HAND VAN GOD

### *2.5.1 God gebruik mense*

In die opbou van die gemeente, wat Du Plooy en Venter (1996:353) as bouwerk na binne en na buite sien, moet beide die soewereiniteit van God en die verantwoordelikheid van die mens gehandhaaf word. Die evangelie en evangelieverkondiging mag nie vervlak word tot

blote (menslike) veranderingstegnieke nie. God werk *ten spyte* van sy kerk se ongehoorsaamheid. God werk egter ook *deur* sy kerk - en sy werk word meer sigbaar waar sy kinders gehoorsaam met Hom meewerk in sy opbouwerk (Du Plooy & Venter, 1996:358). Die soewereiniteit van God en die menslike verantwoordelikheid moet in 'n spanninglose a-polêre verhouding gehandhaaf word (Du Plooy & Venter, 1996:358).

In 1 Kor 3:6 word die mens as instrument in die hand van God aangedui waar Paulus skryf: "Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het." God gebruik mense as deel van sy plan en gee aan die gelowige 'n bepaalde verantwoordelikheid binne die geheel van sy plan.

Burger en Simpson (1996:30) meen dat 'n mens 'n vaste manier van werk in die Bybel opmerk nl. dat God juis mense gebruik om ander mense te help. 'n Persoon wat gewillig is om 'n instrument in die hand van die Here te wees, kan 'n groot verskil maak in ander mense se lewens.

Die Heidelbergse Kategismus (antw. 55) wys nie net op die feit van onderlinge opbou nie, maar ook op die verpligting om daaraan mee te werk: "...elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend."

Deur die apostels gee die Here meer inligting oor die wyse hoe Hy sy kerk bou. Die Here gebruik gelowiges, en juis gelowiges wat in opregtheid en regverdigheid voor God leef. Daarom word die gelowiges (destyds en vandag) onderrig in lofprysing, gebed, lering, 'n heilige lewe en tug, om so toegerus te wees vir hierdie opbouwerk waarin die Here hulle wil gebruik (vgl. MacArthur, 1991:24).

Ongelukkig is daar dikwels in die praktyk van die gereformeerde kerke steeds die onderskeid tussen sg. "klerus" en "leke". Dit laat gelowiges onaktief, aangesien hulle meen dat hulle nie gekwalifiseerd is om in die kerk te kan dien nie. Hierdie onaktiwiteit werk stremmend op hulle eie geloofsgroei, aangesien die diens (amp) van die gelowige wesenlik deel is van Christenwees (vgl. Nel, 1994:52,69).

God gee groei o.a. deurdat Hy aan elke gelowige gawes gee wat instrumenteel is tot groei (Sisemore, 1983:40). Daarom is die amp van elke gelowige wesenlik deel van die Godgegewe groei in die gemeente. Die menslike verantwoordelikheid word omsluit en vorm terselfdertyd deel van die werk van God.

Die liggaam (waarvan elke gelowige deel is) bou **homself** op onder leiding en toerusting van die besondere ampte met Christus as hoof van die liggaam (Ef 4:1-16).

Die diens (amp) van die gelowige is noodsaaklik in die groei van die gemeente. Daarin is beide die *indikatief* (soewereiniteit van God) en *imperatief* (verantwoordelikheid van die mens) opgesluit (vgl. Du Plooy 1999:24). God roep tot 'n amp (indikatief) en die gelowige dien in 'n amp (imperatief).

'n Nadere omskrywing van die amp van die gelowige is dus nodig.

### *2.5.2 Die begrip "Amp van die gelowige"*

Die begrip amp van die gelowige kom nie in die Bybel voor nie, maar die saak wel. Die woord amp het in sy oorsprong die betekenis van beroep, taak en arbeid en dan primêr op die terrein van die "gewone, natuurlike" menselewe. (Wolfaard, s.a.:6).

Op kerklike terrein kry die naam "amp" die betekenis van 'n *spesiale geestelike bediening*. Dit kry selfs dieper betekenis wanneer die woord toegepas word op die Middelaarswerk van Christus in die drie fasette van sy profetiese, priesterlike en koninklike amp, en van Hom uit in die drievoudige amp van alle gelowiges (Wolfaard, s.a.:6).

Die woord wat in die Bybel gebruik word om amp aan te dui is diens (*diakonia*) (Jordaan, 1994:6). Paulus noem homself en almal wat die Woord van God bedien "dienaars van die Woord." 'n Mens sou dus met reg kon praat van die diens van die gelowige wat die klem plaas op die inhoud van die amp van die gelowige en ook hiërargiese gedagtes teëwerk (Wolfaard, s.a.:6).

'n Paar Skrifgedeeltes word nou nader ondersoek om die verskillende fasette van die amp van die gelowige wat nodig is vir groei (opbou en uitbou van die liggaam van Christus) uit te lig.

In die gekose gedeeltes word die korporatiewe eenheid binne die liggaam sowel as die belangrikheid van elke afsonderlike deel daarvan, beklemtoon (vgl. Dreyer, 1986:25).

### 2.5.2.1 Efesiërs 4:1-16

In die eerste vers word die basis gelê vir die res van die hoofstuk: "Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het." In die vorige hoofstukke is aan die Efesiërs vertel ***wie*** hulle is. Vergelyk Ef 1:4 (in Christus uitverkies), Ef 1:7 (deur Christus verlos), Ef 1:13 (deur die Heilige Gees as eiendom van God beseël), Ef 2:8 (uit genade gered, deur geloof) en Ef 2:19 (nie ver van God af nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God). Nou, omdat hulle weet ***wie*** hulle is en watter roeping hulle ontvang het, moet hulle in ooreenstemming daarmee leef. Die basis van die gelowiges se dienswerk as liggaam van Christus is dus om eers te weet wie hulle is. Die dienswerk is 'n gevolg van hulle afsonderlike en gesamentlike identiteit in Christus (vgl. Van't Zand, 1985:3).

Dit is dus duidelik dat elkeen wat in Christus is, 'n bepaalde identiteit het en daarom ook 'n bepaalde funksie en dienswerk het wat hy moet verrig. Die amp (diens) van die gelowige is dus, soos die naam aandui, alleen vir gelowiges, maar terselfdertyd ook vir elke gelowige. Vers 12 praat van die heiliges (gelowiges) wat toegerus word om die dienswerk te verrig en vers 16 plaas die klem verder op elkeen se bydrae. Die verskillende gawes wat deur God gegee word, is nou verbonde aan twee aspekte wat eintlik op mekaar volg (vgl. Turner, 1994:1238-1239):

- ⇨ Die toerusting van die gelowiges vir hulle dienswerk (vers 12).
- ⇨ Sodat die liggaam van Christus sal groei (vers 16).

Hierdie diens vanuit die identiteit in Christus geskied in 'n bepaalde gesindheid. Ef 4:2 fokus op hierdie gesindheid: "Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig en verdra mekaar in liefde." Dit is die boustene van die liggaam van Christus (Van't Zand, 1985:4). Die gelowiges moet hulle ook inspan om die eenheid, wat deur hulle verbondenheid met Christus tussen

gelowiges bestaan, te handhaaf. Die indikatief (gegewenheid) van die eenheid waarin die imperatief (opdrag) tot eenheid rus, is gesetel in die drie-enige God self wat volgens vers 5 "oor almal is, deur almal werk en in almal woon." (vgl. Roberts 1991:112.) Dit gaan hier nie bloot om 'n paar formele take as gelowiges te verrig nie, maar eerder om op 'n bepaalde manier te lewe.

Die Here self gee die gawes aan sy kinders om dienswerk te verrig. "Aan elkeen van ons is 'n gawe gegee in die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het." (Ef 4:7.) Diens en die gawes wat ons van God ontvang, is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Ritter (1976:27) wys daarop dat charisma en diens vir Paulus nie teenoormekaar staan nie:

> ...charisma and ministry are not contrasting terms for Paul; rather his apostolê (ministry) is his unique charisma whereby charisma is specifying his ministry as a manifestation of God's grace.

In sy verklaring van Ef 4:7 sê Hendriksen (1968:188) dat die regte gebruik van die gawes drie aspekte impliseer:

- ⇨ Die gelowige moet erken dat dit 'n gawe is wat hy nie deur sy eie vermoë verkry het nie.
- ⇨ Elkeen moet erken dat sy gawe slegs een van baie is en beperk is.
- ⇨ Elkeen moet gretig wees om sy gawe nie tot sy eie voordeel nie, maar tot voordeel van die hele liggaam en so tot eer van God te gebruik.

Roberts (1991:117) sluit hierby aan deur daarop te wys dat Christus bepaal watter gawe elkeen kry en dat Hy aan elkeen die spesifieke gawe volgens Sy besluit gee, met die doel dat elkeen met daardie gawe of gawes kan dien.

Elke gelowige besit 'n gawe, maar 'n indiwiduele gelowige se gawe is beperk. Slegs wanneer al die gelowiges hulle gawes tot diens van die liggaam gebruik, funksioneer die liggaam ten volle en kan die liggaam homself opbou (Ef 4:16). So kom die gelowiges tot werklike eenheid (Ef 4:13, vgl. ook Rom 12:4-8). Die groei van die gelowige is nie indiwidualisties nie, maar korporatief as deel van die liggaam, aangesien een gelowige nie al die gawes het nie. So word elkeen dus gedwing om hom te laat bedien deur ander en ander te bedien (vgl. Dreyer, 1986:33).

Die groei en opbouproses van die liggaam word nie gestel as 'n potensiaal nie, maar eerder as 'n inherente, funksionerende eienskap van die liggaam. Daar moet altyd voortdurende groei in die gemeente wees (vgl. Van't Zand, 1985:6).

Die hele funksionering van die liggaam is egter aan die hoofskap van Christus onderworpe. Alleen in en deur Hom is koördinasie en werklike groei moontlik (vgl. Ef 1:22, Ef 4:15, Kol 1:18).

Uit die gedeelte is dit dus duidelik:

⇨ Die amp van die gelowige geskied as uitlewing van 'n bepaalde identiteit in Christus (vers 1)

⇨ Aan gelowiges, maar wel aan ***elke*** gelowige is gawe(s) gegee (vers 7,12,16).

⇨ Gawes moet gebruik word tot opbou van die liggaam van Christus m.a.w. gelowiges moet mekaar opbou onder die hoofskap van Christus (vers 16).

⇨ Gelowiges moet mekaar dien in 'n gesindheid van liefde, beskeidenheid en vriendelikheid (vers 2).

### 2.5.2.2 1 Korintiërs 12:12-31

In hierdie gedeelte handel Paulus oor die liggaam van Christus wat bestaan uit baie verskillende lede wat interafhanklik van mekaar is.

Elke gelowige is 'n lid van die liggaam van Christus (vers 27). Elke lid het 'n belangrike en onmisbare rol om in die liggaam te speel. So kan geen lid sê dat hy 'n ander lid nie nodig het nie (vers 14-16). Dit impliseer egter ook dat geen lid mag sê dat die ander lede van die liggaam hom nie nodig het nie. Die interafhanklikheid en die invloed van die een op die ander word verder beklemtoon deur vers 26 "As een lid ly, ly al die lede saam; as een lid geëer word, is al die lede saam bly." Vanuit 1 Kor 12:15-16 word duidelik geïllustreer dat elke lid van die liggaam sy besondere en onmisbare taak het. Die taak wat hom opgelê is en waartoe hy ook bekwaam gemaak is deur die Gees, moet hy getrou en sonder afguns verrig. Wanneer elkeen sy besondere taak komplementêr tot die taak van die ander verrig, vervul die liggaam sy hele roeping (vgl. Malan, 1979:17; Blomberg, 1994:246).

Ons kry dus 'n verskeidenheid binne die eenheid. Daar is maar een liggaam wat as eenheid moet funksioneer, maar daar is 'n verskeidenheid van gawes en funksies wat aan elkeen van die afsonderlike lede toegedeel word. Die interafhanklikheid van die afsonderlike dele spruit uit die gegewe eenheid van die liggaam. Die eenheid staan hier nie in die imperatief nie, maar eerder as die indikatief. Nou reeds is die gelowiges as eenheid saamgebind in Christus. Die verskeidenheid en eenheid moet albei erken en uitgeleef word. Groei word juis gestrem wanneer die verskeidenheid misken word of wanneer die verskeidenheid geskeidenheid word (vgl. Van't Zand, 1985:7-8).

God self het bepaal dat die liggaam (kerk) uit baie verskillende lede bestaan wat interafhanklik van mekaar is (1 Kor 12:18). God gee aan elkeen gawes wat gebruik moet word tot die opbou en die uitbou van die gemeente. In Korintiërs word die interafhanklikheid, onderlinge verbondenheid, samewerking en verantwoordelikheid beklemtoon (Breytenbach, 1992:399).

Saam met Bruce (1971:122) kan dit soos volg opgesom word:

> All this bespeaks the providence with which God has arranged the various parts of the body and adjusted their functions and relations so that they are all interdependent.

Hierdie interafhanklikheid impliseer dus dat:

- ⇨ Elkeen sy funksie moet verrig as die liggaam werklik wil funksioneer en groei.
- ⇨ Daar kontak en geleentheid moet wees om ander te dien, maar ook om bedien te word.

Vervolgens word 1 Pet 4 ondersoek om moontlik lig te bied op die diens aan mekaar.

### 2.5.2.3 1 Petrus 4:7-11

"As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien." (vers 10.) Geen gawe is dus alleen vir die ontvanger daarvan nie, maar moet ook tot diens van ander gebruik word. Groenewald (1977:78) wys daarop dat die Here deur die Gees genadegawes na die eis van die omstandighede skenk om besondere diens te verrig. Genadegawes dien nooit om die enkeling

bo die medegelowiges te verhef nie. As dit tot selfverheffing en eie roem lei, lewer dit nie meer diens nie, maar het selfsug die plek ingeneem van liefde.

Die posisie van die gelowige is slegs bedienaar van die gawe van God. Die gawe is nie die besit van die bedienaar nie, maar word aan hom geskenk om te dien (vgl. Van't Zand, 1985:12). Die gawes kan en mag dus nie verberg word nie, maar moet gebruik (bedien) word in verantwoordelikheid aan die Gewer van die gawes wie rekenskap eis oor die gawes wat aan elkeen toevertrou is (vgl. Luk 11:19-26). God self behou die eienaarskap van die gawes. Marshall (1991:146) wys op die noue verband tussen gawe en genade wat beklemtoon dat God die gawe nie net aan "gekwalifiseerde" persone, of aan "verdienstelikes" gee nie, maar uit genade aan elke gelowige, om daarmee te kan dien.

Die verskeidenheid word hier ook aangedui deur die term "veelvoudige" genade van God. Dit neem baie vorme aan en word openbaar in 'n ryke verskeidenheid van gestaltes. Soos mense verskil en die situasie van elke dag verskil, so gee God ook 'n ryke verskeidenheid van gawes (Groenewald, 1977:79).

Die dienswerk van die gelowige bestaan in die eerste plek uit onderlinge liefde: "Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê." So stel Paulus dit ook in 1 Kor 13 waar die liefde beskryf word as "Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is:..." Sonder liefde word alle dienswerk blote formaliteit. Liefde vir mekaar is die basis vir diens aanmekaar, maar soos wat die gelowiges mekaar dien sal hulle liefde vir mekaar ook groei (Marshall, 1991:143).

Elkeen van die gelowiges het 'n gawe of gawes om te beoefen. Elkeen het deur die krag van God 'n verantwoordelikheid om na te kom teenoor God en medegelowiges (Wheaton, 1994:1382). Henry (1995:981) beklemtoon dat die doel nie selfverheerliking is nie, maar om God, die fokuspunt van die gelowige se dienswerk, te verheerlik.

God gee dus gawes sodat gedien kan word in nederigheid en liefde.

Uit bg. gedeeltes is die volgende duidelik:

⇨ Elke gelowige staan afsonderlik, maar ook saam onder die hoofskap van Christus.

⇨ In Christus het die gelowige 'n bepaalde identiteit.

- ⇨ Vanuit sy identiteit in Christus is elke gelowige geroep tot diens.
- ⇨ Diens word verrig deur elke gelowige volgens die verskeidenheid van gawes en funksies van die verskillende lede van die liggaam.
- ⇨ Elke gelowige besit 'n gawe van die Heilige Gees.
- ⇨ God gebruik die dienswerk van elke gelowige tot kwalitatiewe en kwantitatiewe groei van die liggaam.

### 2.5.2.4 Mekaarbediening tot opbou

Die "mekaarbediening" kom baie sterk in 1 Pet 4 na vore:

> "...moet julle mekaar hartlik liefhê... " (vers 8)
> "Wees gasvry teenoor mekaar..." (vers 9)
> " ... die ander dien." (vers 10)

George (1992:129-132) haal 59 "one another" tekste aan en lê klem op die feit dat elkeen in die bediening staan om mekaar te bedien. Versteeg (1980:93-94) meen dat die onderlinge verbondenheid van gelowiges in Christus (*er-met-elkaar-zijn*), die basis is vir die diens aan mekaar (*er-voor-elkaar-zijn*). Venter (1972:86-87) wys daarop dat die gemeentelede vanuit die kerk as verbondsgemeenskap, belydenisgemeenskap en dienende gemeenskap op mekaar moet ag slaan (1 Tess 5:14); vir mekaar bid (Jak 5:16); mekaar liefhê (1 Joh 4:12); gasvryheid teenoor mekaar bewys (Rom 12:13) mekaar vermaan (1 Tess 5:14); mekaar dien (Gal 5:13); 'n helpende hand reik vir die liggaamlike en geestelike noodlydende (Jak 2:15-16); mekaar vergewe (Kol 3:13); mekaar bemoedig, versterk en ondersteun (Gal 6:2); volle verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar (Matt 23:8) en mekaar tot stigting dien (Ef 4:29).


Mekaarbediening is dus wesenlik deel van kerkwees en noodsaaklik vir groei. Gelowiges moet verantwoordelikheid neem vir mekaar. Gal 6:1: "Broers, as iemand in een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom." Die gelowiges het dus die verantwoordelikheid om versigtig te leef sodat hulle nie self val nie, maar terselfdertyd het hulle ook 'n verantwoordelikheid teenoor die wat wel in sonde val. Daar mag nie 'n hoogmoedige houding ingeneem word teenoor die wat wel in sonde val nie. Gelowiges vervul 'n instrumentele rol in die heelmaakproses nadat iemand in sonde geval het (vgl. Silva,

1994:1219). Gal 6:2: "Dra mekaar se laste en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus." Hendriksen (1968:232) verklaar Gal 6:2 so:

> This does not merely mean "Tolerate each other," or "'Put up with each other." It means: "Jointly shoulder each member's burdens." Everybody should put his shoulder under the burdens under which this or that individual member is groaning, whatever these burdens may be. They must be carried jointly.

Die "mekaarbediening" is nie net daarop gerig om moeilike situasies (negatiewe groei) te verhoed en te hanteer nie, maar ook om positiewe groei te stimuleer. Hebr 10:24: "Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade." In sy verklaring van die vers wys Peterson (1994:1344-1345) op die verantwoordelikheid van elke gelowige om, deurdat ons saam deel het aan Christus, mekaar te bedien deur aanmoediging. Hierdie aanmoediging is nie net om ander op te roep om die gemeentelike samekomste by te woon nie, maar ook om dit self by te woon deurdat die gesamentlike byeenkomste op sigself verder dien as onderlinge aansporing tussen gelowiges.

Die sorg in die kerk kan soos in figuur 1 voorgestel word (vgl. Van Tonder, 1991:72-84):




**Figuur 1. Die sorg in die kerk**

Die basiese sorg is die selfsorg en mekaarsorg wat volgens bogenoemde gedeeltes die verantwoordelikheid van elke gelowige is. Sorg dra vir mekaar, ook vir mekaar se geestelike groei, val binne die taak van die amp van die gelowige.

Die *self*sorg en *mekaar*sorg vorm dus die basis van die sorg in 'n gemeente. Dit wat nie daar hanteer kan word nie, word deur die amptelike sorg hanteer (besondere ampte) en intensiewe probleme moet pastoraal deur 'n toegeruste persoon hanteer word. Hierdie beginsel vind ons ook in die raad wat Jetro aan Moses gegee het in die hantering van probleme. Hy moes betroubare manne aanstel oor tien, vyftig, honderd en duisend. Hulle moes probleme hanteer en alleen onopgeloste sake moes na hom, Moses, verwys word (Eks 18: 20-23; vgl. ook George, 1992:121).

Sonder effektiewe self- en mekaarsorg raak amptelike en pastorale sorg te veel (soos by Moses). So 'n situasie lei nie net tot onvoldoende en oppervlakkige sorg nie, maar is vanuit die Skrifbeginsels hierbo onhoudbaar, omdat dit die gevolg is van die versaking van die gelowiges se onderlinge mekaarsorg. Wanneer liggaamsdele nie versorg of swak versorg word, strem dit die groei van die hele liggaam.

Vir die groei van die gemeente is die uitoefening van die tug noodsaaklik. Die korrektief van die Skrif moet in liefde herstel bring waar daar "vergroeiings" en "verkeerde groei" is. Die tug word primêr tussen gelowiges onderling uitgeoefen en is deel van mekaarbediening (vgl. Spoelstra, 1989:395). Die welbekende Matt 18:15-17 dui juis hierdie weg aan waar betrokke gelowiges eers onderling tug toepas, dan saam met een of twee medegelowiges en eers dan amptelik deur die gemeente. Ook Hebr 10:25 dui die tug as 'n opdrag van elke gelowige aan: "Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan,...". Die OAV vertaal die vers met "laat ons mekaar vermaan" (*parakaleo*). Hier val die klem eerder op die aanmoedig en uitnooi aspek van die tug. Met verwysing na Hebr 10 toon Malan (1979:16) aan dat die kerk nie net suiwer gehou word deur afsnyding nie, maar ook - en voordat daar tot afsnyding oorgegaan word - deur aanmoediging, hulp en onderrig. Die Heidelbergse Kategismus vraag 85 omskryf die uitoefening van die tug eerstens as "herhaalde kere broederlik vermaan" d.w.s. vermaning tussen medegelowiges.

Waar 'n sondaar heimlik vermaan is, en hy berou getoon en hom daarvan bekeer het, moet dit nie voor die kerkraad gebring of openbaar gemaak word nie (Kerkorde art. 73 van die GKSA, vgl. ook Spoelstra, 1989:394).

Die funksionering van die amp van die gelowige tot die groei van die kerk behels dus ook:

- ⇨ Verantwoordelikheid neem vir mekaar onderling (mekaarsorg) en wel fisies, psigies en geestelik.
- ⇨ Liefdevolle vermaning van mekaar (tug).

### *2.5.3 Na buite gerigte bediening as gestalte van groei (uitbou)*

Die opdrag tot kwantitatiewe groei impliseer dat die kerk ook na buite gerig moet wees. Die verantwoordelikheid neem vir mekaar en die dienswerk (amp) van die gelowige is nie alleen na binne gerig nie.

Daar is geen duideliker opdrag tot "na buite gerigte bediening" as Matt 28:19 en Mark 16:15 nie. Hierdie opdrag geld soos Hendriksen (1973:999) aantoon vir die dissipels, maar ook vir die kinders van die Here in die algemeen, d.w.s. elke gelowige. Van't Zand (1985:42) toon aan dat die missionêre taak van die kerk (d.w.s. ook van elke lid daarvan) opgesluit lê in die uitsprake van Jesus Christus: "Julle is die sout vir die aarde." en "Julle is die lig vir die wêreld." (Matt 5:13,14.) Waar die gelowige ookal beweeg, moet hy 'n soutende sout en 'n skynende lig tot uitbreiding van die koninkryk van God wees.

Die feit dat God mense, en wel gelowiges individueel en gesamentlik, gebruik vir die opbou en uitbou van sy kerk, staan in skerp kontras met die volgende bedieningspatrone en gesindhede

- ⇨ 'n Sogenaamde predikantskerk.
- ⇨ 'n PGO-kerk (Program Georiënteerde Ontwerp) waar 'n klomp programme deur 'n klein groepie "bestuurders" uitgevoer word
- ⇨ 'n Kerk met 'n oorwerkte minderheid en 'n onbetrokke meerderheid.
- ⇨ 'n Gesindheid van: hoe bedien die kerk my i.p.v. hoe kan ek dien?

Die Christene se opdrag is nie om iets vir die kerk te doen nie, maar om die kerk te wees (vgl. Ritter, 1976:39).

Kwalitatiewe en kwantitatiewe groei deur die funksionering van die amp van die gelowige soos hierbo uiteengesit, is nie maar net 'n ideaal wat nooit werklik bereik kan word nie. Gelowiges kan in werklike geloofsverhoudings onder die hoofskap van Christus mekaar opbou. Daarvan is die eerste gemeentes 'n voorbeeld. Die situasie is egter nie meer dieselfde as in die eerste gemeentes nie, juis daarom moet daar na bedieningstrategieë gekyk word wat in die twintigste en een en twintigste eeu dieselfde beginsels laat funksioneer.

### *2.5.4 Korporatiewe getuienis van 'n gemeente as geheel*

Deur die sigbare funksionering van die liggaam van Christus (kerk) is die kerk 'n getuienis vir die wêreld, as korporatiewe vergestalting van Christus. Die wêreld hoor nie net die evangelie deur die getuienis van die gelowiges nie, (vgl. 1 Kor 14:3, 1 Pet 4:11, Hand 8:4,) maar sien en beleef die evangelie deur die daadwerklike funksionering van die liggaam van Christus. Opmerklik dat die eerste gemeente in Hand 2 hulle toelê op die onderlinge verbondenheid (*koinonia*), eensgesindheid, onderlinge versorging waarna vers 47 eindig met "En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg" Hier is dus nie sprake van 'n na-binne-gerigte kliek nie. Die korporatiewe (gesamentlike) getuienis van die gemeente impliseer 'n oop deur waardeur mense ingenooi en in liefde ontvang word.

In Hand 2 het die lewe en gebeure in die eerste gemeente verskillende reaksies op die buitestanders gehad (vgl. Oostenbrink, 1996b:16).

- Almal is met diep ontsag (vrees) vervul (2:43).
- Die hele volk was hulle goedgesind (2:47b).
- Mense het deur die Here se beskikking tot bekering gekom en deel van die gemeente geword (2:47c).

Die gemeente-aktiwiteite en leefwyse word korporatief (as geheel) gebruik in kwalitatiewe en kwantitatiewe groei. Nie alleen individuele lidmate nie, maar ook die gemeente as geheel word instrument in die Hand van die Here in die opbou (groei) van die kerk.

### 2.5.5 *Die rol van gebed deur gelowiges*

Gebed is 'n geestelike dissipline wat volhardend beoefen moet word. Wanneer gelowiges eensgesind saam bid, kom iets van die onderlinge geloofsband tot uiting (Oostenbrink, 1996b:19). Juis vanuit die belydenis dat dit God is wat groei gee, verenig gelowiges saam in gebed om daardie belofte van God af te bid en stel hulle hulleself so as instrumente in die hand van God.

Sonder gebed word die aktiwiteite van die indiwiduele gelowige, sowel as die van die gemeente gesamentlik blote mensewerk wat nie meer met die naelstring van gebede aan God gebind is nie. Eiewillige en mensgesentreerde handeling verdring die leiding van die Heilige Gees.

Onder 'n opskrif " 'n Groeiende kerk is 'n biddende kerk" noem Buys en Venter (1994:339) dat daar met betrekking tot groei o.a. voortdurend gebid moet word:

- ⇨ dat God die nodige gewillige medewerkers vir georganiseerde en gestruktureerde evangelisasiewerk sal gee (Matt 9:38);
- ⇨ dat die mense wat die evangelie hoor se harte deur die Heilige Gees oopgemaak sal word (Kol 4:2);
- ⇨ dat die Heilige Gees aan die wat die praatwerk doen, die nodige vrymoedigheid, insig en oortuigingskrag sal gee (Hand 4:29; Ef 6:19);
- ⇨ vir nuwe gelowiges se geloofsgroei en bewaring teen die aanvalle van die duiwel (Fil 1:9-10);
- ⇨ vir enige spesifieke behoeftes in die werk van die Here (Fil 4:6);
- ⇨ dat gelowiges medewerkers sal wees in die verkondiging van die evangelie (Rom 15:30).

In Hand 2:42 waar die funksionering van die eerste gemeente beskryf word, noem Oostenbrink (1996b:17) gebed as een van die vier wesenskenmerke van die eerste Christelike gemeente. Die groei wat in vers 47 genoem word, vloei voort vanuit die funksionering van die gemeente waarvan gebed 'n prominente deel vorm. Ook uit Hand 3:1 blyk dat die Christene hulle gehou het by die Joodse gebruik om vir bepaalde gebedstye in die tempel of sinagoge bymekaar te kom (Oostenbrink, 1996b:18).

Deur die konkrete aanskoue en belewing van die onderlinge liefde word ook die buitekerklike in die liefdeskring ingetrek. Binne die bedding van omgee, mekaarbediening, aanvaarding, liefde en onderlinge sorg, kan die saad van die evangelie ontkiem tot uitbreiding van die koninkryk van God. "Vanuit die *koinoniale* bestaanswyse van die gemeente word die gemeente wat deur God tot diens (*diakonia*) met genadegawes toegerus is, missionêr opgebou" (Nel, 1994:246).

*Koinonia* word deur Vorster (1996b:473) beskryf as die "driehoekige verhouding" wat tussen gelowiges en Christus en gelowiges met mekaar bestaan. Veral in die tyd van die opkoms van die postmodernisme is daar 'n groot behoefte aan onderlinge meelewing en saamvoel. Mense het egter wel die behoefte aan onderlinge verbondenheid, wat ook 'n Bybelse eis is, maar hulle weet nie hoe om daarin te leef nie. Die "veiligheid" van die bekende indiwidualistiese manier van leef, strem mense dikwels om by mekaar uit te kom in ware *koinonia*.

Vorster (1996a:467-480) noem die volgende as struikelblokke vir ware *koinonia*:

- ⇨ Westerse indiwidualisme: die mens is primêr op sy eie behoeftes ingestel en sy lewe op homself gerig. Die mens het die behoefte aan egte gemeenskapsbelewing, maar hy is vanweë die manipulasie deur die modernisme en sy indiwidualistiese aard, nie in staat om 'n aktiewe en bydraende deel van die gemeenskap te wees nie.
- ⇨ Groeiende verstedeliking: 'n Groter mobiliteit van mense, 'n gerigtheid na binne, die verskuiwing van die kerk se funksie na maatskaplike dienslewering en die vinnige lewenstempo in die stad, dra daartoe by dat die stadslewe eerder 'n stremmende as bydraende faktor in *koinonia*-belewing is.
- ⇨ Verouderde bedieningspatrone: ten spyte van groot maatskaplike veranderinge het die bedieningsmodel van die Gereformeerde Kerke oor die afgelope eeu min verander. Die instituutmodel is steeds duidelik sigbaar in die bediening van die Gereformeerde Kerke.

Dit is 'n dwaling om te beweer dat 'n mens deel kan hê aan Christus en nie deel hoef te hê aan die ander liggaamsdele van Christus nie (Potgieter 1998:20; 1 Kor 2:12-20; Heidelbergse Kategismus antw. 55). Juis in ware *koinonia* en deelwees van die liggaam, kan die liggaamsdele opgebou word.

## 2.6 GROEI-EVALUERING

Groei-evaluering word o.a. in Op 2 en 3 beskryf waar die kwaliteit van die 7 gemeentes beoordeel word. In Efese was daar nie meer soveel liefde nie (Op 2:4). Sardis is geoordeel as 'n dooie kerk (Op 3:1). Laodisea was lou en selftevrede (Op 3:15). Aan die ander kant word ook die positiewe genoem bv. die gemeente in Pergamum wat getrou bly aan die Naam van die Here (Op 2:13); die liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding van die gemeente in Tiatira (Op 2:19); die gemeente in Sardis wat vashou aan die boodskap van God (Op 3:8). In die konkrete situasie van elke gemeente is daar dus iets van 'n evaluering gedoen (vgl. Hendriksen, 1977:51).

Volgens Jak 2 word die konkretisering van die geloof in die praktyk van elke dag beklemtoon. Juis deur die werke en dade word die geloof sigbaar: "..., en ek sal jou my geloof wys uit my dade." (Jak 2:18.) Dit wat gedoen word en wat sigbaar realiseer is dus iets van 'n openbaring en maatstaf van die onsienlike (geloof). Dit impliseer dat die gelowige die kwaliteit en kwantiteit van sy geloofsdade kan en moet evalueer. Dit kan sekerlik nie sonder die leiding van die Heilige Gees en sonder die maatstaf van die Woord gedoen word nie. Tog het die gelowige die verantwoordelikheid om seker te maak dat geloof nie bloot 'n teoretiese oortuiging is nie, maar dat dit realiseer in die praktyk van die lewe hier en nou.

In die voortdurende proses van spieëling en evaluering van 'n gemeente in die Woord van God, sal die spesifieke groeipunte en strempunte tevoorskyn kom. Groei moet ook gemeet word, omdat groei deel is van die wese van kerkwees (vgl. 2.2).

Van Schalkwyk (1998:mededeling) meen dat groei volgens twee maatstawwe gemeet kan word, nl. opkomste en inkomste. Sekerlik kan dit nie verabsoluteer word nie, aangesien bepaalde faktore soos verstedeliking, beskikbare werksgeleenthede en veiligheid-situasies ook 'n rol in 'n bepaalde gebied speel. Tog, opkomste en inkomste is die vrug, die uiterlike manifestasie van innerlike en Godgegewe groei. Wanneer mense tot bekering kom, groei getalle. Wanneer mense groei in hulle geloof soek hulle die samekomste van die gemeente op en is hulle hand oop vir koninkrykswerk. Die doelwit is dus nie bloot om meer mense en

meer geld te kry nie, maar opkomste en inkomste is wel menslike meetbare maatstawwe om groei te evalueer.

De Klerk (1998:79) maan egter dat korporatiewe kerklike meelewing (kerkbesoek, deelname aan kerklike aktiwiteite en kerklike bydraes) nie verabsoluteer moet word om persoonlike geloofslewe te beoordeel nie, aangesien indiwiduele geloofsontplooing, in ons tyd, sterk op die voorgrond staan. Daar is baie mense wat in hulle eie ruimtes hulle geloof uitleef. Kerklike meelewing alleen, is volgens De Klerk (1998:79), 'n eensydige maatstaf om 'n vol of leë geloofslewe te meet. Intieme persoonlike gesprek is ook nodig om mense se geloofslewe te peil.

Hoewel getallegroei nie 'n kenmerk is van 'n ware kerk nie, is Buys (1988:15) van mening dat 'n ywer vir en verlange na getallegroei van die kerk wel 'n kenmerk van 'n Skrifgetroue kerk is. Buys (1988:15) wys daarop dat 'n siening van: "dit maak nie saak of die kerk groei nie, solank die kerk net getrou bly aan die suiwere leer" in wese 'n kontradiksie is, aangesien 'n getrouheid aan die leer juis behels om getrou te wees om uit te gaan om die evangelie van Christus te verkondig.

Wanneer die kerk opnuut sy roeping tot evangelisasie en voortdurende reformasie uitleef, is dit egter moontlik dat die getalle kan krimp: nominale Christene kan eerder die kerk verlaat as om die volle implikasies van *Missio Deo* uit te leef. Tradisionaliste wat tradisie verabsoluteer (gelyk of bo die Skrif stel) kan die kerk verlaat a.g.v. van veranderinge en tradisies (gewoontes) wat verbreek word (vgl. Cooper, 1989:19). Getalle moet dus altyd in die lig van die spesifieke omstandighede geïnterpreteer word.

## 2.7 BEDIENINGSGESTALTES VIR GROEI

God gebruik volgens sy besluit en wil sekere "bestanddele" in die opbou van sy kerk, alhoewel Hy in sy almag nie daardeur gebind hoef te word nie. Tog bind Hy op 'n besondere manier Homself aan hierdie dinge.

Ons vind dit byvoorbeeld in Rom 10 waar die Here die geloof bind aan die verkondiging van die evangelie deur 'n gestuurde (Rom 10:14-15). Sonder die verkondiging van die evangelie

waardeur iemand dit kan hoor nie, kan daar nie geloof wees nie. In 2 Tim 4:2 word Timoteus aangemoedig om die Woord, wat volgens vers 3:16 groot waarde het om 'n regte lewenswyse te kweek, tydig en ontydig te *verkondig*. Onderrig in die waarheid en groei in suiwere leer en lewe vind plaas deur die bediening van die Woord.

In 1 Kor 12:12-31 word die eenheid binne die liggaam en die interafhanklikheid van verskillende lede van die liggaam uitgelig.

- vers 20: "Nou is daar wel baie lede, maar een liggaam"
- vers 25: "...sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra."

Die noodsaaklikheid van onderlinge diens aan mekaar en *koinonia* is deur God ingeskape in die liggaam vir die volle funksionering en groei van die liggaam. Om te kan groei en funksioneer moet die gelowiges *saam lewe en mekaar dien* m.a.w. die bedieningsgestaltes van *koinonia* en *diakonia* is essensieel vir groei.

Nel (1994:96) onderskei die volgende agt bedieningsgestaltes wat in 'n bedieningstrategie gekoördineer en geïntegreer moet word om die evangelie te verkondig:
Getuienis (*marturia*), verkondiging (*kerugma*), erediens (*leitourgia*), pastoraat (*paraklese*), onderrig (*didachē*), administrasie of bestuur (*kubernetiek*), gemeenskap van gelowiges (*koinonia*) en diens van barmhartigheid (*diakonia*).

Miller (1994:24-32) noem veertien "groei fasiliteerders" wat mense kan help om geestelik te groei: Aanbidding, musiek, gebed, geloofsgemeenskap, prediking, diens, rentmeesterskap, Bybelstudie, boeke, bemoediging, leierskap, administrasie, afsondering (*retreats*) en evangelisasie.

Vir groei gaan dit oor die interafhanklike en korporatiewe uitoefening van die verskillende bedieningsgestaltes. Groei is 'n multi-dimensionele begrip met verskeie fasette. Daar is egter nie noodwendig 'n kronologiese opeenvolging van die verskillende stadia of fasette nie, maar eerder 'n groei op al die verskillende vlakke gelyktydig. Groei kan nie tot 'n paar faktore of stappe beperk word nie. Sisemore (1983:15) stel dit as volg:

> The inescapable conclusion is that all areas of church growth are important and are needed in some way all at the same time.

Groei in slegs een area kan op die lang duur 'n disproporsie veroorsaak. Oormatige beklemtoning van *koinonia* kan byvoorbeeld lei tot kliekvorming en eksklusiwiteit. Abnormale groei kan dus in effek groei strem en lei tot destruksie soos wat die abnormale groei van kankerselle dood veroorsaak (Costas, 1983:97).

Bedieningsgestaltes moet egter in die konkrete werklikheid van 'n gemeente realiseer - daarvoor het elke gemeente 'n bedieningstrategie nodig.

## 2.8 BEDIENINGSTRATEGIE

'n Bedieningstrategie dui op die praktiese vormgewing van die bedieningsbeginsels in die daaglikse lewe. Wanneer gekyk word na Skrifperspektiewe oor bedieningstrategieë, dan gaan dit eerder oor die "dat" as die "wat". Paulus het 'n bepaalde bedieningstrategie gevolg deur telkens eers na die sinagoges van die Jode in 'n bepaalde plek te gaan om met die mense daar oor Jesus Christus te praat (vgl. Hand 13:14 en Hand 14:1). Paulus het ook, veral later in sy lewe toe hy dikwels 'n gevangene was, die bedieningstrategie van briefwisseling, afgewissel met besoeke, gevolg: "Daarom ***skryf*** ek hierdie dinge terwyl ek nog van julle af weg is, want ***wanneer ek kom***, wil ek nie met die gesag wat die Here aan my gegee het, streng teen julle optree nie." (2 Kor 13:10) Voortdurend het hy die evangelie verkondig, maar hy het in verskillende omstandighede verskillende strategieë gebruik.

In die eerste gemeente was daar 'n bepaalde strategie om die beginsels van kerkwees uit te voer. Hulle het bv. van *huis tot huis* die gemeenskaplike maaltyd geëet (Hand 2:46) en mekaar versorg deur hulle grond en besittings te verkoop en die opbrengs na die tempel te bring, sodat elkeen daar volgens behoefte versorg kon word (Hand 2:45 en Hand 4:34-35).

Hoewel daar verskillende bedieningstrategieë in die Skrif voorkom, is daar nie 'n voorskriftelike bedieningstrategie wat as normatief vir alle tye voorgehou word nie. Buys en Venter (1994:337) wys daarop dat die Nuwe Testament eintlik weinig voorskrifte gee oor die organisatoriese strukture waarbinne *koinonia* en *diakonia* moet plaasvind. Daar was wel riglyne, maar die praktiese vormgewing is meer vanuit die unieke omstandighede bepaal. Die bedieningstrategie (praktiese vormgewing), om *koinonia* en *diakonia* in die praktyk te

realiseer, moet dus wel Bybelgefundeerd wees, maar moet in die lig van die praktiese omstandighede onder leiding van die Heilige Gees uitgewerk word (vgl. Buys & Venter, 1994:337).

Wanneer daar gekyk word na bedieningstrategieë wat groei bevorder, is dit nie 'n ontkenning dat God groei gee nie. Dit is eerder 'n soeke onder die leiding van die Heilige Gees om die Woord van God effektief in 'n bepaalde kulturele en sosiologiese opset te verkondig (Werning, 1977:11)

'n Bedieningstrategie is dus nodig om die menslike verantwoordelikheid en dienswerk, wat vloei vanuit die alwerksaamheid van God, konkreet te maak in die leefwêreld van die gelowige.

Sonder 'n bedieningstrategie bly die Bybelse eise tot groei 'n teoretiese dogma met min effek in die praktyk.

## 2.9 SAMEVATTING

- Groei is wesenlik deel van kerkwees. Dit is dus noodsaaklik dat die Kerk van Jesus Christus moet groei.
- God self is die subjek van kwalitatiewe en kwantitatiewe groei, maar gebruik mense as instrumente in sy hand.
- Die liggaam van Christus moet onder sy hoofskap, mekaar dien met die gawes wat hulle ontvang, in erkenning van die interafhanklikheid waarin God hulle geskape het.
- Gebed is die naelstring van groei terwyl *koinonia* (onderlinge meelewing) die bedding vir groei is.
- Die imperatief (opdrag) van bepaalde bedieningsgestaltes moet konkretiseer in 'n bedieningstrategie wat die spesifieke omstandighede van 'n bepaalde gemeente in ag neem.

# HOOFSTUK 3

# KLEINGROEPE - FUNDAMENTELE ASPEKTE

## 3.1 DOELWITTE

"Waarom kleingroepe?" kom in hierdie hoofstuk aan die orde. Die volgende word ondersoek:

- Die mate waarin kleingroepe in die Skrif voorkom en die rol wat hulle gespeel het.
- Kortliks 'n paar historiese lyne.
- Die rol van kleingroepe in groepsdinamika en die vervulling van die ingeskape menslike behoeftes.

## 3.2 INLEIDING

Waarom die groeiende belangstelling in kleingroepe? Burger en Simpson (1996:14-15) noem die volgende redes:

⇨ Die belangrikste rede, meen hulle, is die feit dat die moderne mens se sosiale lewe ingrypend verander het. Vroeër was dit ingebed in vaste sosiale strukture en verhoudings. Mense se gevoel van verbondenheid aan middelgrootte instansies het skade gely. In die plek daarvan het binding aan mikro- en makroverbande gekom. Die groter klem op die massabenadering vra om gebalanseer te word deur sterker persoonlike groepe.

⇨ Die moderne eeu het die gevoel van individualiteit en persoonlike vryheid beklemtoon. Die skadukant daarvan is dat mense in hulle indiwidualistiese benadering vereensaam. Kleingroepe bied die moontlikheid om mense te red van eensaamheid en die nadele van oordrewe indiwidualiteit.

⇨ Die disintegrasie van 'n gesonde gesins- en familielewe bring 'n gemis aan intimiteit en geborgenheid. Kleingroepe skep 'n ruimte waar intimiteit en geborgenheid wel ervaar kan word.

Kommer oor die dalende getalle van lidmate en die skynbare gebrek aan meelewing in Gereformeerde Kerke, het dikwels die reaksie dat meer en meer dinge gedoen word. Hierin

lê sekerlik deel van die antwoord, aangesien die grondwaarhede van die Skrif dieselfde bly en daarom meer en meer verkondig en uitgeleef moet word.

Die vraag bly egter of die onveranderlike boodskap van die Skrif bloot binne die bestaande bedieningspatrone net meer en meer verkondig moet word? Soms is dit nodig om nie net meer en meer te doen nie, maar om dinge ***anders*** (beter) te doen. Dalk moet beter bedieningstrategieë gebruik word om die evangelie te verkondig en uit te leef. Dieselfde evangelie moet verkondig word, maar op 'n meer persoonlike intensiewe wyse. Daarom is dit nodig om ander bedieningstrategieë, soos kleingroepe, te ondersoek.

Vir intensiewe persoonlike bediening van die Woord (mekaarbediening) is 'n persoonlike verhouding tussen die lidmate onontbeerlik. Onder persoonlike bediening word verstaan die bediening van die Woord aan 'n lidmaat in sy besondere omstandighede. 'n Kenverhouding met die lidmaat sowel as kennis van die lidmaat se omstandighede, vreugdes en hartseer is dus noodsaaklik. Sodanige kennis van en verhouding met 'n lidmaat is feitlik onmoontlik met 'n besoek deur die predikant een maal per jaar of selfs deur die ouderling viermaal per jaar. Hier is dus nie werklik sprake van persoonlike bediening nie.

Indien daar by huisbesoek nie 'n goeie, lewende, persoonlike verhouding bestaan nie, neig huisbesoek maklik na formaliteit en 'n oppervlakkige gesprek oor geloof. Gereelde kontak (o.a. deur kleingroepbyeenkomste) is noodsaaklik vir verhoudinge en verhoudinge is noodsaaklik vir persoonlike bediening. Bedieningstrukture wat verhoudinge fasiliteer is dus noodsaaklik (vgl. Vorster, 1999:113).

Strukture moet dienend wees tot die opbou en uitbou van die gemeente. Nel (1994:246) stel dit so:

> Strukture wil die gemeente se kommunikasie van die evangelie in diens van God, mekaar en die wêreld begelei en bevorder.

Voordat gekyk word na die funksionering van kleingroepe as bedieningstruktuur, moet die term kleingroep eers gedefineeer word en die beginsels rakende kleingroepe ondersoek word.

## 3.3 DIE TERM "KLEINGROEP"

Die begrip kleingroep word oor 'n wye spektrum van dissiplines (sport, psigologie, teologie, kultuur) gebruik. Enige groepie mense, gewoonlik as deel van 'n groter groep, kan dui op 'n kleingroep. Daarom is dit noodsaaklik om "kleingroep", soos dit in hierdie studie gebruik word, te omskryf.

Eerstens word "kleingroep", soos dit in hierdie studie gebruik word, onderskei van ander kleingroepe deurdat dit 'n teologiese/kerklike begrip is. Die term "kleingroep" moet onderskei word van psigologiese of maatskaplike kleingroepe. Hoewel sekere kleingroepdinamika en beginsels vir alle kleingroepe geld, word in hierdie studie gefokus op geloofsgemeenskap-kleingroepe. Dit gaan hier oor 'n kleingroep wat binne die kerklike lewe funksioneer en bestaan uit gelowiges wat hulle verhouding met God, mekaar en die wêreld uitleef vanuit die kleingroep.

Daar is egter binne die teologie of kerklike lewe ook verskillende kleingroepe byvoorbeeld:

- ⇨ Pastorale groepe waar mense met 'n bepaalde probleem in groepsverband hulp ontvang.
- ⇨ Bybelstudiegroepe waar die klem val op 'n studie van die Woord.
- ⇨ Diensgroepe waar die klem val op dienslewering deur 'n bepaalde groepie mense.
- ⇨ Belangegroepe waar mense met dieselfde belange en/of ouderdom mekaar ondersteun en saam sosiaal verkeer.

Kleingroep, soos in hierdie studie gebruik, fokus egter nie net op een faset soos byvoorbeeld dienslewering of pastorale hulpverlening nie, maar veronderstel eerder 'n saamlewe van gelowiges waar al bogenoemde fasette tot 'n mindere of meerdere mate ingesluit word. Daar word aangesluit by die definisie van Oostenbrink (1996b:58) waar hy na 'n kleingroep verwys as:

> 'n Groep van 4 tot 15 lede wat intieme geestelike verhoudinge met mekaar het, wat as geestelike gesin aan mekaar verbind is en gereeld (een maal weekliks of tweeweekliks) bymekaarkom vir gemeenskapsbeoefening met God en mekaar, vir onderlinge opbou, en vir diens- of getuienislewering in die samelewing.

Met hierdie definisie is iets oor die bestaan samestelling, wese, funksie en doel van die kleingroep gesê.

Sommige noem sodanige kleingroepe ook selgroepe (Neighbour, New Life Church in Philadelphia), omgeegroepe (Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Wes) of selgemeentes (Potgieter). Hoewel die basiese funksionering van sulke groepe grootliks ooreenkom, is daar soms ook effense verskille, byvoorbeeld rondom die plek van die kleingroep binne die groter gemeente en die funksionering van die besondere ampte.

New Life Church definieer 'n selgroep soos volg (Anon., 1998:1):

> A Cell group is a gathering of 6 to 15 people who meet regularly in an informal setting, usually a home, in order to cultivate relationships and grow together spiritually while reaching out to the unchurch peoples in their spheres of influence. Cell groups are not an entity in themselves, but an extension of the purposes and vision of New Life Church. They provide spiritual growth, fellowship, prayer, evangelism and for the discovery of spiritual gifts.

Daar word egter volstaan met bogenoemde definisie van Oostenbrink aangesien die spesifieke funksionering van die kleingroep in die volgende hoofstukke beskryf word.

## 3.4 BEGINSEL VAN KLEINGROEPE IN DIE SKRIF

### *3.4.1 Die belang en funksionering van die oikos as geloofsgemeenskap*

Met *oikos* of huis word nie net die vader, moeder en die kinders bedoel nie, maar ook die familielede, slawe en slavinne en hulle gesinne. Die term *oikos* sluit almal in wat tot die bepaalde huishouding behoort (Floor, 1983:42; Louw & Nida, 1989:113). In 'n omvattende studie wys Oostenbrink (1994:11-28) op die belang van die *oikos* as geloofsgemeenskap. Oostenbrink (1994:11-14) toon aan dat die *oikos* in die Ou Testament die basiese sosiale-, maar ook religieuse eenheid was. Wanneer die pasga byvoorbeeld ingestel word, word die viering van die pasga binne die intieme kring van huisgesin tuisgebring (Eks 12:2). In Deut 6:1-9 word groot klem gelê op die verbondsonderrig wat in die huise moet plaasvind.

Jesus Christus het in sy eie bediening juis deur en met die *oikos* gewerk om sy heilsplan te vervul (Oostenbrink, 1994:17). Dit is nie toevallig dat baie van Jesus Christus se bedieninge in huise en onder huisgroepe plaasgevind het nie.

Daar was ook ander wat Jesus Christus gevolg het en diensknegte in die kerk was, soos byvoorbeeld die 70 wat uitgestuur is (Luk 10:1). Die twaalf dissipels het egter besondere prioriteit in die bediening van Jesus Christus geniet.

Jesus Christus se woorde aan Simon en Andreas: "volg My" beteken om saam met Hom te lewe, om te leer hoe om sy dissipels te wees. Hulle kon dit net werklik leer in 'n noue intieme verhouding in 'n klein groepie (vgl. Arnold, 1992:16-17).

Buys (s.a.:5-6) toon aan dat daar bepaalde aspekte (beginsels) na vore kom vanuit die feit dat Jesus Christus slegs 'n groep van twaalf manne uitgekies het om intensief deur groepsbediening toe te rus:

⇨ **Verkies tot diens:** Jesus Christus kies bepaalde manne uit om met sy werk te begin. Hy fokus nie op 'n klomp programme en metodes om die skares te bereik nie, maar kies 'n paar wat bereid is om Hom te volg en van Hom te leer.

⇨ **Assosiasie:** Jesus Christus assosieer Homself intiem met hulle en leer hulle om in diepte met mekaar in gemeenskap saam te leef.

⇨ **Toewyding:** Christus het algehele toewyding aan Hom gevra. Lojaliteit teenoor Christus en aan mekaar is van kardinale belang.

⇨ **Selfverloëning:** Christus gee Homself geheel en al aan sy dissipels.

⇨ **Demonstrasie:** In die groepsbediening het Jesus Christus opgelei en toegerus deur te modelleer binne 'n saamleefsituasie.

⇨ **Delegeer:** Namate Jesus Christus se toerustingsprogram gevorder het, het Hy groter take en meer verantwoordelikhede aan die dissipels opgedra.

⇨ **Toesig:** Christus het die dissipels gekontroleer en hulle telkens met vrae en probleemstellings ondersoek.

⇨ **Reproduksie:** Jesus Christus het die beginsel van reproduksie in die groep ingegraveer. Soos 'n loot vrugte dra wanneer dit op 'n lewendige stam geënt is, moes hulle weer op hulle beurt ander oplei en leer na Sy hemelvaart.

Jesus Christus spits dus op 'n klein groep toe, spandeer kwaliteit tyd saam met hulle en leef saam met hulle.

> Jesus is our best authority on small groups. He chose twelve "to be with Him." It was the training of this small group upon which He based his whole hope for the future kingdom. (Barlow, 1972:22.)

Juis in die klein dissipelkring is daar geleentheid vir persoonlike onderrig en kan hulle leer deur te beleef hoe Jesus Christus leef. Daar was dus onderrig en toerusting deur modellering in en vanuit 'n kleingroep.

### *3.4.4 Huisgemeentes in die Nuwe Testament*

In die Nuwe Testament word dikwels genoem dat die Christene in huise bymekaargekom het (Hand 1:3, 2:46, 5:42, 18.7, 20:7 en 20:20). Die eerste Christelike gemeentes is nie uit los indiwidue saamgestel nie, maar uit die mees basiese seleenhede van die gemeenskap, nl. die huisgesinne (Buys, s.a.:6). Al was daar in die eerste gemeente byeenkomste by die tempel, is daar ook sprake van huisbyeenkomste (Hand 2:43 e.v.). Daar is ook sprake van huisgemeentes in Rom 16:5 (Akwila en Priscilla), Kol 4:15 (Nimfas) en in Filem vers 2 (Floor, 1978:48). In Korinte word die verskillende huisgemeentes elkeen 'n gemeente genoem en tog word almal saam ook die gemeente van Korinte genoem. Die Christene daar het in die huisgemeentes bymekaargekom, maar ook van tyd tot tyd as een groot geheel (Buys, s.a.:6). Die huisgemeentes het 'n ruimte gebied vir intieme gemeenskapsbelewing (Buys & Venter, 1994:338).

In so 'n huisgemeente kon hegte persoonlike liefdesbande tussen gelowiges ontstaan en nuwe bekeerlinge is soos pasgebore kinders in 'n liefdevolle huisgesin met vreugde en blydskap ontvang. In die Nuwe Testament (o.a. Ef 2:20 en 1 Pet 2:2) word herhaaldelik van die gemeente van Christus as 'n huisgesin gepraat en nuwe gelowiges vergelyk met jong kinders van 'n huisgesin (Buys, s.a.:7).

Die huisgemeente was beslis nie 'n afsplitsing van die plaaslike gemeente nie, maar veel meer 'n fundamentele basis vir die opbou van die plaaslike gemeente (Floor, 1978:51). Die huisgemeente skep 'n ruimte waarbinne die gelowige sy gawes kan gebruik, getuienis kan lewer en *koinonia* beleef (Floor, 1978:54-55).

Floor (1978:56) sien die huisgemeentes as die toekoms van die kerk, veral in die laaste dae wanneer vervolgings dit sal bemoeilik om in publieke geboue of kerke byeen te kom.

### 3.4.5 Kleingroepe as deel van groter groepe

Oostenbrink (1996b:84) maak op grond van 'n ontleding van Hand 2:41-47, Hand 4:23-37 en Ef 4:1-16 sekere bevindinge wat as volg opgesom kan word:

- ⇨ Die kleingroep is 'n klein eenheid wat met ander klein eenhede saamverbind is tot die groter sisteem van die plaaslike gemeente.
- ⇨ Hoewel kleingroepbediening nêrens in die Skrif eksplisiet as voorskrif voorgehou word nie, is dit in die Nuwe Testament 'n belangrike en navolgenswaardige voorbeeld van opbou van die geloofsgemeenskap en die funksionering van geloofsgemeenskap.
- ⇨ Wanneer gelowiges in 'n kleingroep voor God in sy teenwoordigheid byeen is, kan hulle mekaar op 'n besondere wyse ondersteun deur na mekaar te luister en saam te bid.
- ⇨ Christus moet as hoof erken word.

Kleiner groepe binne 'n groter groep en kleingroepe is nie bloot 'n uitvindsel van die twintigste eeu nie. Die gelowiges in Rome en in Korinte het as huisgemeentes vergader. Tog verwys Paulus na die gelowiges in die stad gesamentlik (Rom 1:7). Daar was dus ook 'n band tussen die verskillende huisgemeentes, in so 'n mate dat Paulus aan hulle ***as eenheid*** 'n brief kon skryf.

## 3.5 HISTORIESE GEGEWENS

Die kerk het in die eerste vier eeue na Christus hoofsaaklik in huise gefunksioneer. Na die verklaring van die Christelike godsdiens as staatsgodsdiens (380 n.C.) het massas mense die kerk ingestroom en moes groter kerke gebou word. Hiermee saam het die sg. *klerus* of amptenare die werk in die kerk gedoen, terwyl die lidmaat al hoe meer 'n passiewe rol vervul het (Oostenbrink, 1996a:18; D'Assonville, 1992:50-51).

Mowrer (1972:22) wys daarop dat byeenkomste in klein groepe, wat die Christendom gekenmerk het tot die vierde eeu n.C., ruimte gegee het vir *koinonia*, maar ook vir restitusie. Na die vierde eeu het nie net die bymekaarkom in kleiner groepe afgeneem nie, maar ook die

belydenis en vrymoedige gesprek (oopmaak) voor 'n klein groepie mense. Teen die 12 de eeu het dit, ten minste in die westerse deel van die kerk, verdwyn.

Die reformasie poog om tot die herstel van die amp van die gelowige te kom, maar in praktyk bly die lidmaat grootliks passiewe toeskouer. Beide hervormers Bucer en Luther toon egter aan dat die kleingroep 'n effektiewe ruimte is waar die amp van die gelowige tot ontplooiing kan kom (Oostenbrink, 1996a:18). Bucer het kleingroepe beskou as Christelike gemeenskappe wat die groot stadskerk van Straatsburg tot 'n wesenlike reformasie kan bring. Daarom het hy in die Straatsburgse gemeente 'n "gemeenteboustrategie" van stapel gestuur. Kleingroepe is, volgens Bucer, veral geskik vir onderlinge liefdesdiens, pastorale sorg en tug (vgl. Oostenbrink, 1996b:57; Van't Spijker 1990:133,136-137). Luther plaas die klem meer op Bybelstudie, gebed en Christelike dienswerk en selfs die bediening van die sakramente binne die kleingroep.


In die 18de en 19de eeu kom kleingroepe veral onder Metodistiese en Piëtistiese groepe voor - grootliks as reaksie op die ortodoksie in die Duitse en Anglikaanse staatskerke. Twyfelagtige vroomheidspraktyke (soos die metodistiese bekeringservaring en wettiese heiligmaking) het kleingroepe egter onder verdenking geplaas, 'n stigma wat selfs nou nog, vir sommiges, aan kleingroepe kleef (Oostenbrink, 1996a:16).

## 3.6 DIE EFFEKTIWITEIT VAN KLEINGROEPE

### *3.6.1 Groepsdinamika*

Uit bogenoemde en vanuit die vorige hoofstuk blyk dit dat daar tussen gelowiges intieme en naby verhoudings moet wees. Om werklik vir mekaar te kan omgee en verantwoordelikheid vir mekaar te aanvaar in die uitvoering van die amp van die gelowige, moet persone nou met mekaar saamleef. Elke mens is egter beperk in die aantal intieme of naby verhoudings wat hy kan opbou en instandhou. Indien die kwantiteit toeneem, neem die kwaliteit af. Daar is dus 'n omgekeerde verband tussen die aantal en die intensiteit van verhoudings.

Potgieter (1995:96) wys daarop dat daar 'n bepaalde aantal interaksielyne binne 'n groep bestaan. So sal daar tussen drie persone ses interaksielyne bestaan (figuur 2):



**Figuur 2. Aantal interaksielyne in 'n groep**

Die aantal interaksielyne word bepaal deur die formule (nxn)-n waar n die aantal persone in die groep is. Dit is voor-die-handliggend dat 'n groot groep te veel interaksielyne het om sinvolle interaksie tussen al die groeplede moontlik te maak. Dit is byvoorbeeld onmoontlik om te wil hê dat 'n gemeente van sê 300 lidmate met gevolglike 89700 interaksielyne almal intiem bymekaar betrokke moet wees (vgl. George, 1992:125-127). In 'n groot groep is daar gevolglik 'n afname in die kwaliteit van onderlinge meelewing. Daar is steeds die eenheid in Christus, maar om mekaar werklik op te bou deur kwaliteit en intieme betrokkenheid, is die kleingroep noodsaaklik.

Verskeie navorsers (vgl. Barlow, 1972:78-80; Steyn & Uys, 1988:149-151; Olivier, 1997:85) toon aan dat mense makliker verander, beïnvloed word, nuwe idees aanvaar en moeilike keuses maak as hulle deel is van 'n groep. Binne die geborgenheid van 'n groep, die interaksie en ondersteuning van mekaar is daar makliker en meer blywende verandering in mense se lewens as waar bloot met 'n indiwidu gewerk word. In 'n groepsbespreking mag daar dikwels minder inligting oorgedra word en op 'n minder gestruktureerde wyse, maar as gevolg van die deelname is groeplede dikwels meer oop vir nuwe idees en word meer geabsorbeer.

### 3.6.2 *Ingeskape menslike behoeftes*

Venter (1972:18) dui in die sewentigerjare aan dat die mens toe reeds vanweë die *indiwidualiteitskultus* en die daaropvolgende *organisatoriese samelewingstruktuur*, aspekte van sy menswees verloor het.

God het die mens juis geskape om nie net in verbondenheid met Hom te leef nie, maar ook in verbondenheid met sy medemens. Die mens het die ingeskape behoefte na sin in sy lewe, asook geborgenheid. Hierdie behoeftes realiseer in sy verhouding met die Bron van die lewe en konkretiseer in sy verhouding met sy medemens. Venter (1972:20) praat daarvan as hy sê dat die verbondenheid aan God vereis dat die mens, onder die hand van die Here, 'n lewende verbondenheid met die medemens moet handhaaf. Die onderlinge verbondenheid van die lede van 'n kleingroep gee uitdrukking aan die ingeskape behoefte van interaksie, kommunikasie en saamleef tussen medemense en dan in besonder tussen medegelowiges. Binne die intieme en noue kontak en verbondenheid in die kleingroep word psigiese en geestelike genesing voortdurend ervaar (vgl. Neighbour, 1990:35). Die mens is gemaak vir persoonlike gemeenskap. Sy wegkruipneiging is 'n direkte gevolg van die sondeval (vgl. Gen 2:8).

Vanuit 'n sosio-psigologiese hoek, in 'n studie oor groepsterapie, toon Dinkmeyer en Muro (1979:10-12) reeds in die laat sewentigs aan dat kleingroepe die volgende behoeftes van die mense aanspreek:

- ⇨ The need to belong, to find a place, and to be accepted as one is.
- ⇨ Affection needs - to be loved and to be able to provide love; the opportunity to have a therapeutic effect on others.
- ⇨ The opportunity to engage in the give and take which is required for the maturing of social interest and altruistic feelings.
- ⇨ Help in seeing that one's problem is not unique but perhaps universally experienced in the group
- ⇨ The opportunity to develop feelings of equality, to be part of a group regardless of what one brings in terms of intellect or affect.
- ⇨ The need to work out one's identity and approach to the various social tasks of life.

Die eis van ***kwaliteitkontak*** tussen gelowiges sowel as die afhanklikheid van mekaar om die amp van die gelowige werklik te laat funksioneer, dwing terug na kleiner groepe. Die aspekte

- Deur die geskiedenis het kleingroepe 'n belangrike en opbouende rol gespeel. Probleemareas is egter ook deur die geskiedenis geïdentifiseer.
- Kleingroepe skep noue interaksie tussen groeplede waarin 'n naby-verhouding kan groei. Ingeskape behoeftes soos aanvaarding, erkenning en om te behoort, kan binne die kleingroep vervul word.
- Die Skrifbeginsels wat in kleingroepe funksioneer kom in 'n groot mate ooreen met die verskillende aspekte wat nodig is vir kwalitatiewe en kwantitatiewe groei. Dit blyk dus dat kleingroepe in beginsel wel 'n gegronde en effektiewe ruimte is waarbinne groei kan plaasvind.

Vervolgens word die spesifieke funksionering van kleingroepe (soos in 3.3 gedefinieer) behandel om die beginsels van kleingroepe en die beginsels van die amp van die gelowige konkreet toe te pas.

# HOOFSTUK 4

# DIE FUNKSIONERING VAN 'N KLEINGROEP

## 4.1 DOELWITTE


Die "hoe" van 'n kleingroep is in hierdie hoofstuk aan die orde:

- Die verskillende komponente van kleingroepfunksionering aan te toon.
- 'n Model vir die verloop van 'n kleingroepbyeenkoms voor te stel.
- Die samestelling en grootte van die groep te behandel.
- 'n Kleingroepbedieningstruktuur voor te stel.

## 4.2 RIGLYNE VIR DIE FUNKSIONERING VAN 'N KLEINGROEP

### *4.2.1 Verskillende komponente van kleingroepfunksionering*

Simpson (1992:16) stel 'n teorie vir die funksionering van kleingroepe soos volg voor (figuur 3):




**Figuur 3. 'n Teorie vir die funksionering van kleingroepe**

Daar is dus 'n wisselwerking van twee dinamiese asse (diakonaal en hermeneuties) met vyf pole wat interafhanklik van mekaar is (Simpson, 1992:18).

Hoewel daar sekere kleingroepe bestaan wat slegs op een fokus, is die uitgangspunt in hierdie studie dat al bogenoemde fasette in die kleingroep (as primêre geloofsgemeenskap) moet realiseer, aangesien almal deel is van Christen wees.

> Die doel van die byeenkomste is om die Here te aanbid en te verheerlik deur sang en gebed, om versterk en opgebou te word deur die Woord en die onderlinge gemeenskap, en om vanuit die byeenkoms die liefde van God na buite uit te leef in woord en daad. (Potgieter, 1995:69).

Burger en Simpson (1996:21) beklemtoon die indikatief (dit wat van God ontvang word) waaruit die funksionering van die kleingroep voortspruit. Wanneer Christene bymekaarkom vir wedersydse opbou en gesprek kan daar, volgens Burger en Simpson (1996:21), gereken word op minstens vyf dimensies waarin die genade van God aan hulle gegee word, en wat deel is van die werklikheid van groepe wat in die Naam van Jesus Christus bymekaar kom. Hierdie genadefaktore is die volgende:

- ⇨ Die teenwoordigheid van God self.
- ⇨ Sy vrymakende en heelmakende werk in ons lewe.
- ⇨ Sy gereedmaking en toerusting tot diens aan ander.
- ⇨ Die genade van 'n ondersteunende geloofsgemeenskap rondom ons.
- ⇨ Die Bybel.

In kleingroepe word daar vanuit die genadefaktore wat van God ontvang word, gefokus op mense en nie alleen op studiemateriaal nie. Die primêre doelwit is nie bloot om 'n studiedeeltjie af te handel of die sakelys deur te werk nie. Mense, hulle probleme, hulle geestelike groei, verhoudinge, God se wil in hul lewens soos in die Woord geopenbaar, is van die kernfasette van die funksionering van kleingroepe. Soms word daar by sekere kleingroepe alleen maar persoonlike ervarings gedeel (*sharing*). Wanneer dit telkens die fokuspunt in die byeenkomste vorm, word die Woord, wat volgens 2 Tim 3:16-17 die gelowige wil toerus tot diens en onderrig tot 'n regte lewenswyse, verdring deur menslike ervaring (vgl. Neighbour,

1990:67). In die kleingroep word daar egter vanuit die sentraliteit van die Woord en die eer van God gefokus op verhoudinge (mense) en nie op programme nie.

Die verbintenis van die lede van die groep tot mekaar is 'n baie belangrike aspek. Sporadiese en lukraak kontak en bywoning van kleingroepbyeenkomste is in stryd met die werklike saamleef van die lede van die kleingroep. Saunderson (1990:622) stel dit soos volg:

> A gathering of eight to twelve people does not constitute a group. A true group consists of a certain number of people who have committed themselves to one another and to a common goal. In essence they have agreed to struggle together. They have pledged to become vulnerable to one another, and to care for one another.

In die kleingroep is dit goed om 'n sekere verbintenis (kontraktering) met mekaar aan te gaan en dit op skrif te stel. Potgieter (1996:mededeling) meen 'n goeie manier is om elke lid en nuwe lid die volgende twee vrae op skrif te laat beantwoord en aan die groep voor te hou:

⇨ Wat verwag ek van die groep?

⇨ Wat kan die groep van my verwag?

Om te verhoed dat lede bloot uit gewoonte deel bly van die groep en ook omdat mense, omstandighede en behoeftes verander, is dit, volgens Wright (1996:60), goed om hierdie verbintenis op bepaalde tye te herhaal. So 'n herhaling van elkeen se verbintenis kan geskied by die vermenigvuldiging van een groep in twee, of as nuwe lede deel word van die groep, maar dit moet minstens een keer per jaar herhaal word.

Vir die inskakeling by 'n kleingroep is dit noodsaaklik dat lede hulle verbind tot die groep en hulle verantwoordelikhede verstaan. Oostenbrink en Lotter (1999:34) gee 'n aanduiding van die verantwoordelikhede van elkeen wat deel is van 'n kleingroep:

⇨ Gereeld en met toewyding die byeenkomste bywoon.

⇨ Bereid wees om jou lewe met ander kleingroeplede te deel.

⇨ Bereid wees om jou lewe onder die vergrootglas van God se Woord te plaas.

⇨ Betrokke en behulpsaam wees by ander kleingroeplede se nood.

⇨ Bereid wees om van ander te leer (leerbaar te wees).

⇨ Bereid wees om deur ander kleingroeplede vermaan te word en self ander te vermaan, as dit nodig blyk te wees.

⇨ Bereid wees om, uit liefde vir ander kleingroeplede, tyd op te offer en hulle laste te dra waar nodig.

⇨ Te aanvaar dat kleingroeplewe jou hele lewe omvat en nie net Sondae nie.

In 'n kleingroep verbind lede hulleself om met die ander kleingroeplede saam te leef, as primêre geloofskring.

Om gesamentlike doelwitte vir die kleingroep op te stel en te evalueer, help met die saambindingsproses tussen die groeplede. Burger en Simpson (1996:133) meen 'n vraag soos "Wat moet die groep in die volgende ses maande doen sodat jy sal voel dit was sinvol?" kan gevra word om by gesamentlike doelwitte uit te kom.

Binne die kleingroep as liefdesgemeenskap moet die liefde vir mekaar in verskillende fasette realiseer. Barlow (1972:56-73) noem ses fasette:

⇨ **Aanvaarding:** om elkeen te aanvaar soos hy is en nie eers wanneer hy aan jou standaarde voldoen of daarna opleef nie. Om elke persoon te sien as geskape na die beeld van God en as't ware deur God se oë na ander te kyk: hoe God hulle sien.

⇨ **Luister:** om werklik te hoor wat ander sê en mekaar die geleentheid te gee om alles wat hy beleef, te kommunikeer.

⇨ **Oopheid:** opregtheid en nederigheid teenoor mekaar.

⇨ **Empatie** teenoor mekaar.

⇨ Om **potensiaal** in ander raak te sien: dit wat hulle kan word en hoe hulle kan groei sonder om die foute van hulle verlede as norm te gebruik (vgl. Fil 3:13).

⇨ Mekaar **aanmoedig en uitdaag** tot bepaalde verbintenisse en verandering ooreenkomstig die eis van die Skrif.

Veenhuizen (1993:5) meen dat die kleingroep vanuit die onderlinge verhouding tussen die gelowiges homself besig hou met drie vrae, nl.:

⇨ Hoe gaan dit met jou? (onderlinge meelewing)

⇨ Hoe gaan dit met jou verhouding met die Here? (onderlinge geloofsopbou - kwalitatiewe groei)

⇨ Hoe gaan dit met jou verhouding tot die wêreld? (onderlinge ondersteuning en diens - kwantitatiewe groei)

Kleingroepe behels dus 'n saamlewe van die groeplede, met as hoogtepunt die weeklikse byeenkoms.

### 4.2.2 'n Model vir die verloop van 'n kleingroepbyeenkoms

Daar is nie 'n voorskriftelike orde of verloop van 'n kleingroepbyeenkoms in die Skrif nie. Potgieter (1995:72) meen dat 1 Kor 14:26 die naaste aan 'n voorskrif kom waar die deelname van almal aan die verloop van die byeenkoms en die eis dat dit tot opbou moet geskied, beklemtoon word.

'n Werkbare en gefundeerde model wat deur beide Neighbour (1990:262) en Potgieter (1995:72-73) gebruik word, behels basies vier aspekte in die verloop van 'n kleingroepbyeenkoms. Hierdie afdelings lê klem op vier verhoudings naamlik:


⇨ Mens tot mens (gelowiges onderling).

⇨ Mens tot God.

⇨ God tot mens.

⇨ Mens tot medemens (gelowiges met wêreld).

Neighbour (1990:262) stel die verloop van 'n byeenkoms grafies as volg voor (figuur 4):




*Figuur 4. Die verloop van 'n kleingroepbyeenkoms.*

*(Oorgeneem uit Neighbour, 1990:262.)*

Die verloop van 'n kleingroepbyeenkoms as ruimte vir kwantitatiewe en kwalitatiewe groei behels dus die volgende:

#### 4.2.2.1 Mens tot mens

Hier gaan dit nie bloot oor 'n humanistiese mensgerigtheid nie, maar eerder oor die geloofsband wat daar tussen gelowiges bestaan op grond van hulle verhouding met God. Daarom is die aanvaarding van mekaar en verbintenis aan mekaar op grond van die eenheid in Christus belangrik. Olsson (1993:71) noem liefde as een van die komponente van kleingroepe en verklaar dit as volg:

> Group members caring for one another, and sharing in each other's lives through accountability, prayer and intentional acts of service to one another.

In hierdie mens tot mens afdeling word elke persoon wat teenwoordig is die geleentheid gegee om iets oor hom/haar te vertel. Dit kan iets wees wat in die afgelope week gebeur het, iets wat die persoon beleef het, 'n vreugde, stryd of beproewing wat oor sy/haar pad gekom het (vgl. Potgieter, 1995:73). Die groepleier kan rigting gee deur 'n bepaalde "oopmaakvraag" te vra om die groeplede te stimuleer om iets oor hulleself, of iets wat met hulle gebeur het, te vertel. Die doel daarvan is dat lede mekaar kan ken en weet wat in die ander lede van die groep se lewe gebeur, sodat hulle mekaar kan ondersteun, vermaan en bemoedig. Daar word dus, in wese, aan die verhouding tussen groeplede gebou. Soms kan die "oopmaakvraag" 'n week vooraf deurgegee word, sodat die lede gedurende die week daaraan kan dink. Voorbeelde van vrae is die volgende (vgl. Bisschoff, 1998:11; Richards, 1990:81; Reese, 1998:113):

- Wat mis jy die meeste van jou kinderjare?
- Wat is een of twee van die belangrikste dinge wat die afgelope week met jou gebeur het?
- Wat is die drie woorde wat jou die beste beskryf?
- Wat is een van die beste dinge wat die aflope jaar met jou gebeur het?
- As jy 'n familiewapen vir jouself moes gebruik, watter simbool sou jy gebruik?
- Wat is een of twee van die grootste veranderings wat jy in jou lewe moes maak?
- Wat is jou grootse dag tot dag kwelling?
- As jy 'n sekere ding in jou lewe nou kon verander, wat sou dit wees.?
- Wie is die twee persone wat jy die graagste wil ontmoet?

- As jy R 100 000 wen, wat sal jy daarmee maak?
- Wie is die mees geloofwaardige mens wat jy ontmoet het?
- Wat of waar is 'n gelukkige plek vir jou?
- Wat is jou gunsteling vryetydsbesteding?
- Wat is jou gunsteling dier/ kleur/ musiek?
- Watter persone het 'n groot invloed in jou lewe gehad?
- Wanneer het jy die eerste keer besef dat God jou liefhet?
- Watter enkele vraag wil jy die graagste hê dat God vir jou moet beantwoord?
- Hoe sou jy jou geloofsreis beskryf?
- Hoe sou jy jou week in weersterme beskryf?
- Wat is 'n gewoonte wat jy wil afleer?
- Met watter Bybelfiguur kan jy identifiseer?
- Hoe maak jy keuses in jou lewe?
- Waarvan is jou geestelike groei afhanklik?
- Watter vraag sal jy graag vir jou medegelowiges wil vra?
- As jy 'n teken van God wil vra, waaroor sal dit wees?
- Wanneer jy twyfel, watter groot dade van God in jou lewe help jou om minder te twyfel?
- As jy een dag saam met Jesus (as mens) op die aarde kon spandeer, wat sou jy doen?
- Waarop stel jy (verkeerdelik) maklik jou vertroue, anders as op God?
- Ps 63:1 "Ek soek U, o God, my God, ek dors na U; ek smag na U soos in 'n dor en droë land, 'n land sonder water" - Het jy al so gevoel? Wanneer? Hoekom?
- As jy jou lewe huidiglik in terme van seisoene moet beskryf, hoe sal jy dit doen?
- Is daar iets waarop jy huidiglik jou hoop stel om dit te verkry of te beleef?
- Vir my is Jesus...
- Ek is dankbaar dat...
- Een ding wat ek vandag moes doen omdat ek moes, was...
- Wat geniet/haat jy die meeste van jou werk?
- Waarom het jy die beroep gekies wat jy gekies het?
- Hoe lyk jou tipiese werksdag?

Geok (1994:21) sien die "ysbreker" as gereedskap om lede van die groep te help om na 'n paar dae weg van mekaar, die eerste stap te neem om weer tot mekaar se lewe toe te tree. Die "ysbreker" help om gereserveerdheid, wat dikwels by die lede voorkom, te deurbreek.

Groeplede kan hierdie gedeelte moeilik vind, veral iemand wat nie maklik oopmaak nie. Daar is 'n fyn balans om elke persoon gemaklik en nie bedreigd te laat voel nie, maar tog ook nie die groeigeleentheid deur die hantering van iets buite sy/haar gemaksone, te laat verbygaan nie.

Dit kan gebeur dat daar soms 'n wedywering ontstaan oor wie die beste "storie" en die grusaamste verlede het. Spehn (1972:54) is egter van mening dat wanneer die groep meermale teenoor mekaar oopmaak t.o.v. aspekte van hulle lewe, die sensasie van 'n "storie" afplat en mense nie meer gefokus is op die sensasionele nie, maar eerder op nood en opregte belydenisse.

Hierdie verhouding tussen groeplede is vanselfsprekend nie slegs beperk tot die gesamentlike byeenkoms een keer per week nie, maar die saamleef geskied dwarsdeur die week, veral waar daar 'n bepaalde probleem, keuse, vreugde of hartseer in 'n lid se lewe is.

Dit is goed om die byeenkoms telkens by iemand anders se huis te hou. Deur by iemand aan huis te kom, leer jy hom beter ken. Dit stimuleer ook kontak tussen groeplede gedurende die week, deurdat lede wat nie by die byeenkoms was nie, moet uitvind waar die volgende week se byeenkoms is. Die gevaar dat die kleingroep bekend sal staan as die persoon by wie die byeenkoms gehou word se groep, word ook deur 'n roterende bymekaarkomplek uitgeskakel.

#### 4.2.2.2 Mens tot God (Aanbidding)

Vanuit die eerste afdeling vloei voort dat God saam gedank en geprys wil word. Om God saam te aanbid deur gebed en sang, plaas die fokus op Hom as middelpunt.

Oostenbrink (1996b:118) omskryf aanbidding soos volg:

> Aanbidding beteken 'n wegkyk van die self om op te kyk na God en Hom te erken en te waardeer vir wie Hy is, om bewus te word van sy heilige verhewenheid (transendensie) as Here, maar ook van sy liefdevolle teenwoordigheid (immanensie) as Vader en Versorger.

Louw, S. (1998:135) definieer aanbidding soos volg:

> Aanbidding is om met alles wat jy is te reageer op alles wat God is. Dit is om jou hart oop te maak vir die liefde van God en om jou wil aan Hom te onderwerp. Dit is om jou gedagtes te voed met die waarheid en werklikheid van God se teenwoordigheid.

Interessant dat Neighbour in sy grafiek (figuur 4) aantoon dat, juis in hierdie fase van aanbidding, die onderlinge band tussen die gelowiges verdiep tot 'n werklike verhoudingsvlak.

Hierdie aanbiddingsdeel moet vooraf biddend beplan word, moontlik deur iemand anders as die groepleier. Die waarde van stilte in hierdie deel moet nie onderskat word nie. In die gejaagde wêreld is soms 'n gekontroleerde stilte nodig om opnuut op God te fokus. Lawson (1995:90) meen dat nadat 'n groep met mekaar gedeel het oor wat in hulle lewens gebeur, 'n paar minute stilte, moontlik met sagte aanbiddingsmusiek, van groot waarde is om innerlik verkwik te word en tot rus te kom.

Die aanbidding in die kleingroep moet egter oorspoel na die praktiese lewe van gelowiges. 'n Lewe van aanbidding, om God se hand raak te sien in elke dag se aktiwiteite en Hom in alles te loof en te verheerlik, behoort 'n lewenswyse te wees (vgl. Oostenbrink, 1996b:118-119).

#### 4.2.2.3 God tot mens (Woord)

Vanuit die Skrif word geluister na wat die Here sê t.o.v. die gelowiges se praktiese lewenswandel (Potgieter, 1995:73). Die Skrif is normatief in kleingroepe. Daar moet egter gewaak word teen 'n blote rasionalistiese bestudering van die Woord, m.a.w. studie van die Woord ter wille van studie. In hierdie fase moet daar ook aandag gegee word aan die konkretisering van die Woord in elkeen se lewe (vgl. Neighbour, 1990:67-68). 'n Bepaalde tema kan vir 'n paar weke die fokuspunt in die kleingroepe wees, wat terselfdertyd ook in die prediking behandel word. Op so 'n wyse is die klem tydens die prediking sterker op die leringaspek en in die kleingroepe meer op die toepassingaspek (Towns 1990:80; vgl. ook Neighbour 1990:68; Potgieter, 1995:74-75). Gelowiges bedien mekaar met die Woord om so ook hulle profetiese roeping teenoor mekaar na te kom.

Die God-tot-mens-fase kom dus ooreen met die openbaringspool van Simpson (vgl. figuur 3). Lering gaan nie noodwendig oor wetenswaardighede en feitekennis nie. Leer verwys na insig, na egte verwerking van geloofsinhoude (Simpson, 1992:35).

Barlow (1972:117) stel 'n metode voor waar 'n gedeelte gelees word en vrae beantwoord word soos:

⇨ Wat openbaar God van Homself in hierdie gedeelte?

⇨ Wat openbaar die gedeelte oor my (mens)?

⇨ Wat wys God my aangaande die volgende stap in my lewe?

⇨ Wat vra God van my om te wees?

⇨ Wat vra God van my om vir ander te doen?

Soos die bespreking vorder, moet dit steeds persoonlik gehou word en daar moet gewaak word teen 'n bloot teoretiese, abstrakte studie.

Binne die kleingroep is daar besondere geleenthede om Skrifwaarhede konkreet in spesifieke situasies van verskillende lede toe te pas juis omdat die groeplede mekaar goed ken. Wanneer die Bybel bloot analities wetenskaplik benader word, is dit moontlik om agter jou Bybel weg te kruip. Dan word die teoretiese bestudering van die Bybel 'n skans waarmee die inspraak in die mens se persoonlike lewe afgekeer word.

### 4.2.2.4 Mens tot medemens (Visie na buite)

Hier gaan dit oor liefdesbediening aan ander. In die eerste plek aan mekaar in die groep, maar ook na buite. Venter (1998:465) toon vanuit Rom 12:9-21 aan dat liefde in wyer wordende sirkels uitgeleef moet word: die gemeente > alle mense > vyande. Daar is dus 'n beginsel van uitkringende liefdesbetoon. 'n Kleingroep kan en mag nie 'n na binne gerigte kliek word nie. Die Here roep ons juis om te dien. Liefde vir die wêreld beteken volgens Van der Watt (1997:565) om by ongelowiges ***betrokke te raak*** ten einde hulle na die familie van God toe oor te haal. Daarom word daar in die afdeling gepraat oor mense se behoeftes en hoe die groep gesamentlik en indiwidueel daarin kan voorsien (Potgieter, 1995:73).

Om diens te lewer is 'n manier van lewe en nie 'n lys dinge wat ons moet doen nie (Burger & Simpson, 1996:104). Dit is egter belangrik dat deelname aan diens deelname aan die "regte"

projekte sal wees. Dit help nie om mense te begelei om diens te lewer, die belangrikheid van diens te beklemtoon, maar hulle dan by onbelangrike dienslewering betrokke te maak nie. Aksies en dienslewering moet onmiddellik 'n positiewe impak op regte mense se lewens, in konkrete situasies, hê (Burger & Simpson, 1996:107).

Tydens hierdie fase is daar dus 'n fokus om mense se nood (ook geestelike nood) te identifiseeer en na hulle uit te reik. Die voortdurende intrek van meer mense by die liefdeskring moet 'n lewenswyse wees. Hierin is daar egter ook 'n balans soos wat Bird (1994:28) uitwys:

> ... it's very appropriate to have groups that are deliberately open all the time. At the same time, groups tend to grow deeper when the membership remains stable for a while.

Daar moet dus gepoog word om nie te veel nuwelinge op een slag by dieselfde groep in te skakel nie. Indien dit gebeur, is daar te veel mense wat mekaar nie goed genoeg ken nie, met die gevolg dat die openhartigheid en vertrouensverhouding soms skade lei.

Hoewel hierbo 'n model uiteengesit is vir die weeklikse byeenkoms van die kleingroep is dit essensieel om te besef dat kleingroepfunksionering 'n saamlewe dwarsdeur die week is, wat 'n hoogtepunt het in die weeklikse byeenkoms.

In die funksionering van 'n kleingroepbyeenkoms is daar 'n groot mate van vryheid en informaliteit. Deurdat gefokus word op verhoudinge en nie op 'n program nie, kan 'n model (verloop) vir 'n byeenkoms gebruik word om rigting te gee, maar dit mag nie die norm word vir die "sukses" van die kleingroep nie (vgl. Anon., 1967:63).

### *4.2.3 Die samestelling van kleingroepe*

Oor die samestelling van groepe is daar verskeie menings. As daar te veel heterogeniteit is, kan dit fataal wees vir die kleingroep. McBride (1990:31) meen dat mense met té uiteenlopende agtergrond, ouderdomme en gewoontes kan lei tot "the wrong mix" wat eerder 'n negatiewe of neutrale uitwerking sal hê as positiewe groei. In dieselfde asem sê hy egter dat 'n té homogene groep weer kan lei tot eksklusiwiteit en 'n gebrek aan gesonde interpersoonlike stimulasie.

Groepe moet gebind wees op grond van **verhoudinge**. Rigiede geografiese of ander gedwonge indelings belemmer dikwels spontane betrokkenheid en eenheid binne 'n groep.

Oostenbrink (1996b:91) meen dat die kleingroep as verbondsgesin, waar die lede van mekaar verskil (byvoorbeeld in gawes, geslag, persoonlikheid, belangstellings, ouderdom, en liggaamlike, ekonomiese en emosionele krag), van groot waarde is om mekaar te kan verryk en aan te vul.

Nie heterogeniteit of homogeniteit kan oorbeklemtoon word nie. Wanneer groeplede té radikaal van mekaar verskil bv. ten opsigte van taal en kultuur is die onderlinge binding tussen die lede moeiliker. Mense met dieselfde behoefte en belangstelling verstaan en vind mekaar makliker. Aan die ander kant bring verskeidenheid dikwels groter mate van groei en stimulering binne 'n groep (vgl. Oostenbrink & Lotter, 1999:40).

Daar moet dus 'n balans wees wat bepaal word deur die groep self binne hulle omstandighede en deur natuurlike ontwikkeling.

### *4.2.4 Die plek van die kind*

Neighbour (1990:181) wys daarop dat kinders in die Ou Testament gesien is as deel van 'n groep, meestal binne hulle primêre familiekring. God het bedoel dat ook die kinders, as deel van die verbond, nie alleen of uitgesluit moet wees nie (vgl. Eks 10:9; Joël 2:16). Die kind word dus groot in 'n groterwordende gemeenskapsirkel: Gesin > stam > volk > gemeenskap. Die opvoeding van die kind geskied veral deur modellering en hoewel die gesin die primêre ruimte is, speel elke vlak van die gemeenskap 'n rol daarin.

Die kind is dus ook wesenlik deel van 'n primêre geloofsgemeenskap soos die kleingroep (vgl. Potgieter, 1995:55). Tog moet die kind ook bereik word op die vlak van sy/haar ontwikkeling en begrip (Neighbour, 1990:192). Kinders moet deel vorm van die kleingroepaktiwiteit in die fasette wat hulle kan verstaan. Tydens bepaalde besprekings/Bybelstudie kan kleiner kinders deur spel of 'n ander wyse van onderrig besig wees. Volwasse lede van die groep kan om die beurt verantwoordelikheid neem vir die

kleiner kinders (vgl. Oostenbrink & Lotter, 1999:41). Potgieter (1995:55) meen dat kinders vanaf 12 jaar by die besprekings ingesluit behoort te word.

Tieners deins dikwels terug om van kleingroepe deel te wees, veral in gesinsverband. Louw, A. (1998:49) meen die feit dat hulle maats nie daar is nie, een van die oorsake daarvan is. 'n Ander oorsaak is soms die verkeerde idee wat bestaan dat die kerk hulle moet vermaak i.p.v. dat hulle diens moet lewer. Die groot geheim is om aan elke tiener 'n verantwoordelikheid te gee sodat hy/sy prakties kan leer om diensbaar te wees.

Daar moet ook voortdurend op die volwassenes se harte gedruk word dat hulle rolmodelle vir die kinders en jongmense is (Louw, A.,1998:50).

### *4.2.5 Grootte van die groep*

'n Minimum van drie persone is nodig om 'n kleingroep te begin, maar oor die maksimum is daar verskillende menings. Die meeste meen dat 'n groep nie groter as 12 - 15 persone behoort te wees nie. Die maksimum getal persone in 'n groep kan egter nie arbitrêr vasgestel word nie, aangesien dit o.a. deur die volwassenheid van die groep, die leierskapstyl en die persoonlikhede van die groeplede beïnvloed word (Barker et al., 1991:8). Wanneer daar nie meer persoonlike interaksie tussen al die groeplede is of kan wees nie, het die groep te groot geword (Barker et al., 1991:8).

As algemene riglyn kan 12 -15 as maksimum aanvaar word. Jesus Christus se dissipelgroep was twaalf (Joh 20:24). Daar kan egter eerder te min as te veel wees. Venter (1972:47) wys daarop dat 'n vergroting van die groep die deelname van die leidende persone relatief vermeerder, terwyl die deelname van die minder spraaksame lede relatief verminder. Die gaping in die deelname word dus aansienlik groter. 'n Groter groep beïnvloed ook die aard van die emosionele bande. Die sterkte van emosionele bande neem af met 'n vermeerdering in die groepgrootte.

Wanneer groepe te groot word, moet hulle tot twee groepe vermenigvuldig om so die groepsdinamika sowel as die groeipotensiaal te behou. 'n Té groot groep belemmer

deelname. Intimiteit gaan verlore en die geleentheid om persoonlike behoeftes van lede te hanteer, neem af.

Voordat groepe vermenigvuldig, moet daar 'n rypheid daarvoor wees. Heron (1989:26-27) dui aan dat daar verskillende stadiums is waardeur 'n groep gaan:

⇨ Stadium waar 'n verdedigende houding aangeneem word:
  - Die onderlinge vertroue is laag, dikwels spanning.
⇨ Stadium waar daar deur die houding van verdediging gebreek word:
  - Vertroue word gekweek.
⇨ Stadium van oorspronklike gedrag.
  - Elkeen is homself. Daar is onderlinge vertroue, oopheid teenoor ander en leierskap word gedeel.

Oostenbrink en Lotter (1999:33-34) sluit hierby aan en onderskei die volgende stadiums waardeur 'n kleingroep ontwikkel:

⇨ Totstandkoming, oriëntering en kenmekaar
  - Groeplede leer mekaar ken en probeer uitvind wie watter rol in die kleingroep vervul.
⇨ Konflikhantering en konfrontasieverwerking word geleer.
  - In hierdie fases kan gedrag wat vir die indiwidu aanvaarbaar en normaal is, binne die groepsituasie aanpassings verg of botsings meebring.
  - Die regte kanalisering en hantering is uiters noodsaaklik, sodat dit eerder 'n saambindende as afbrekende uitwerking het.
⇨ Gemeenskap en samewerking om doelwitte te bereik.
  - Onderlinge aanvaarding, openheid ontwikkel.
⇨ Na-buite-gerigte-diens asook vermenigvuldiging (verdeling) in twee groepe.
  - Dieselfde mense behoort volgens Oostenbrink en Lotter (1999:33) nie langer as twee jaar in dieselfde groep te funksioneer nie.

Neighbour (1994:149) meen dat 'n kleingroep binne ses tot nege maande in twee groepe moet vermenigvuldig. Normaalweg is groepe geneig om na nege maande te stagneer indien hulle nie vermenigvuldig nie. Wandrag (1995:12) is egter van oortuiging dat dit gemiddeld 12 tot 18 maande neem voordat 'n groep vermenigvuldig (verdeel).

## 4.3 KLEINGROEPBEDIENINGSTRUKTUUR MET VERWYSING NA BESONDERE AMPTE

### *4.3.1 Die rol van die ouderling*

Binne die presbiteriale kerkregeringstelsel is die ouderlinge die toesighouers, versorgers en regeerders van die gemeente (vgl. Spoelstra, 1989:143). In Hand 20:28 spoor Paulus die ouderlinge van Efese aan om hulle dienswerk te verrig: "Pas julleself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het." Die ouderlinge besit nie self gesag oor die gemeente nie, maar bedien die gesag van Christus binne die gemeente (Du Plooy, 1998:8). Die plaaslike gemeente is selfstandig en volledig kerk (Du Plooy, 1998:9).

Dikwels word daar struktureel aan die werk van die ouderling en diaken gedink in die sin dat hulle slegs binne 'n bepaalde kerklike bedieningstruktuur kan/moet funksioneer. Daar moet waarskynlik meer ***funksioneel*** aan die werk van die besondere ampte gedink word m.a.w. watter funksie (diens) die ouderling en diaken moet verrig. Verskillende bedieningsmodelle kan verskillende strukture hê waarbinne die besondere ampte funksioneer, maar die basiese doel en opdrag van die besondere ampte, soos in die Skrif gevind, moet gehandhaaf word. Die strukture moet dienend wees tot die uitvoering van die ***funksie (diens)*** van die besondere ampte.

Toegepas op die kleingroepbedieningspatroon kan die ouderling volgens Oostenbrink (1994:159) gesien word as die:

⇨ toesighouer oor en die versorger van die kleingroepleiers;

⇨ toesighouer oor en versorger van die kleingroeplede wat onderling oor mekaar toesig hou en mekaar versorg.


Hoewel Oostenbrink (1994:159) die onderlinge samewerking en interaksie tussen kleingroepe ook onder die leiding van die ouderling plaas, sou dit as deel van uitkringende *koinonia* eerder onder die leiding van die diaken geplaas kon word (vgl. 4.3.2).

Wanneer 'n paar kleingroepe funksioneer en die mekaarbediening realiseer, kan 'n paar kleingroepe (maksimum 5) 'n wyk vorm wat deur 'n ouderling bedien word. Hierdie ouderling sal iemand wees wat self deel is van een van die kleingroepe (verkieslik nie as 'n

leier nie), maar wat in besonder die groepleiers van die vyf kleingroepe dien deur toerusting, bemoediging en ondersteuning. Die groepleiers en ouderling kom tweeweekliks bymekaar. Deur die terugvoering van die groepleiers en gereelde besoeke aan die verskillende kleingroepe het die ouderling egter ook 'n band met elke lid van die kleingroepe.

In 'n groot gemeente kan daar op só 'n wyse baie kleingroepe met heelwat ouderlinge wees. Die predikant sou in so 'n situasie besonder aandag gee aan die toerusting en begeleiding van die ouderlinge wat op hulle beurt weer die kleingroepleiers kan begelei en toerus.


Die bedieningstruktuur (vgl. Neighbour, 1990:195) kan soos in figuur 5 voorgestel word:




**Figuur 5. 'n Kleingroepbedieningstruktuur**

Op 'n besondere manier realiseer die beginsel in 2 Tim 2:2 "Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer."


Op hierdie wyse is die aktiwiteit van kerkwees gesetel in elke gelowige in die kleingroep self, terwyl die gawes (herders en leraars, vgl. Ef 4:11) die gelowiges toerus vir hulle dienswerk. Die volgende bedieningstrategie (Fleischmann, 1995:ongepubliseer) sou dus kon realiseer (figuur 6):




**Figuur 6. 'n Kleingroepbedieningstrategie**

In die bedieningstrategie is daar 'n sterk klem op persoonlike bediening. Dit is slegs moontlik waar daar persoonlike kennis en saamlewe tussen groeplede is. Hier gaan dit nie in die eerste plek oor die bediening deur die predikant of die ouderling nie. Een besoek per jaar van die predikant of selfs die besoek per kwartaal deur die ouderling is beswaarlik persoonlike bediening. Weeklikse kontak waar gelowiges onderling saam leef en mekaar bedien deur die funksionering van die amp van die gelowige is die enigste manier hoe daar werklike persoonlike bediening tot opbou (groei) van elke gelowige kan wees.

In die kleingroep is daar onderlinge gemeenskap met voortdurende kontak tussen groeplede. Waar 'n tradisionele wyk se lede dikwels deur die ouderling saamgebind en bedien word, is daar in 'n kleingroep onderlinge verbintenis en mekaarbediening soos aangetoon in figuur 7 (Du Plessis, 1996:mededeling):




**Figuur 7. Onderlinge verbintenis in 'n tradisionele wyk versus 'n kleingroep**

Die ouderling moet dus eerder die kleingroepleiers en -lede begelei om mekaar binne die kleingroep te kan bedien. Op so 'n wyse is daar intensiewe persoonlike bediening moontlik deur die funksionering van die amp van die gelowige en word alles nie aan 'n enkele ouderling binne 'n wyk oorgelaat nie.

### *4.3.2 Die rol van die diaken*

Die diaken kan ewe-eens sy eiesoortige amp (diens) vervul binne die kleingroep bedieningstrategie.

Die take van die diaken, soos verander deur die Nasionale Sinode 1997 van die GKSA, sluit die volgende in (vgl. KO art. 25):

⇨ Die amp van die diaken is om te sorg dat die gemeente hulle eenheid in Christus in *daadwerklike onderlinge liefde beoefen.*

⇨ Hulle opdrag is om almal in die gemeente te besoek en uit die Skrif toe te rus en aan te spoor tot *daadwerklike liefde teenoor almal, in besonder die medegelowiges.*

⇨ Verder sien hulle toe dat niemand, om watter rede ookal, van die *geloofsgemeenskap vervreem* raak nie (kursiverings deur CJvH).

Wanneer die opdrag van die diakens van nader beskou word, praat dit die taal van kleingroepfunksionering. 'n Kleingroep skep dus 'n ruimte waar die diaken nie net die lidmate

kan toerus vanuit die Skrif nie, maar ook op 'n besondere wyse sorg kan dra dat die gemeente hulle eenheid in daadwerklike onderlinge liefde beoefen (vgl. KO art. 25).

'n Skeeftrekking van *koinonia* deur uitsluitlik na binne gerigte bediening in die kleingroep, is aspekte waar die diaken die korrektief vanuit die Woord moet bedien. Ware *koinonia* (ook, en veral binne die kleingroep) val onder die leiding en dienswerk van die diaken.

Interaksies tussen die verskillende kleingroepe sou ook op die terrein van die diaken lê, om sodoende die onderlinge verbondenheid in groterwordende kringe te stimuleer. Die diaken sou, soos die ouderling, 'n wyk kon hê wat uit meer as een kleingroep bestaan (vgl. figuur 7).

Die diakenamp sluit ook by die kleingroep se visie na buite aan: om 'n oog te hê vir nood. Daarin kan groepe gelei en gehelp word om spesifiek ook diakonaal by 'n projek betrokke te raak bv. om 'n kinderhuis te ondersteun.

Kleingroepe skep verder 'n ruimte waar eensames en behoewendes ingetrek, versorg en op 'n persoonlike wyse ondersteun kan word - hierin moet die diaken leiding neem.

### 4.3.3 Die rol van die predikant

Volgens Ef 4:11-12 is die funksie van die herders en leraars om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en die opbou van die liggaam van Christus. Binne die kleingroepbedieningstruktuur sal die predikant ook in besonder aandag gee aan toerusting van leiers. Hier word dan in die eerste plek aan die ouderling gedink (vgl. Oostenbrink, 1994:160), maar ook aan die kleingroepleiers wat deur die predikant en ouderling saam begelei en toegerus word (vgl. 6.4).

Op 'n besondere wyse realiseer die beginsel van 2 Tim 2:2 hier waar die predikant persoonlike, gereelde en kwaliteit kontak met die ouderlinge het, wat weer elkeen met die kleingroepleiers in sy wyk noue verbintenis het wat weer op hulle beurt met die kleingroeplede noue kontak het (vgl. figuur 5). Op so 'n wyse is elkeen nie alleen 'n leerling nie, maar ook 'n leermeester. Die predikant skakel self ook by 'n kleingroep in, waar hy weer deur ander medegelowiges versterk en versorg word.

## 4.4 SAMEVATTING

- Kleingroepe funksioneer deur die verbintenis van gelowiges om in onderlinge aanvaarding met mekaar mee te leef met as hoogtepunt 'n gereelde kleingroepbyeenkoms.
- Tydens 'n kleingroepbyeenkoms word vier verhoudings weerspieël nl. :
  - ⇨ Mens tot mens (gelowiges onderling).
  - ⇨ Mens tot God.
  - ⇨ God tot mens.
  - ⇨ Mens tot medemens (gelowiges met wêreld).
- 'n Goeie riglyn vir die grootte van 'n kleingroep is 12 -15 lede wat nie té heterogeen of té homogeen moet wees nie.
- Tussen een en vyf kleingroepe kan 'n wyk vorm wat deur 'n ouderling en diaken bedien kan word. Die ouderling begelei en rus in besonder die kleingroepleiers toe en neem saam met die kleingroepleier verantwoordelikheid vir kleingroeplede in sy wyk. Die regte funksionering van *koinonia* binne die kleingroep, asook hulpverlening na buite, staan in besonder onder die begeleiding van die diaken.

# HOOFSTUK 5
# VOORDELE VAN KLEINGROEPBEDIENING

## 5.1 DOELWITTE

- Om die voordele van kleingroepe aan te toon.
- Om vas stel in hoe 'n mate kleingroepe 'n ruimte skep waar faktore wat groei strem, teëgewerk kan word.

## 5.2 ALGEMENE VOORDELE VAN KLEINGROEPBEDIENING

Currah (1993:1) sowel as Oostenbrink en Lotter (1999:8) het verskillende voordele van kleingroepe as 'n strategie vir bediening en groei aangedui. 'n Paar daarvan is dat 'n kleingroepbediening:

⇨ Alle Christene in staat stel om hulle gawes tot voordeel van ander te gebruik.
⇨ Lei daartoe dat meer leiers na vore kom en ontwikkel.
⇨ Help om elke gelowige in 'n dienaar te laat ontwikkel.
⇨ Verseker die gebruik van die Bybel vir praktiese lewensituasies.
⇨ Gee aan alle deelnemers bedieningsgeleenthede.
⇨ Demonstreer aan ongelowiges die realiteit van Christus.
⇨ Rus leiers deur effektiewe indiensopleiding toe.

Daarby kan gevoeg word dat 'n kleingroepbediening:

⇨ 'n Ruimte skep vir geloofsgroei.
⇨ Ondersteun die bediening van die besondere ampte.
⇨ Skep die geleentheid vir ware *koinonia*.
⇨ Demonstreer liefde deur die funksionering daarvan.
⇨ Gee motivering om ook by die ander kerkaktiwiteite betrokke te wees.
⇨ Leer mense om te kan "oop maak" en "deursigtig" te wees.
⇨ Skep 'n ruimte waar toesig en tug in die eerste plek tussen medegelowiges geskied.
⇨ Gee op 'n besondere wyse geleentheid vir gesamentlike aanbidding.
⇨ Leer gelowiges om verantwoordelikheid vir mekaar te neem - "accountable" teenoor mekaar te wees.

- ⇨ Leer gelowiges om in verhoudinge te leef.
- ⇨ Skep 'n ruimte waar gelowiges leer om oor hulle geloof te praat en dit met ander te deel.
- ⇨ Verlig mettertyd die taak van die predikant deurdat daar onderlinge pastoraat is.
- ⇨ Neem eerder meer as slegs enkele fasette van Christenwees in ag. Mekaarbediening, uitreik na mekaar en na buite, Woordstudie en aanbidding vorm alles deel van kleingroepe. Diensgroepe of ander groepe is dikwels gerig op 'n bepaalde taak of aspek.
- ⇨ Mense 'n beter kennis van die Bybel gee.

Kleingroepbediening moet nie as 'n nuwe bediening gesien word nie: Bucer en Luther het reeds in die 16de eeu gemeen dat die benutting van klein- en huisgroepe die geleentheid bied om die funksionering van die amp van die gelowige, ware geloofsgemeenskap en -belewing tot sy reg te laat kom (Berkhof 1973:378; Kunst 1991:66-67).

Kerkstrukture is soos 'n beker waaruit 'n mens koffie drink. Potensieel kan verskeie houers werk, sommiges werk net beter as ander.

Die onderlinge bediening van gelowiges is volgens Yue (1992:1) die grootste voordeel van kleingroepe:

> Perhaps the most exciting experience in a cell group church is to see that body ministry (cell member to cell member) and body evangelism (cell memberS to non-Christians) is for real. Please note it is CELL MEMBERS (not member - singular) to non-Christians.

In 'n artikel waar bedieningstrategieë van verskillende kerke in Amerika onder die soeklig geplaas word, kom Buys en Venter (1994:349) tot die volgende konklusie:

> Groei kan inderdaad die beste gerealiseer word waar daar sterk klem is op kleingroepbediening... Selfs in gevestigde kerke wat oneffektief geword het, word kleingroepbediening ervaar as 'n middel tot herstel.

In 'n artikel "Waarom groei kerke?" wys Vorster (1997:14) op verskillende sake wat by groeiende kerke (kwalitatief en kwantitatief) voorkom. Hy noem o.a. die handhawing van die gesag van die Skrif, die belewing van die gemeenskap van die heiliges, vermyding van institusionalisme en toerusting aan predikante en lidmate. In sy bespreking van die belewing van die gemeenskap van die gelowiges noem hy dat wat veral by hierdie groeiende kerke

opvallend is, is die feit dat hulle die gevestigde bedieningspatroon aanvul met die Nuwe Testamentiese praktyk van kleingroepe. Ook Van der Walt (1999a:16) sien kleingroepe as 'n middel tot persoonlike geloofsverdieping, terwyl Du Plooy (1999:13) kleingroepe sien as 'n addisionele bedieningsgeleentheid om gemeenskapsbelewing op 'n organiese wyse uit te bou.

Kleingroepe skep 'n ruimte waarbinne gelowiges in ware geloofsgemeenskap kan groei. Die belewing van gemeenskap is volgens Vorster (1999:111) juis 'n besondere behoefte van die mens in die postmoderne paradigma van ons tyd. Kirkpatrick (1995:14) wys daarop dat daar eintlik 'n paradoks by mense is t.o.v. geloofsgemeenskap. Hulle soek intimiteit, maar terselfdertyd hardloop hulle daarvan weg. Mense het die behoefte om oop en eerlik te wees, maar is ook nie bereid om te waag en hulleself bloot te stel nie. 'n Gebrek aan vertroulikheid bemoeilik hierdie blootstelling. Verder wil iemand ook nie altyd so geredelik die waarheid omtrent hom/haar hoor nie. Sodoende verberg mense eerder hulself as om die ware self te openbaar. Binne die kleingroep groei vertroue en eerlikheid teenoor mekaar om sodoende 'n ruimte te skep waar 'n "oopheid" tussen die lede van die groep groei wat ware geloofsgemeenskap in die hand werk.

Kleingroepe skep dus 'n ruimte waar die Bybelse eis van mekaarbediening, *koinonia*, en die funksionering van die amp van die gelowige binne die 21ste eeu kan realiseer.

Uit 'n sosio-psigologiese hoek kan kleingroepe, volgens Oostenbrink en Lotter (1999:30), 'n bydrae lewer tot die vervulling van die volgende behoeftes van mense:

- ⇨ Die behoefte om aanvaar te word vir wie jy is en nie net vir wat jy doen nie.
- ⇨ Die behoefte om iewers te behoort en te kan sê: "dis my mense dié."
- ⇨ Die behoefte om te weet daar is mense op wie ek kan terugval ('n "back-up"), mense wat my sal ondersteun en liefhê as ek dit "nie maak nie".
- ⇨ Die behoefte om liefgehê te word en om ander te kan liefhê.
- ⇨ Die behoefte om te gee en te ontvang en te ervaar dat ek in 'n sosiale opset 'n verskil maak.
- ⇨ Die belewing dat my probleme nie uniek is nie, maar dat ook ander, of dalk almal in die groep, dieselfde probleme ervaar.
- ⇨ Die behoefte om te voel dat ek menswaardig is en gerespekteer en waardeer word, ongeag hoeveel ek tot die groep kan bydra of nie.

⇨ Die behoefte om te kan uitvind wie ek is en hoe ek my lewe wil inrig.

Birkey (1991: 71-74) toon in 'n studie rondom huiskerke in die vroeë Christendom aan dat die huiskerke sekere probleme ondervang het. Baie daarvan kan ook op die kleingroep van toepassing gemaak word:

⇨ Binne die kleiner groep is daar groter geleentheid om oor grense soos ras, klas en geslag werklik bymekaar uit te kom.
⇨ Almal kry in die kleiner groep geleentheid om ten volle te kan dien.
⇨ Die huiskerk was 'n kultureel relevante model. Dit het aangepas by die tydsomstandighede.
⇨ Die kleiner groep het die leierskapontwikkeling sterk beïnvloed en laat ontplooi.
⇨ Kleiner groepe het 'n strategie gegee vir 'n missionêre bediening.

Kleingroepe gee ook 'n geleentheid vir gelowiges om hulle roeping na buite te vervul. Oostenbrink en Lotter (1999:31) gebruik die voorbeeld van die twee seë in Palestina: Die Dooie see en die see van Galilea. Die Dooie see wat geen uitloop het nie, het 'n hoë soutinhoud tot gevolg wat veroorsaak dat daar nie vis- en plantlewe is nie. Die see van Galilea, met 'n in- en uitvloei, wemel van vis en plantlewe. So skep die kleingroep 'n "uitvloei-geleentheid" vir die gelowige.

Volgens Oostenbrink en Lotter (1999:31-32) bied kleingroepe ook 'n potensiële antwoord vir ware spiritualiteit in vandag se tyd en situasie. Geloof is deel van 'n persoon se hele lewe en nie net 'n bepaalde faset nie.

## 5.3 KLEINGROEPBEDIENING ONDERVANG LEEMTES WAT GROEI STREM

In hierdie gedeelte word nagegaan hoe die verskillende aspekte wat nodig is vir kwalitatiewe en kwantitatiewe groei, in die funksionering van die kleingroepe realiseer. In die kleingroep kry mense die geleentheid om naby genoeg aan mekaar te kom om mekaar op te bou en om saam uit te bou.

> Jy kan mense op 'n afstand beïndruk, maar jy kan hulle slegs in nabyheid beïnvloed. (Oostenbrink, 1997:mededeling.)

### 5.3.1 Identiteit

Die gelowige moet leef vanuit die identiteit wat hy in Christus het. Wanneer hy nie daardie identiteit vasgryp nie, sal hy ook nie daarin groei nie. In die kleingroep is daar nie ruimte om 'n front voor te hou of om in die massa te verdwyn nie. Indien iemand nie vanuit sy identiteit leef nie, word dit vinnig raakgesien en is daar die geleentheid om dit biddend, vanuit die Woord, met die hulp en leiding van die groep, reg te stel. Veral die mens-tot-mens fase in bogenoemde model skep 'n ruimte waar die identiteit van mense tot uiting kom.

Dit gaan dus daaroor om iemand te *wees* en nie om iets te *doen* nie. Daar word gefokus op "wees-funksies" en nie net op "doen-funksies" nie (vgl. Oostenbrink, 1996b:89).

### 5.3.2 Diens tot opbou en uitbou

In die kleingroep is daar te min lede om die onbybelse luukse van onaktiewes te bekostig. Volgens die kleingroepmodel moet alle gelowiges hulle volle roeping as profeet, priester en koning vervul. Dit is, byvoorbeeld, nie meer genoeg en gerusstellend dat die groot gemeente 'n evangelisasieaksie het nie. Groei en getuienis moet vanuit elke kleingroep geskied (vgl. mens tot medemens fase). Dit skep die geleentheid vir elke gelowige om met sy gawes diens te kan lewer.

Die beeld van 'n liggaam kan gebruik word waar elke sel moet funksioneer en sy deel bydra om die liggaam as geheel te laat funksioneer. Elke lid van die liggaam is nodig:

> Die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie. Die kop kan weer nie vir die voete sê: Ek het julle nie nodig nie. (1 Kor 12:21.)

Diensbaarheid is dus noodsaaklik in die groei van 'n gemeente. Kleingroepe wil juis diensbaarheid fasiliteer (vgl. Neighbour, 1990:60).

### 5.3.3 Gawes tot opbou (groei) van ander

Die gebruik van ***elke gelowige*** se gawes sluit nou aan by dienslewering. Buys (1983:12) wys daarop dat Christus gekom het om die amp van alle gelowiges, wat kragtens die skepping hulle s'n was, te herstel. Die amp van die gelowige behels dat gelowiges mekaar, sowel as die ganse skepping dien. Aangesien die kleingroep min lede het, kan elkeen die geleentheid kry

om sy gawes te gebruik en te ontwikkel. Omdat daar 'n groter mate van kwaliteitkontak tussen lede van 'n kleingroep bestaan, is daar ook 'n groter bewustheid van behoeftes in die groep en kan lede mekaar met hulle gawes bedien.

Oostenbrink en Lotter (1998:14) wys daarop dat die kleingroep 'n ruimte skep waar gelowiges leer om sensitief vir en afhanklik van die Heilige Gees te raak, omdat hulle mekaar onder sy leiding en met sy gawes dien.

### *5.3.4 Eenheid as getuienis tot mekaar en die wêreld*

Kleingroepe skep 'n geleentheid waar gelowiges mekaar op 'n dieper vlak kan leer ken en saamleef om sodoende die ***eenheid*** wat daar in Christus tussen hulle is, te konkretiseer. Om mekaar daadwerklik lief te hê en in eenheid te leef, is dit nodig om mekaar te ken, met mekaar kontak te hê en geloofsgemeenskap te beoefen. Hiervoor skep die kleingroep op 'n besondere wyse die geleentheid deur die saamlewe van die gelowiges met as hoogtepunt die weeklikse byeenkoms.

So word die getuienis van Christus as die Here deur die eenheid van die gelowiges uitgedra (vgl. Joh 17:21-23).

### *5.3.5 Groei deur mekaarbediening*

Wanneer gelowiges mekaar wil bedien volgens die opdrag van God (soos in hoofstuk 2 uiteengesit), moet hulle ***weet*** wat in die ander se lewe gebeur. A.g.v. die kleiner hoeveelheid interaksielyne (vgl. Potgieter, 1995:96) is sulke kwaliteitkontak tussen gelowiges in 'n kleingroep moontlik.

Deur die voortdurende kontak tussen lede van 'n kleingroep word hulpverlening nie slegs beperk tot die tye wanneer daar verneem word van 'n groot krisis nie, maar daar is voortdurende vermaning, aansporing en ondersteuning om te groei. Binne 'n groot groep is hierdie mekaarbediening nie prakties haalbaar nie.

Neighbour (1990:221) meen dat selfs binne die nouer en intieme kontak van 'n kleingroep elkeen verantwoordbaar moet wees aan iemand en verantwoordelik moet wees vir iemand.

Potgieter (1995:110) noem die belang van die inskakeling van die leraar by 'n kleingroep waar hyself ook bedien kan word. Die toeruster of leier moet ook deur medegelowiges versorg word.

### *5.3.6 Gebed*

Gebed speel 'n essensiële rol in die groei van die kerk (vgl. 2.5.5). In 'n kleingroep het mense groter vrymoedigheid om te bid en ook spesifiek vir mekaar in konkrete situasies te bid. In die kleingroep word die gelowige veral bewus van die wonder van God se liefde wanneer groeplede praat oor wat in hulle lewe gebeur (mens tot mens fase) en die gelowiges kan hoor hoe God gebede verhoor en mense bewaar. So word die groep tot dankbare aanbidding gebring (Potgieter, 1995:142). In die kleingroep word die geleentheid geskep om vir groei in spesifieke areas van indiwidue se lewe te kan bid.

### *5.3.7 Evangelisering (kwalitatiewe groei)*

Neighbour (1990:62) maak die stelling dat die evangelisasie wat tradisioneel vandag gedoen word, slegs die boodskap van liefde bring, maar nie die gemeenskap van liefde demonstreer nie. Evangelisasie gaan egter oor dissipels maak en dit behels 'n omvattende meeleef en betrokkenheid by mense wat afgedwaal het, sowel as 'n modellering van die Christelike lewe. Betrokkenheid en modellering kan by uitstek in die kleingroepbediening tot sy reg kom.

Die funksionering van die kleingroep gee uitdrukking aan die opdrag aan die gelowiges om sout te wees. Deur mekaar op persoonlike vlak op te bou (Ef 4:16) word gelowiges toegerus om vanuit 'n groeiende geloofsverhouding te getuig. Anders gestel, juis omdat die gelowige 'n ruimte het waar hyself op persoonlike vlak vermaan, vertroos en toegerus word, word hy gedring deur die oorvloed wat hy ontvang om ook te gee. Die fokus is dus nie noodwendig op 'n aparte formele evangelisasieaksie nie, maar eerder 'n vertel van die groot dade van God waar 'n persoon ookal werk of beweeg. Daar is terselfdertyd 'n ruimte in die vorm van 'n kleingroep waarheen buitekerklikes genooi kan word, om nie net die boodskap van liefde te hoor nie, maar ook die gemeenskap van liefde te ***sien*** en te ***beleef.*** Cho (1981:58) sê:

> We need evangelism that begins right in our own neighbourhoods, in our cities and villages, wherever the Lord has planted us.

Een van die "strategieë" wat die kerk in Korea (waar Dr. Cho pastor is) gebruik, is om gedurig op die uitkyk te wees vir mense (ongelowiges) wat 'n krisis beleef. Dikwels skep God juis deur die krisis 'n geleentheid om teenoor 'n ongelowige te getuig deur o.a. in en

deur die kleingroep hom te ondersteun. Op so 'n wyse is dit vir elke gelowige moontlik om sout te wees en so die na-buite-gerigte-fokus tot kwantitatiewe groei te laat realiseer.

Tradisioneel is die groot leemte in evangelisasiewerk dikwels die gebrek aan ***opvolg en inskakeling.*** Wanneer 'n gelowige egter met 'n ongelowige kontak maak, word hy uitgenooi na 'n kleingroep en kan die lede op persoonlike vlak die liefde van Christus aan hom demonstreer en by hom betrokke raak. Die kleingroep is dan die manier hoe iemand, wat tot geloof kom, in die gemeente ingeskakel word (vgl. Du Plooy, 1999:13). In die kleingroep is daar 'n verbintenis en verhouding met die buitekerklike en nie slegs 'n enkele besoek sonder enige opvolg nie. 'n Totale betrokkenheid by die buitekerklike geskied vanuit die funksionering van die kleingroep in ooreenstemming met 1 Tess 2:8 :

> So geheg is ons aan julle dat ons nie net die evangelie van God aan julle gegee het nie, maar ook ons lewe vir julle sou wou gee, want ons het julle liefgekry. (vgl. ook Neighbour 1990:254.)

Vanuit die inskakeling in die kleingroep word die buitekerklike ook by die gesamentlike aanbidding van die hele gemeente betrek.

Geok (1994:69) noem 'n paar aspekte wat evangelisasiewerkers moet onthou:

- ⇨ Evangelisasie is 'n proses.
- ⇨ Evangelisasie neem tyd.
- ⇨ Evangelisasie werk deur verhoudinge.
- ⇨ Evangelisasie behels spanwerk.
- ⇨ Moenie die vrug kneus wat 'n ander moet pluk nie.


In die kleingroep kan 'n buitekerklike nie alleen liefde sien en beleef nie, maar ook sy probleme en vrae kan met verloop van tyd in die groep, of deur gesprekke met groeplede hanteer word.

Die groep moet dus nie alleen groei deur medelidmate by die kleingroep in te skakel nie, maar ook deur buitekerklikes wat deur die getuienis en uitnodiging van die groeplede besoek kom aflê by die kleingroep en uiteindelik daarvan deel word. Daar moet egter gewaak word om te veel nuwelinge op een slag deel te maak van 'n groep, aangesien dit die intimiteit en identiteit van die groep in gedrang bring. Daar moet min genoeg nuwelinge op 'n gegewe

moment wees, sodat die voorleef van die beginsel van mekaarbediening, verantwoordelikheid neem vir mekaar ens. nie deur die idees en gewoontes van die nuwelinge versmoor word nie.

Niemand moet egter gedwing word om deel te word van 'n kleingroep nie (Oostenbrink, 1994:153). Iemand wat wel deel wil wees, moet homself daartoe verbind en bereid wees om te dien en om bedien te word. Mense kan en moet wel uitgenooi word om 'n paar byeenkomste by te woon, sonder om enige verpligting op hulle te plaas. Deurdat die byeenkomste by huise gehou word, word 'n nie-bedreigende ruimte geskep waar ongelowiges ingeskakel kan word (Drake, 1999:3).

Evangelisering binne en vanuit die kleingroep kan skematies soos in figuur 9 voorgestel word (Neighbour, soos oorgeneem en vertaal deur Oostenbrink, 1994:80):




**Figuur 9. Evangelisering binne en vanuit 'n kleingroep**

(Neighbour, soos oorgeneem en vertaal deur Oostenbrink, 1994:80.)

Enersyds is daar dus diegene wat spesifiek na bepaalde "moeilik oortuigbares" gaan d.w.s. diegene wat nie 'n Christelike agtergrond het nie en geen belangstelling in die Bybel of Christelike aktiwiteite toon nie. Andersyds is daar ook diegene wat na "maklik oortuigbares" gaan d.w.s. mense wat belangstelling toon of vra om besoek te word (Neighbour, 1990:216). Die buitekerklikes wat besoek word kan vreemdes wees, maar ook mense met wie elke dag saam gewerk en geleef word. Telkens word die mense teenoor wie getuig word na die kleingroep genooi, hetsy om te dien as getuienis, of vir opvolg of vir inskakeling, afhangende van die situasie.

Die onderlinge liefde tussen gelowiges wat in die kleingroep uitkom deur die saamlewe, eenheid en mekaarbediening, is volgens Joh 13:34 op 'n besondere wyse 'n getuienis "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van my is."

### *5.3.8 Geloofsgemeenskap (koinonia)*

Ware geloofsgemeenskap (*koinonia*), wat die ruimte is waar verandering en groei optimaal kan plaasvind, word juis in die kleingroepe beleef en uitgeleef, omdat minder maar meer intensiewe verhoudinge tussen mense bestaan. (vgl. die aantal interaksielyne in kleingroepe by 3.5.1.)

'n Mens word verander deur 'n groep mense wat vir jou omgee en met wie jy saamlewe (Potgieter, 1995:81). Liefde funksioneer volgens Van der Watt (1997:566) binne die *verhoudingsnetwerk* tussen die verskillende lede van die familie van God. Kleingroepe bied hierdie verhoudingsnetwerk waar gelowiges betrokke is en aan mekaar verbind kan wees. Bellah (1988:51) wys daarop dat ons in 'n samelewing leef waar die klem baie sterk op individuele outonomie en selfverwesenliking val.

> The language of today is "journey": "I'm on my journey. If you're not going with me, goodbye." It's very hard to get people who are in that mode to think of themselves as part of a "we" ... to realize that there is no such thing as a solo journey.

Kleingroepe is juis 'n antwoord op hierdie individualisme: "Small groups within the church community are one of the best ways to build 'Connectedness.' " (Bellah, 1988:51.)

Oostenbrink, M. (1996:37), wat self 'n geruime tyd deel is van 'n kleingroep, beskryf die gemeenskap van die gelowiges in kleingroepe as volg:

> Die wonder van die gemeenskap van gelowiges in kleingroepe kan moeilik beskryf word. Dit is meer as net groepsbyeenkomste - dit is 'n lewenstyl van gemeenskap regdeur die week. Om soos 'n liggaam te groei en sterk te word, neem tyd en vra opofferinge, maar die seëninge vir die kerk van die Here is so ryk. Christene se geloof word verryk en verdiep, gelowiges beleef mekaar regtig as mekaar se broers en susters in die Here en die Here word beleef as 'n lewende werklikheid vir elke vlak van die lewe.

Opbou en uitbou groei vanuit *koinonia*.

Die kleingroepfunksionering is dus 'n ander manier van lewe as wat deur die wêreld dikteer en aanvaar word.

- ⇨ Om te praat oor my geloofslewe vs die wêreldse idee van dis my persoonlike saak.
- ⇨ Om mekaar te bedien vs die wêreldse standaard van elkeen vir homself.
- ⇨ Elke gelowige verrig sy funksie vs 'n verbruikersmentaliteit waar die dominee en kerkraad die lidmaat moet bedien.
- ⇨ Om oop te maak vs om 'n masker te dra.
- ⇨ Onderlinge verhoudinge vs programme en skedules.

Volgens Oostenbrink en Lotter (1998:15) skep die kleingroep 'n ruimte waar 'n eensydige individualisme en die individualisering van spiritualiteit verbreed word om voor God in gemeenskap met ander te leef. Geloof kan dus binne die kleingroep in ware *koinonia* met mekaar beoefen word.

## 5.4 SAMEVATTING

Kleingroepe skep 'n geleentheid waar probleme wat groei strem, aangespreek kan word en faktore wat groei bevorder, aangeleer en uitgeleef kan word.

- Die gelowige se identiteit in Christus word versterk.
- Gelowiges kan binne die geloofsgemeenskap van 'n kleingroep hulle gawes ontdek en gebruik om mekaar te dien.
- Kleingroepe skep 'n geborge ruimte waar gelowiges groter vrymoedigheid het om vir mekaar te bid.

- Evangelisasie, waarvan die opvolg en dissipelskap deel is, kom organies vanuit die regte funksionering van 'n kleingroep.
- *Koinonia*, wat die ruimte is vir geestelike groei, word binne die kleingroep beleef en uitgebou.

# HOOFSTUK 6

# RIGLYNE VIR IMPLEMENTERING IN 'N GEREFORMEERDE KERK.

## 6.1 DOELWITTE

Die implementering van kleingroepe in 'n gemeente kom in hierdie hoofstuk aan die orde. Daar sal gepoog word om riglyne te gee vir:

- Leierskapontwikkeling.
- Die implementering van 'n kleingroepbediening in Gereformeerde Kerke.
- Die voorbereiding en toerusting van lidmate vir 'n kleingroepbediening.

## 6.2 INLEIDING

Enige verandering van bekende maniere en opvattings sal reaksie (positief en negatief) ontlok. Verandering het meestal elemente van onsekerheid en onbekendheid en juis daarom sal nuwe maniere dikwels tot in die fynste besonderhede bevraagteken en geëvalueer word, terwyl bestaande praktyke as gevolg van hulle "bekendheid" onbevraagtekend nagevolg word. In die implementering van kleingroepe moet kritiek nie lei tot moedeloosheid nie, maar eerder as 'n stimulus om steeds vasgeanker te bly aan die Woordbeginsels.

## 6.3 VERANDERING IN DENKE EN OPVATTING

Die oorbeweeg van 'n sogenaamde program georiënteerde kerk na 'n verhouding georiënteerde kerk begin met 'n verandering in denke. Hoe 'n mens dink, sal bepaal wat 'n mens doen (vgl. Rom. 12:2, Spr. 4:23). 'n Skriftuurlike korrektief is nodig om onbybelse opvattinge en groeistremmende praktyke, soos 'n predikantskerk, onaktiewe en onbetrokke lidmate en programgeoriënteerdheid, reg te stel. Potgieter (1995:29-30) wys daarop dat verandering by die wortel moet begin. Verandering is nie bloot nuwe metodes nie. Die beginsels agter die metodes moet duidelik gemaak en uitgeleef word. Denke- en lewensverandering is noodsaaklik vir ware verandering in bepaalde praktyke (Potgieter,

1995:34). Hierin speel die prediking, hantering van bepaalde temas op kampe of toerustingsgeleenthede en modellering 'n belangrike rol (vgl. ook 6.6.1).

Daar is dus 'n paradigmaskuif nodig, m.a.w. 'n verandering van denkraamwerk, 'n verandering van 'n manier van dink. Verandering in denke behels o.a. dat die klem nie moet val op grootgemeente-aktiwiteit nie, maar eerder op kleingroepaktiwiteit. Grootgroepaktiwiteit moet die vrug wees van die kleingroepaktiwiteit.

In 'n sekere sin funksioneer kleingroepe in die tradisionele Program Georiënteerde Ontwerp (PGO) kerke deurdat daar 'n klein groepie mense is wat die aktiwiteite/programme van die kerk aan die gang hou. Hierdie klein groepie het gewoonlik noue kontak met mekaar en beleef die gemeenskap van gelowiges onderling. Die probleem is egter dat so 'n kerk programgeoriënteerd is en nie verhoudinggeoriënteerd nie. Omdat die programme funksioneer (baie aksies) word so 'n kerk dikwels beskou as 'n aktiewe kerk al is daar slegs 'n klein groepie mense betrokke. Wanneer 'n kerk egter verhoudinggeoriënteerd is, is die fokus op mense se verhouding met God en met mekaar d.w.s. almal in die gemeente moet in intieme geloofsverhoudings staan en almal moet medegelowiges deur dienswerk opbou en deur medegelowiges opgebou word. Die aktiwiteite/programme vloei dan vanuit die belewing van onderlinge geloofsgemeenskap voort.

Dus: Die Kerk moet primêr ***verhoudinggeoriënteerd*** wees (tot God en tot medegelowige) en nie programgeoriënteerd nie.

In die oorbeweeg van 'n programgeoriënteerde kerk na 'n verhoudinggeoriënteerde kerk speel kleingroepe 'n essensiële rol. Die verwerkliking daarvan is egter 'n langsame proses. Neighbour (1990:405) meen dat dit 5-7 jaar neem. Daarom is geduld nodig sodat die kwaliteit en inhoud van die kleingroepmodel nie as gevolg van oorhaastigheid of ongeduld in die slag bly nie.

Tydens die implementering van kleingroepe moet bestaande strukture geëvalueer word, sodat eerder anders as bloot meer gewerk word. Meer effektiewe bedieningstrategieë moet geïmplementeer en ontwikkel word. Bestaande strukture kan as oorgangsfase behou word naas nuwe bedieningstrukture, maar individuele lidmate sal moeilik by altwee strukture

aktief kan wees. In 'n oorgangstydperk sal daar dus gediversifiseerde strukture wees om lidmate volgens hulle verskillende behoeftes en belewing met die Woord te bedien.

## 6.4 LEIERSKAPONTWIKKELING

### *6.4.1 Inleidend*

Een van die eerste besware wat geopper word wanneer daar oor groei en die rol van die diens van die gelowige in groei gepraat word, is die onvolledige toerusting om die amp van die gelowige verantwoordelik te kan beoefen (Wolfaard, s.a.:48).

In die eerste plek is dit die Heilige Gees wat toerus en bekwaam maak. Paulus praat hiervan in 1 Kor 2:4:

> Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees.

God gebruik mense in sy koninkryk en rus hulle deur die Heilige Gees toe (vgl. ook 1 Joh 2:20,27; 1 Kor 12-14).

Tog, gedagtig aan die woorde van Ef 4:11-12, sal die kerk meer tyd, aandag en finansies moet bestee aan die toerusting van die heiliges vir hulle dienswerk (Wolfaard, s.a.:49). Die doel van die apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars is volgens Ef 4:12 nie om die dienswerk te verrig nie, maar om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus sodat die liggaam homself kan opbou in liefde (vers 16).

Die beginsel wat Jesus Christus gebruik het, nl. om 'n paar manne (sy dissipels) toe te rus, sodat hulle weer ander kon toerus, moet dus toegepas word. Hierdie toerusting is egter indiensopleiding m.a.w. leer deur sáám die werk te doen. Dieselfde beginsel word in 2 Tim 2:2 gevind:

> Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.

In 'n analise van die redes waarom sommige selgroepe of kleingroepe nie werk nie noem Neighbour (1990:238) as een van die redes, dat selleiers nie volledig opgelei word voor hulle in hul bediening vrygestel word nie. 'n Ses maande tydperk as hulpleiers is uiters noodsaaklik

om te bepaal of hulle gereed is om as leiers op te tree. Ook Venter, A.G.S., (1999 mededeling) sien gebrek aan leierskapopleiding as 'n groot stremmende faktor in die funksionering van kleingroepe.

Burger en Simpson (1996:29) stel dit sterk wanneer hulle sê dat die leier menslik gesproke die grootste enkele bepalende faktor is wanneer dit by kleingroepe kom.

In die toerusting van leiers gaan dit eerder om kwaliteitopleiding aan 'n paar, as kwantiteit opleiding aan masses. Jesus Christus self het die grootste deel van sy lering en onderrig gewy aan die opleiding van twaalf manne, maar op 'n intensiewe persoonlike wyse (vgl. Leslie, 1970:191-192).

Volgens Icenogle (1990:24) is daar drie belangrike aspekte in leierskapontwikkeling nl. seleksie, opleiding en ondersteuning.

### *5.4.2 Seleksie*

In die seleksie van leiers moet gekyk word na die *karakter van die persoon*. Volgens Icenogle (1990:25) is die realisering van die vrug van die Gees in 'n persoon se lewe 'n goeie maatstaf om te gebruik in die seleksie van leiers (vgl. Gal 5:13-26). Leierskap beteken om in die eerste plek ***iemand te wees*** en nie om dinge te doen nie (Burger & Simpson, 1996:31). Die belangrikste eienskappe van 'n kleingroepleier is volgens Oostenbrink (1994:124) die volgende:

- ⇨ 'n Persoonlike verhouding met God in Christus.
- ⇨ 'n Geesvervulde lewe waaruit die vrug van die Gees sigbaar is.
- ⇨ 'n Bereidheid en begeerte om self te groei.
- ⇨ 'n Onderwerping aan die regeringstruktuur van die gemeente.

Aangesien die kleingroepleier in wese ook met herderswerk besig is, is die opdrag van "pas julleself op" wat Paulus aan die ouderlinge van Efese in Hand 20:28 gee, ook op die kleingroepleiers van toepassing (vgl. Oostenbrink, 1996b:130). In Ef 4:1 word alle gelowiges (ook kleingroepleiers) opgeroep om in ooreenstemming met die roeping wat hulle van God ontvang het te leef. Hulle moet dus hul Christelike geloof en roeping uitleef.

'n Kleingroepleier hoef nie uitstaande kundigheid en hoogstaande kwalifikasies te hê nie. Soms demp iemand wat bekend is vir sy kundigheid, die vrymoedigheid van ander lede. Wat wel nodig is, is dat die kleingroepleier 'n geloofwaardige lewe met egte Christelike eienskappe lei. Die basiese vereiste van 'n kleingroepleier is dat hy die genade van God moet ken en daaruit moet lewe (Oostenbrink, 1996b:61).

'n Wêreldse begrip van leierskap neig telkens om ook in die kerk pos te vat. Geestelike leierskap gaan daaroor om in die eerste plek te dien, om die minste te wees en aan God die eer te gee. Leierskap gaan nie oor 'n verhewe posisie nie, maar oor verantwoordelikheid: hoe meer verantwoordelikheid, hoe meer is diens ter sprake. Elke leier moet rentmeester wees oor die verantwoordelikheid wat aan hom toevertrou is (Knobel, 1998:96).

Ideaal gesien moet leiers volgens Icenogle (1990:24) verbind (*committed*) wees tot:

⇨ Jesus Christus as Here.

⇨ Die opdrag en bediening van God aan hulle gegee.

⇨ Die bediening van die plaaslike kerk.

⇨ Die Skrif as primêre bron vir die Christelike lewe.

⇨ Persoonlike en gesamentlike geestelike groei.

⇨ Die gesonde funksionering en voortgang van die kleingroepbediening.

⇨ Die dissipline van persoonlike en gesamentlike gebed.

⇨ Die kweek van gesonde interpersoonlike verhoudinge.

⇨ Hantering van groepkonflik en in besonder die praktyk van vergifnis en genesing van gebroke verhoudinge.

⇨ Die ontwikkeling en deel van leierskapsrolle.

Sonder om volmaaktheid van leiers te verwag, is dit noodsaaklik dat hulle verbind moet wees tot bogenoemde en bereid moet wees om hierin te groei (Icenogle, 1990:24-25). Gesien teen die agtergrond van die sterk klem op verhoudinge binne die kleingroep, sal die persoongerigtheid van die leier van groot belang wees. Kirkpatrick (1995:103) meen dat 'n kombinasie van leierskapstyl (persoongerig én taakgerig) in kleingroepe verkieslik is. 'n Bloot taakgerigte leier of uitsluitlik persoongerigte leier moet dus aangemoedig word om hulle leierskapspotensiaal uit te brei deur die ontwikkeling van 'n komplementêre leierskapstyl.

Die beste plek waar leiers geïdentifiseer kan word, is volgens Arnold (1992:33) in die kleingroep self. In die kleingroep sal die leier die geleentheid hê om die groeplede so te leer ken dat hy potensiële leiers kan identifiseer. Die seleksie van leiers op grond van hulle persoon en verhouding met God en nie alleen op grond van hulle kwalifikasies nie, kom dan ook meer tot sy reg.

Daar moet egter op gelet word dat daar nie slegs een leier in die kleingroep is nie. In die verskillende fases van 'n kleingroepbyeenkoms kan verskillende leiers leiding neem. Eintlik is almal bloot diensknegte van die enigste leier, nl. Christus self. Verskillende persone (man of vrou, oud of jonk) moet dus met die gawes wat die Here gee mekaar op verskillende terreine dien en lei (vgl. Badenhorst, 1998:27).

### *6.4.3 Opleiding*

In die opleiding van leiers het Jesus Christus self die voorbeeld gestel. Nadat Hy sy dissipels gekies het, is hulle nie dadelik uitgestuur nie, maar het hulle eers opleiding ontvang (Icenogle, 1990:25). Mark 3:14 wys nie net op die feit dat Jesus Christus se apostels opleiding ontvang het nie, maar ook op die wyse van opleiding:

> Hy het toe twaalf, wat Hy apostels genoem het, aangestel om by Hom te bly sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek.

Christus gee hulle opleiding deurdat hulle by Hom is - indiensopleiding sowel as 'n verbondenheid tussen leermeester en leerling.

Hoewel dit aanvanklik kan lyk of 'n gewillige en pligsgetroue leier die mas opkom, sal 'n gebrek aan opleiding sy leierskap op die lang duur ondermyn. Gemotiveerdheid (gewilligheid, toewyding en 'n begeerte om iets te doen) en opleiding is dus albei belangrik, hoewel dit lyk of die wil om iets te doen die opleiding voorafgaan (vgl. Burger & Simpson, 1996:30).

Hoe langer 'n groep bymekaar is, hoe moeiliker en meer kompleks is die verhoudinge in die groep. Meer en moeiliker konflik tussen groeplede kom ook gewoonlik voor (Icenogle, 1990:25). Juis omdat die leier se insette en leiding in die groei van verhoudinge so belangrik is, is dit noodsaaklik dat alle moontlike "wonde" en seerkry in sy eie lewe a.g.v. vorige

verhoudinge (ook gesinsverhoudinge) hanteer en deurgewerk word. Om dieselfde rede is opleiding in gesinsisteme en ander interpersoonlike verhoudinge vir voornemende en aktiewe kleingroepleiers noodsaaklik (vgl. Icenogle, 1990:25). Die kleingroepleier se eie beoefening van en groei in spiritualiteit is noodsaaklik om die kleingroeplede daarin te kan lei. Venter, C.J.H., (1999:200) sien gebed, selfondersoek, verdieping en meditasie van die Woord as kernelemente in die beoefening van en groei in spiritualiteit.

As metode van opleiding is dit waarskynlik die beste om te doen wat Jesus Christus gedoen het, naamlik om leiers in 'n groep te plaas en hulle op te lei deur modellering, lering, eksperimentering, praktiese werksopdragte en reflektering (Icenogle, 1990:25). In praktyk sal dit beteken dat 'n potensiële kleingroepleier nie net indiensopleiding van die leier van die kleingroep waarin hy is, sal ontvang nie, maar ook opgelei word deur 'n toegeruste persoon in bepaalde aspekte (waarskynlik die ouderling en/of predikant). Leiers en potensiële leiers kan tweeweekliks bymekaar kom vir toerusting sowel as vir bemoediging en mekaarversorging onder leiding van die predikant of ouderling.

'n Aspek waarin 'n kleingroepleier spesifiek opleiding behoort te ontvang, is om verantwoordelikheid te bly neem vir sy eie persoonlike geloofsverhouding en karakter. Kleingroepleierskap gaan daaroor om ***iemand te wees*** en nie in die eerste plek om iets te doen nie. Daarom is dit ook noodsaaklik dat 'n kleingroepleier in verhoudinge met spesifieke medegelowiges staan wat hom op geestelike gebied verantwoordelik (*accountable*) sal hou en hom ondersteun, bemoedig en vermaan.

Ander aspekte van leierskapopleiding (vgl. Barlow, 1972:110; Icenogle, 1990:25; Veenhuizen, 1993:4) waaraan aandag gegee behoort te word is o.a. die volgende:

- ⇨ Kommunikasie - luistertegnieke en terugvoering. 'n Leier moet die gesprek fasiliteer en nie die gesprek voer nie.
- ⇨ Induktiewe studie d.w.s. goeie vraagstelling, reflektiewe bespreking.
- ⇨ Groepsgebed.
- ⇨ Konflikhantering.
- ⇨ Bediening en sending: bv. vriendskapsevangelisasie.
- ⇨ Geestelike begeleiding van groeplede.
- ⇨ Toerusting t.o.v. bepaalde onderwerpe wat in die kleingroepe behandel word.

Burger en Simpson (1996:45) wys drie hoofvlakke aan waarin die leiers opgelei moet word en behoort te groei:

⇨ Bybelkennis en vaardigheid.

⇨ Goeie mensekennis.

⇨ Kennis en vaardighede rakende groepfunksionering.

Neighbour (1993:22) beklemtoon die belangrikheid dat leiers geleer moet word om te luister:

> We were taught to read and write in school, but most people had no formal training in listening. If we never learn how to listen, we will never really understand deeply the frame of reference of another person's lifestyle. Listening means we get inside another person's way of seeing the world. Once we do this, we see the world the way he or she sees the world, and we understand how he or she feels.

### *6.4.4 Ondersteuning*

Leiers het nodig om te weet dat hulle nie alleen staan nie. Hulle het toegang tot bronne nodig wat hulle kan raad gee en lei deur krisisse. Icenogle (1990:25) onderskei twee tipes versorging en hulp nl. professionele deskundige hulp en wedersydse persoonlike hulp. Eersgenoemde sluit in die toegang tot goeie, praktiese literatuur, sowel as kundige persone oor bepaalde onderwerpe. Wedersydse persoonlike ondersteuning behels 'n netwerk van kontakte met ander kleingroepleiers en met die ouderlinge en predikant(e). Dit is noodsaaklik dat leiers periodiek saamkom om te gesels oor hulle suksesse, bekommernisse, frustrasies, visie en oor dit wat hulle geleer het. Onderlinge hulp, gebed en die bepaling van strategie sal belangrike elemente van so 'n byeenkoms wees. Vrae kan gevra word soos:

⇨ Hoe beleef jy die vordering van die groep op die oomblik?

⇨ Wat geniet jy die meeste in die groep?

⇨ Wat is die een ding wat jy dink besonder goed gedoen word in die groep?

⇨ Wat is die een ding waaraan die groep moet werk?

Wanneer leiers bymekaar kom, is dit goed as hulle ook saam kan ontspan en so op 'n informele vlak mekaar bemoedig en met mekaar meeleef.

### *6.4.5 Kleingroepleiers se persoonlike verhouding met God*

Leiers moet aangemoedig en gehelp word om, in die eerste plek, hulle eie verhouding met die Here onder die soeklig te plaas. Selfsorg vorm die basis van die ander aspekte van sorg, maar tog vind selfsorg nie in 'n vakuum plaas nie. Juis saam met ander gelowiges en onder die aanmoediging en vermaning van ander gelowiges moet elkeen self verantwoordelikheid neem vir sy geestelike sorg. In 1 Tim 4:16 skryf Paulus aan Timoteus "Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin,..." Hand 20:28 beklemtoon dat selfsorg en sorg vir die kudde nie van mekaar losgemaak kan word nie: "Pas julleself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle gestel het." 'n Leier kan alleen maar lei wanneer hy self in die wedloop is en self die Skrifbeginsels in sy eie lewe toepas: 1 Kor 9:27 "Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie." Ook in 1 Tim 4:7b word Timoteus aangemoedig om homself te oefen om in toewyding aan God te lewe.

Badenhorst en Potgieter (1998b:2) meen dat 'n leier elke dag voor die spieël moet staan en die waarheid aan hom/haarself moet bevestig:

⇨ Ek is swak en kan niks uit myself doen nie.

⇨ Omdat ek met Christus verenig is, is ek van God afhanklik en sal sy krag in my swakheid volbring word.

⇨ Ek is nou tot alles in staat deur Christus wat my krag gee; ek is met die gesag van Christus beklee.

Dissiplines is nie wette nie, maar is lewensgewoontes wat jy ontwikkel om jou te help om die Christelike lewe geloofwaardig en met stamina en volharding te lewe (Oostenbrink & Coetsee s.a.:6). Forster (1989) behandel in sy boek "Celebration of Discipline" die volgende dissiplines:

➔ Innerlike dissiplines:

⇨ Meditasie: om op God te fokus. 'n Tydjie waar jy rustig en alleen met God kan wees en die Woord biddend kan lees, bepeins en oordink.

⇨ Gebed: Om met God te praat. Gebed is die vernaamste deel van ons dankbaarheidslewe (vgl. Heidelbergse Kategismus antw. 116).

- ⇨ Vas: Om 'n maaltyd oor te slaan om jouself op God te fokus en aan God toe te wy.
- ⇨ Studie: Doelgerigte studie vanuit die Woord oor bepaalde onderwerpe.

➔ Uiterlike dissiplines:

- ⇨ Eenvoud: Lewe gefokus op die koninkryk en nie in 'n gejaag na baie besittings, roem of status nie.
- ⇨ Afsondering: Neem tyd om alleen by God te wees, ure of soms dae.
- ⇨ Onderdanigheid: Aanvaar die gesag wat oor jou gestel is in alles wat nie teen God se wil ingaan nie.
- ⇨ Diens: Volg die voorbeeld van Christus deur self dienskneg te wees.

➔ Gemeenskaplike (gesamentlike ) dissiplines:

- ⇨ Belydenis: Bely jou sonde teenoor die Here, maar ook teenoor die wat jy te na gekom het.
- ⇨ Aanbidding: Gee aan die Here al jou lofprysing, verwondering, erkenning en waardering.
- ⇨ Soek na die wil van die Here: Om saam met ander gelowiges biddend te soek na God se wil en jou te laat lei deur die Woord en die Gees. Ons moet ook luister na die insigte en raad van ons geestelike familie. Ons is, in die soeke na sy wil, nie in 'n vakuum nie.
- ⇨ Blydskap en feesviering: Om saam met ander gelowiges 'n "halleluja-lewe" te lei.

Dikwels is die (wêreldse) beeld van 'n leier iemand wat sterk moet wees en alles moet kan hanteer. Ware leiers lei egter nie net in die dinge wat hulle goed kan doen nie, maar ook in die hantering van hul foute en swakhede, deur ander te laat sien hoe hulle daarop reageer. Geen mens is volmaak nie, en om 'n volmaakte beeld te probeer voorhou is uiterlike skynheiligheid en onopregtheid, wat maklik raakgesien word.

Leiers moet aanvaar dat ook hulle foute en swakhede het en dat dit maar gesien kan word. Soms dink leiers dat hulle eie swakhede afbreuk gaan doen aan die geloofwaardigheid van die Evangelie. Burger en Simpson (1996:43) is van mening dat mense 90% van die tyd in 'n sterkmanbeeld nie 'n sterk persoon sien nie, maar iemand wat probeer om soos 'n sterk persoon te *lyk*.

> Ons as Christene sal die genade moet ontvang om te leer dat die sigbare dra van ons swakhede 'n positiewer rol speel in die oordrag en kommunikasie van die Evangelie as wat ons dink. (Burger & Simpson, 1996:43.)

In die hele proses van leierontwikkeling is dit essensieel dat leiers steeds die regte perspektief behou (vgl. George 1992:135). Icenogle (1990:26) stel dit as volg:

> Throughout the entire process of selection, training, and support, small group leaders need affirmation of the importance of their ministry to the Kingdom of God. They need the vision and hope continually set in front of them that our heavenly Father is the Primary Parent of the group as family; Jesus is the Primary Leader of the group in mission; the Holy Spirit is the Primary Teacher of the group in learning. In their weakness and willingness to learn, God will demonstrate His power.

Badenhorst en Potgieter (1998b:2) noem dat die leier nie oorhaastig besluite moet neem nie, maar duidelikheid moet kry oor wat God van hom/haar verwag en wat hy/sy t.o.v. die kleingroep moet doen.

### *6.4.6 Patroon van opleiding*

Die beginsel van 2 Tim 2:2 is: leer self en leer ander. Neighbour (1994:46) wys daarop dat Paulus nie net vir Timoteus leer om ander te leer nie, maar dat hy ook vir Timoteus 'n metode van onderrig leer wat hy weer aan ander moet oordra. 'n Leier moet voortdurend besig wees om weer 'n volgende leier op te lei (Neighbour, 1994:47). Op so 'n manier het Moses vir Josua opgelei (vgl. Num 11:28; Deut 3:28), Elia het 'n skool van profete gehad en tog was Elisa op 'n besondere manier sy leerling (2 Kon 2:3), Johannes die Doper het leerlinge gehad wat hom gevolg het (Matt 9:14) en Jesus Christus se dissipels was volgens Matt 5:1 die fokuspunt van toegespitse praktykopleiding (vgl. Neighbour, 1994:47).

As 'n patroon van opleiding van leiers identifiseer Neighbour (1994:48) die volgende stappe:

- ⇨ Leerling sien wat leier doen.
- ⇨ Leier verduidelik wat hy doen en hoe hy dit doen.
- ⇨ Leier neem waar hoe leerling dieselfde dinge doen.
- ⇨ Leier moedig aan en verduidelik sterk en swak punte wat hy waargeneem het.
- ⇨ Leier voorsien herstellende aktiwiteit om swak punte te versterk.

⇨ Leier dra take oor aan leerling.

⇨ Leier begin onttrek.

⇨ Leier monitor waar die leerling (nou leier) 'n nuwe leerling oplei.

⇨ Leier behou goeie vriendskap en hanteer leerling (nou leier) op alle vlakke as gelyke.

Predikante moet doelbewus verantwoordelikheid afgee en die geleentheid aan gelowiges gee om te dien. Dikwels is dit vir die leier (ook kleingroepleier) nodig om te leer om te delegeer en elkeen toe te laat om sy besondere funksie te verrig (vgl. Cho, 1981:19). Delegering is 'n Bybelse beginsel (vgl. Eks 18:21) wat kleingroepleiers nie net moet verstaan nie, maar ook leer toepas (Smith, 1999:95). Delegering deur kleingroepleiers behels volgens Smith (1999:95) die volgende:

⇨ Begin met jouself: Elke leier moet met homself begin en sy eie rol in die groep omskryf. Hy moet 'n antwoord kry op die vraag: Wat verwag God van my in die groep?

⇨ Ontdek die geestelike gawes in die groep: Die spesifieke gawes in die groep moet, waarskynlik met die hulp van die predikant of ander gemeenteleiers onderskei word. Daar is ook verskeie toetse/vraelyste beskikbaar om daarmee te help. Die verskillende take of funksies kan dan toegedeel word ooreenkomstig die beskikbare gawes.

⇨ Omskryf die aktiwiteite van die besondere kleingroep: Omdat daar oneindigende moontlike aktiwiteite binne die kleingroep kan wees, is dit noodsaaklik dat die groeplede saam die doelwitte van die spesifieke groep duidelik omlyn sodat al die lede dieselfde visie en prioriteite het.

⇨ Vra groeplede om te bid oor hulle rol in die groep: Groeplede moet ook self onderskei hoe die Here hulle wil gebruik.

⇨ Delegeer met tyd: Hoewel die proses om take aan spesifieke persone toe te deel soms vinnig kan uitsorteer, kan dit ook soms weke neem waarin die groep saam groei en mekaar beter leer ken.

Oostenbrink (1996b:159) sien die rol van die kleingroepleier daarin dat hy die gawes van elke lid in ag moet neem en hulle die geleentheid moet gee om dit te gebruik. Hy moet ander uitnooi om saam met hom leiding te neem. In die kleingroep kan daar dus verskillende "leiers" wees bv. 'n aanbiddingsleier, diensleier, gebedsleier, bestuursleier (Potgieter, 1995:101). Op so 'n wyse is elkeen 'n leier volgens die gawes wat God aan hom/haar gee.

Reid (1967:20) sien twee struikelblokke in die ontplooiing van leierskap in kleingroepe. Die eerste is die verwagting van baie lidmate dat die dominee of professionele/permanente "personeel" die leiding moet neem. Die ander struikelblok ontstaan wanneer die "permanente personeel" die leisels self wil vashou en niemand anders die geleentheid gun om leiding te neem nie.

### *6.4.7 Modellering*

'n Uiters belangrike aspek in opleiding is modellering. Buys en Venter (1994:334) dui daarop dat onderrig in die Nuwe Testament 'n baie duidelike karakter van "onderrig deur voorbeeld" het. Leiers moet opgelei word deur modellering, maar ook geleer word om self 'n model te wees vir die persone wat hy oplei. In 'n sekere sin behels laasgenoemde eerder om hom bewus te maak dat hy 'n model is, positief of negatief, vir die mense rondom hom.

> We are always modelling! We don't choose to model. It is the inevitable result of living. (Neighbour, 1993:27.)

Die ou gesegdes van "woorde wek, maar voorbeelde trek" en "dit wat jy doen skree so hard, ek kan nie hoor wat jy sê nie" onderstreep waarskynlik die belangrikste aspek in opleiding en toerusting. Jesus Christus het sy dissipels geleer deur hulle te wys wat om te doen en hoe om dit te doen. In die saamleef van die dissipels met Jesus het hulle nie net praktykopleiding oor aspekte van die bediening gekry nie, maar ook geleer van menswees, van die interaksie tussen mense, van gesindhede. Venter (1996:113) wys daarop dat toerusting as motivering op die doeltreffendste wyse werk indien daar modellering kan plaasvind tussen toeruster en hulle wat toerusting ontvang. Neighbour (1993:27) verwys na die groot rol wat modellering in die bediening van Paulus gespeel het en hoe hy ander aangespoor het om hom te volg soos hy Christus volg (vgl. 1 Kor 11:1). Hier gaan dit nie oor 'n egosentriese fokus op 'n persoon nie, maar oor die navolging van die voorbeeld van 'n persoon wat Christus volg. Hierdie aspek van modellering vind ons meermale by Paulus:

- 1 Kor 4:16 "Daarom spoor ek julle aan: Volg my voorbeeld!"
- Fil 3:17: "Wees my navolgers, broers, en let op die wat lewe volgens die voorbeeld wat ons vir julle stel."
- 1 Tess 1:6: "En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword."
- 2 Tess 3:7: "Julle weet self watter voorbeeld ons vir julle gestel het om te volg."

⇨ 2 Tess 3:9: "Nie dat ons nie die reg het op onderhoud van julle nie, maar ons wou vir julle 'n voorbeeld wees wat julle moet volg."

In opleiding spreek die dade van die leier baie meer as wat ooit in woorde oorgedra kan word. As die leier praat van mekaarbediening, maar nie self by sy groeplede uitkom en hulle bedien nie, is dit 'n blote leë raamwerk, wat nie grondvat in die praktyk nie. Die gesegde "Don't just talk the talk but walk the walk" verwoord die belangrikheid om self 'n boodskap te leef.

Modellering beteken nie om volmaak te wees nie, maar eerder om opreg en deursigtig te wees. 'n Leerling moet kan sien wanneer die leier val, maar ook hoe hy opstaan, hoe hy hulp soek as hy nie raad het nie, hoe hy vergifnis vra as hy verkeerd gedoen het, hoe hy mislukkings hanteer.

## 6.5 PRAKTIESE RIGLYNE VIR IMPLEMENTERING

### *6.5.1 Gebed*

Neighbour (1990:173) praat van 'n "*listening room*" wat elke gelowige moet hê. Om na God te luister en onder sy leiding op te tree. Sonder gebed raak 'n mens vasgevang in jou eie ambisie of droom en verloor 'n mens die perspektief van: Wat wil God? Stump (1999:1) wys daarop dat elke bediening uniek is omdat daar telkens verskillende behoeftes en omstandighede is. Dit is derhalwe belangrik om te bid vir God se leiding. Soos Stump (1999:1) dit stel: "Don't merely grab a method, add water and jump in. Ask God, and He will give you His direction."

Implementering van kleingroepe gaan oor die skep van 'n ruimte waarbinne sekere beginsels, wat noodsaaklik is vir groei (mekaarbediening, verhoudingsgerigtheid, modellering, eer aan God), kan realiseer. Die realisering van die beginsels kan alleen deur die werking van die Heilige Gees in die praktyk plaasvind. Daarom is gebed so belangrik sodat die skep van 'n kleingroepbedieningsruimte onder leiding van God sal geskied. Die mens en kleingroepe is en moet slegs instrumente in die hand van die Here wees.

### 6.5.2 *Indiwiduele gesprekke*

Verandering en aanvaarding van verandering kom nie deur 'n meerderheidsbesluit nie, maar van binne. Mense oortuig mekaar in persoonlike gesprekke. Daarom is dit noodsaaklik dat gelowiges wat reeds in kleingroepe is, met ander sal praat oor dit wat hulle leer, beleef en uitleef. Op hierdie manier word die konsep van kleingroepe aan die gemeente bekendgestel en verduidelik.

### 6.5.3 *Preke*

Die beginsels soos *oikos* as primêre geloofsgemeenskap, mekaarbediening tussen gelowiges, wedersydse opbou vanuit verhoudinge kan in 'n reeks preke hanteer word. So kan prediking oor die noodsaaklikheid vir groei (Handelinge), die eerste gemeente (Hand 2), die amp van gelowige (skrifgedeeltes soos in hoofstuk 2 behandel) en die gawes van die Gees (1 Kor 12), die Skriftuurlike beginsels waarop kleingroepe funksioneer, uitlig.

### 6.5.4 *Begin met een groep*

Begin met een groep en leef volgens die Skrifbeginsels van mekaarbediening. Daar behoort seker gemaak te word dat die beginsels van mekaarbediening, getuienis ens. werklik realiseer in die groep. Kwaliteit en nie kwantiteit is hier die belangrikste. Indien met meer as een groep begin word, raak die toerusting deur modellering gewoonlik afgewater, omdat nie by almal uitgekom kan word nie. 'n Afgewaterde manier van kleingroepfunksionering word dan weer oorgedra na volgende groepe.

Dit is uiters belangrik dat die mekaarbediening vanuit die Skrif (ondersteuning, tug, geloofsgroei, saamlewe, deur die week met mekaar kontak maak) daadwerklik in 'n groep sal realiseer voordat dit in twee groepe vermenigvuldig word.

Arnold (1992:37) maan ook om liewer klein te begin:

> Be willing to start small. You would be advised against developing a program that arbitrarily assigns all church members to groups. It is much more helpfull to start with a few volunteers who are serious about their faith. Nurture these first disciples, and allow their success to attract others into more groups over time. Starting small also allows time to recruit and train quality leaders.

### 6.5.5 *Verkry die steun van die kerkraad*

Verkry die steun van die kerkraad. 'n Goeie manier is om 'n werkswinkel of bedieningstrategie sessie te hou waarin die waarde wat die kleingroepbediening vir die koninkryk, kerk, lidmaat en kerkraadslid inhou, beklemtoon word (Oostenbrink, 1994:156). Juis omdat Christus self ouderlinge as opsieners aanstel, moet op hulle raad en wysheid ag geslaan word (Stump 1999:1).

Uiteindelik moet die kerkraad 'n keuse maak om kleingroepbediening as wesenlik deel van die bedieningstruktuur te aanvaar. Sodoende sal daar ook aktiewe bevordering van die kleingroepaktiwiteite in die gemeente kan geskied.

### 6.5.6 *Selfevaluering van die gemeente*

Deur anonieme vraelyste kan lidmate hulle geloofsrypheid, belewing van *koinonia*, benutting van gawes en omgee vir medegelowiges evalueer (Oostenbrink, 1994:156). Die doel van sulke vraelyste is volgens Oostenbrink (1994:156) drieërlei:

- ⇨ gelowiges kan die leemtes in hulle geloofsbelewing en -uitlewing identifiseer;
- ⇨ selfevaluering kan as "'n soutpil onder die tong" dien om hulle "dors" te maak vir 'n dieper dimensie van geloofsbelewing en -uitlewing;
- ⇨ inligting kan bekom word oor die behoefte aan kleingroepe.

### 6.5.7 *Inligting en uitnodiging aan lidmate*

Inligting rondom die kleingroepe en die funksionering daarvan moet gereeld aan lidmate deurgegee word bv. deur 'n gemeentenuusbrief. Die voortdurende deurgee van inligting is noodsaaklik om te sorg dat kleingroepe nie beskou word as 'n broeigroepie van 'n klompie uitgesoektes nie, maar eerder 'n lewenswyse wat in die hele gemeente moet realiseer. Daarom moet lidmate uitgenooi en so vinnig as moontlik in 'n kleingroep ingeskakel word (d.w.s. so vinnig as wat die beginsels van mekaarbediening in 'n groep realiseer sodat die groep kan vermenigvuldig en meer mense intrek). Sekere beginsels van kleingroepe kan in bestaande groepe soos sustersgroepe, katkisasie, diakenbyeenkomste, diensgroepe, belangegroepe ens.

gebruik word om lidmate vertroud te maak met die fundamentele aspekte van kleingroepfunksionering (Arnold, 1992:38).

### *6.5.8 Voortdurende toerusting aan leiers*

Op 'n gereelde basis moet opleiding en toerusting aan groepleiers gegee word (minstens tweeweekliks). Die beginsel om verantwoordelikheid te neem vir mekaar en mekaar vanuit die Woord te bedien, moet ook tydens leieropleiding praktyk wees. Veral waar groepe "te vinnig" gegroei en vermenigvuldig het, moet mekaarbediening binne die groepleiersgroep sterk beklemtoon en gemodelleer word, sodat die groepleiers dit weer in hulle eie groepe kan modelleer en uitleef.


Kleingroepleiers kry dus nie net opleiding nie, maar ook emosionele ondersteuning, waardering, bemoediging en raad (Oostenbrink, 1994:158).

### *6.5.9 Aanpassings in die bedieningstruktuur*

Soos wat die kleingroepe in kwantiteit groei is dit nodig dat die strukture om dit te ondersteun, effektief sal wees. Van der Walt (1999a:16) beklemtoon dat strukture nie dempend, of selfs onderdrukkend, moet wees nie, maar werklik bevrydend. Die verandering van die bedieningstrukture soos in hoofstuk 4 beskryf, is dus noodsaaklik en moet effektief bestuur word. Anderson (1990:15) se woorde "Change is not the choice, how we handle it is" beklemtoon die noodsaaklikheid van die regte bestuur van die verandering.

In die oorgangstydperk sal daar dus twee bedieningstrategieë naas mekaar bestaan. 'n Sogenaamde tweestroombeleid kan egter sonder wesenlike spanning geakkommodeer word wanneer die paar kleingroepe wat saam 'n wyk of wyke vorm onder leiding van 'n ouderling staan, terwyl ander ouderlinge leiding neem in die wyke soos dit tradisioneel bestaan. Net soos die ouderling van 'n tradisionele wyk verslag lewer van probleme in sy wyk, so moet ook die ouderling wat 'n wyk het wat bestaan uit kleingroepe oor die lidmate in sy wyk verslag lewer.

'n Mens sou dit dus soos in figuur 10 kon voorstel.




*Figuur 10. Samestelling van wyke in 'n "oorgangstydperk".*

## 6.6 TOERUSTING VAN LIDMATE OOR KLEINGROEPBEGINSELS

### 6.6.1 Metode van toerusting

Toerusting vind nie alleen plaas deur die predikant aan die lidmaat nie, maar ook deur die ouderling en diaken. In die funksionering van die liggaam is dit egter noodwendig dat lidmate ook mekaar onderling toerus, al is dit op 'n meer organiese en nie-formele manier.

Die predikant, as herder en leraar, het egter 'n primêre toerustingstaak (vgl. Ef. 4:12). Dikwels gebeur dit egter dat die predikant nie tyd vind om lidmate toe te rus nie, juis omdat hy oorbetrokke is by dienswerk in die gemeente. Wanneer die predikant probeer om alle dienswerk self te doen, misken hy nie net die gawes van die lidmate nie, maar versaak hy sy eintlike roeping as toeruster (vgl. Dreyer, 1986:20). Die predikant se funksie as toeruster moet nie ter wille van ander dienswerk wat die predikant verrig, verwaarloos word nie.

Onderrig tussen gelowiges onderling kan alleen geskied in die konteks van intieme gemeenskapsbeoefening van gelowiges met mekaar waar hulle uit mekaar se lewenswyse en optrede in 'n verskeidenheid van situasies kan leer hoe om as kinders van God in die wêreld te leef tot sy eer (Buys & Venter, 1994:334).

Daar kan op verskeie maniere toerusting aan lidmate gegee word.

#### 6.6.1.1 Prediking

Lidmate word toegerus vir hulle dienswerk deur die verkondiging van die Woord. Die prediking moet tyd- en situasiegerig wees, maar moet steeds vanuit die Woord geskied. Die beginsels in die Skrif moet op 'n konkrete wyse aan lidmate verkondig word. So kan, byvoorbeeld, toerusting oor mekaarbediening gegee word deur 'n reeks preke uit die "mekaar tekste" te preek. Oostenbrink (1994:155) wys daarop dat temas soos *koinonia*, mekaar-opdragte in sg. mekaar-tekste, die funksionering van die geestesgawes en die getuienisroeping van die kerk, deel behoort uit te maak van 'n sistematiese preekreeks. Lidmate se denkwyse oor Christenwees en kerkwees moet met Skrifwaarhede deurweek word.

#### 6.6.1.2 Temas vir kleingroepbyeenkomste

Deur bepaalde temas in die kleingroepe vanuit die Skrif te hanteer, kan lidmate die geleentheid kry om Skrifwaarhede oor 'n bepaalde saak ook op 'n konkrete wyse te bespreek en uit te voer. Temas wat so behandel kan word is byvoorbeeld: mekaarbediening, geestesgawes van elke gelowige, die funksionering van die liggaam waar elke lid sy funksie verrig, gebed en *koinonia*.

#### 6.6.1.3 Modellering

Soos onder 6.4.7. uiteengesit, vorm modellering die kernmetode van toerusting. Lede wat langer in die kleingroep is, gee toerusting aan nuwelinge deur die voorbeeld wat hulle stel (modellering).

### *6.6.2 Inhoud van toerusting*

Enkele onderwerpe wat in die toerusting van lidmate aandag behoort te kry is die volgende:

#### 6.6.2.1 Liefde vir mekaar

Liefde is nie in die eerste plek 'n gevoel nie, maar 'n keuse. Vanuit God se liefde vir ons kan en moet ons mekaar ook liefhê. Burger en Simpson (1996: 36) wys daarop dat liefde groei

vanuit 'n onderlinge deel wees van mekaar en daar wees vir mekaar. Vanuit ons eie swakhede is liefde vir almal in die groep ook iets wat ons van God, wat self Liefde is, moet bid.

### 6.6.2.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Die Bybelse waarheid dat elkeen deur God uniek gemaak is en kosbaar in die oë van die Here is moet deur lidmate onderling uitgeleef word.

Aanvaarding het nie voorwaardes waar 'n ander eers aan my vereistes moet voldoen voordat hy aanvaar kan word nie. Ons moet mekaar bevry van die neiging om ander te probeer beïndruk. Om mekaar te bevry daarvan dat ons lewe beheer word deur ander se verwagtinge en voorwaardes (vgl. Burger & Simpson 1996:72).

Ons kan mekaar makliker aanvaar wanneer ons nie blind is vir ons eie foute en mislukkings nie. So dikwels wil ons onsself vergelyk met ander en ander meet aan ons goeie punte. In die besef van ons eie gebrokenheid, is aanvaarding van ander ten spyte van hulle swakhede, nie net 'n Bybelse eis nie, maar 'n erkenning van die realiteit van 'n onvolmaaktheid waarvan ons self deel is.

### 6.6.2.3 Amp (diens) van die gelowige

Dikwels leef daar by lidmate 'n onkunde oor waartoe die Here hulle as gelowiges roep. Verskillende aspekte van dienswerk word aan die predikant of ouderlinge opgedra vanuit 'n bepaalde tradisionele werkswyse, terwyl die lidmaat self passief bly. Die beginsels van die amp van die gelowige soos dit in hoofstuk 2 uiteengesit is, behoort daarom deur prediking, toerustingsaande, -dae of -naweke, kleingroepbyeenkomste en ander geleenthede aan lidmate verkondig te word. Gelowiges moet vanuit die Skrif leer wie hulle is, dat hulle elkeen gawes ontvang het en dat elkeen diensbaar moet wees. Elkeen moet bereid wees om ander te dien en saam met ander te dien tot die opbou van die liggaam (Ef 4:16).

### 6.6.2.4 Mekaarbediening

Die gemeente moet gereed gemaak word vir kleingroepe en nie ryp gedruk word nie. Dikwels is die greep van "ek op my eie" so sterk dat kleingroepe met weerstand begroet word. Venter (1972:158) verklaar dit so:

> Hierdie weerstand bou op vanweë die vereensaming en gevolglike isolasie van die mens. Hy soek sekuriteit en wil aanvaar word, en tog het hy nie die vrymoedigheid om na buite te beweeg nie...Hy soek kommunikasie, maar vrees die intieme aard daarvan.

Lidmate moet geleer word om mekaar werklik te aanvaar, mekaar te bedien en saam met mekaar die lewenspad te loop. Burger en Simpson (1996:34) stel dit as volg:

> Die lewe is nie 'n kompetisie of 'n resies waarin daar een wenner en baie verloorders is nie....ons is nie hier om met mekaar te wedywer nie; ons het mekaar te nodig daarvoor. Ons is hier om mekaar te help.

### 6.6.2.5 Vertroulikheid

Dikwels is mense juis bang vir kleingroepe en *koinonia* omdat die mens bang is om homself bloot te stel. Die versekering van vertroulikheid is dus baie belangrik (Kirkpatrick, 1995:14). Lidmate oor die algemeen moet geleer word om oop te maak, maar ook om ander se "oopmaak" teenoor hulle te hanteer. Ongelukkig hanteer mense (ook Christene) soms ander se "oopmaak" op so 'n onsensitiewe manier dat die bose siklus van elkeen in sy eie kokon net verder verstewig word. Dit is tragies dat dit soms waar is soos iemand dit gestel het: "We Christians, we don't gossip, we call it sharing." Elke lidmaat moet besef dat hy 'n verantwoordelikheid teenoor God het om dit wat 'n mede-christen met hom deel, op die regte wyse te hanteer. Hierdie regte wyse van hantering behels o.a. die volgende:

- ⇨ Onvoorwaardelike aanvaarding van die mens, hoewel 'n daad onaanvaarbaar of afstootlik kan wees.
- ⇨ Volkome vertroulikheid. 'n Saak kan slegs met iemand anders bespreek word wanneer daardie persoon deel is van die oplossing of probleem, en dan met die toestemming van die persoon wat die saak met jou gedeel het.
- ⇨ Om met en vir die persoon oor die saak te bid.
- ⇨ Om vanuit die Woord van God raad en perspektief te gee.

Donovan (1999:93) beklemtoon die noodsaaklikheid van vertroulikheid:

> As a blowout is to 'n tire, so is breached confidence to 'n small group. It can be repaired, but it can inflict great damage when it occurs.

### 6.6.2.6 Prioriteite

'n Aspek wat ook aandag in die toerusting van lidmate moet geniet, is die stel en uitvoering van prioriteite. In 'n prestasie-aangedrewe samelewing moet die lig van o.a. Matt 6:33 perspektief en leiding aan die aktiwiteite van die gelowiges gee.

Om verhoudings en gemeenskap te bou neem tyd en insette, wat noodwendig beteken dat die gelowige keuses moet maak t.o.v. die aktiwiteite in sy lewe. Hiermee word nie bedoel dat alle kerkaktiwiteite bygewoon en alle "sekulêre" aktiwiteite afgestel moet word nie, maar eerder dat God ook by die werk, funksies, sport en ontspanning eerste moet wees. God moet die wyse waarop geleef word bepaal, asook die wyse van kontak met ander mense met wie 'n aanraking gekom word.

Om mekaar te leer ken en bande te bind neem tyd. Dikwels kan die herorganisering van bestaande aktiwiteite en 'n effense anderse aanpak van dinge wat 'n mens gewoonlik doen, tyd en geleenthede skep waarbinne verhoudings kan groei. Om bymekaar te sit in 'n diens, om saam te eet of saam te gaan oefen of saam inkopies te gaan doen, is 'n belegging in die bou van 'n verhouding met ander lede van 'n kleingroep (Neighbour, 1993:37).

Die gelowige se groeiende verhouding met God, om by mense uit te kom eerder as programme, om te modelleer eerder as om 'n vinnige prekie af te steek, beteken dat die gelowige op 'n besondere (ander) manier sy prioriteite sal bepaal en uitvoer. Dikwels moet gelowiges leer om te vra: "Wat verwag God van my" en nie "Wat verwag die samelewing/my werk/ekself van my" nie.

### 6.6.3 *Motivering van lidmate*

Burger en Simpson (1996:50) verduidelik gemotiveerdheid met twee woorde: verwagtings en energie.

Wat 'n persoon se verwagting van 'n byeenkoms is, sal sy motivering om betrokke te wees en deel te neem, beïnvloed. Dikwels is daar mense wat nie werklik wil deel hê aan die groep nie, maar om redes soos skuldgevoelens, pligsbesef of selfs sosiale druk, deel van die groep bly.

Gemotiveerdheid hang ook saam met die hoeveelheid energie wat mense bereid is om aan 'n saak te spandeer.

Wat kan gedoen word wanneer mense nie gemotiveerd is nie? Burger en Simpson (1996:51 e.v.) handel oor drie faktore wat hiermee verband hou, nl.:

➔ Die diepste behoeftes en dryfvere agter menslike gedrag:

- ⇨ Soeke na gemeenskap
    - Hoewel sommige dit moeilik erken, het almal 'n behoefte aan gemeenskap en intimiteit. (vgl. ook Gen 2:18 "dit is nie goed dat die mens alleen is nie.")
    - Motivering om aan 'n groep deel te neem word versterk wanneer daar onderlinge verbondenheid is.
- ⇨ Soeke na sin en betekenis
    - Vrae oor hoekom ek lewe en waartoe alles lei moet binne die kleingroep aandag kry.
- ⇨ Soeke na bemagtiging
    - Elkeen se waarde en potensiaal moet raakgesien en tot ontplooiing gebring word.

➔ Vyf verskillende motiveringswyses:

- ⇨ Meelewing
    - "Hy gee om vir my as mens."
- ⇨ Gemeenskap
    - "Dit is vir my goed om deel te wees van hierdie groep."
- ⇨ Uitdagings
    - "Hy glo ek kan 'n verskil maak."
- ⇨ Redelikheid
    - "Wat jy sê maak vir my sin."
- ⇨ Lojaliteit

- "Dit is my mense hierdie."

- Verskillende mense se motiveringsisteme werk op verskillende maniere:
  - Dit kan wees dat wat nou in die groep gedoen word nie nou die behoefte van die groeplede is nie.
  - Mense moet gereed wees om bepaalde sake toe te eien.
  - Moontlik moet die verskeidenheid mense se behoeftes in verskillende groepe hanteer word.
  - Mense sal meer gemotiveer word wanneer hulle in 'n groep is waar hul spesifieke behoeftes in daardie stadium beantwoord word.

Daar moet dus voortdurend Skrifgefundeerde motivering aan lidmate gegee word.

## 6.7 MOONTLIKE GEVARE

As gevolg van wanpraktyke binne Metodistiese en Piëtistiese groepe het daar by Gereformeerdes 'n weerstand teen kleingroepe ontstaan. Oostenbrink (1994:32) wys daarop dat hierdie weerstand veral gerig was teen 'n *ecclesiola in ecclesia* d.i. die gedagte van 'n ware kerk (bestaande uit 'n klompie vromes) binne 'n kerk (wat grootliks uit sogenaamde naam-christene bestaan) en nie teen die kleingroep as sodanig nie. Die gevolg is egter dat kleingroepe in 'n oorreaksie daarteen met groot skeptisisme bejeën word. Oostenbrink (1996b:182) dui egter aan dat die gevare waarvan hier gepraat word nie in werklikheid in die kleingroepbediening self lê nie, maar eerder in die wyse waarop kleingroepbediening in die groter geloofsgemeenskap ontplooi en erken word. Die kleingroep moet nie teenoor die groter gemeente gestel word nie, maar dit is wesenlik deel daarvan soos 'n sel deel is van die liggaam.

In werklikheid werk die regte funksionering van 'n kleingroepbedieningsmodel juis die gedagte van *ecclesiola in ecclesia* teë deurdat almal, d.w.s. die hele gemeente, die geleentheid het om mekaar in kleingroepe te bedien en *koinonia* in intieme geloofsbande te beleef. Waar 'n programgeoriënteerde kerk slegs 'n paar lidmate benodig om die programme te laat funksioneer, is die gevaar groter dat die aktiewe lidmate in praktyk 'n kliek of kerk binne 'n kerk vorm.

Waar kleingroepe na binne gerig bly, of waar mekaarbediening nie vanuit die Skrif nie, maar bloot humanisties of psigologies hanteer word, is daar 'n afwyking van die wese van kleingroepe.

Oorbeklemtoning van die geestelike ervaring en subjektivistiese vroomheidsbelewing soos by die Piëtisme in Duitsland, Puritanisme in Engeland of die Nadere reformasie in Nederland is 'n skeeftrekking van 'n kleingroepmodel (vgl. Oostenbrink, 1996b:66). Hoewel ervaring en belewing deel vorm van 'n persoonlike verhouding met die Here, is die gevoel (belewing) eerder 'n reaksie op die genade en weldade van God, as bepalend in 'n persoonlike verhouding met God.

Geskiedenis bewys dat daar, soos met elke ding, ook gevare is wanneer die kleingroepbediening skeefgetrek word of een aspek daarvan oorbeklemtoon word. Foute van die verlede moet raakgesien en volgens die beginsels van die Skrif reg hanteer word.

Die Skrif moet steeds sentraal in die kleingroepe staan. Wanneer die Bybel op die agtergrond geskuif word en leiding eerder by die kleingroeplede en hulle opinies en ervaring gesoek word, verval die kleingroep in 'n mensgesentreede groepie wat 'n deskriptiewe norm i.p.v. die preskriptiewe norm van die Skrif uitleef.

Ander moontlike probleme waarteen gewaak moet word:

- ⇨ Gebrek aan opleiding van leiers. Veral aan die begin moet baie sterk leiding gegee word aan die leiers, nie net t.o.v. die inhoud van die Bybelgedeelte wat bestudeer word nie, maar ook t.o.v. die verloop van die byeenkoms en die handhawing van orde (Cho, 1981:34-35; Neighbour, 1990:238).
- ⇨ Die eetgoed kan 'n oorheersende rol speel deurdat 'n kompetisie kan ontstaan om beter eetgoed as die ander voor te sit. 'n Ooreenkoms oor bv. slegs tee en 'n koekie na die byeenkoms moet dikwels afgespreek word om die probleem te ondervang (Cho, 1981:35).
- ⇨ Namate die kleingroepe groei in kwantiteit moet die organisasie van en koördinering tussen die verskillende kleingroepe ook groei (Cho, 1981:39).

⇨ Kleingroepe wat slegs na binne gerig is, sonder 'n visie na buite, kwyn dikwels (Neighbour, 1990:238). So 'n verabsolutering van *koinonia* (*koinonitus*) lei tot isolasie van die groep en belemmer kwantitatiewe groei (Oostenbrink & Lotter, 1999:48).

⇨ Skeefgetrekte Godsbeeld. Klem kan slegs geplaas word op God van liefde, versorging en sekuriteit terwyl die oordeel en straf van God oor sonde onderbeklemtoon word (Oostenbrink & Lotter, 1999:48).

⇨ Tydens 'n konferensie van huiskerkleiers is skinder as een van die grootste drie probleme in huiskerke in Sjina uitgewys (Anon., 1999:1-2). Om binne die geborgenheid van ware verhoudings oor persoonlike probleme te kan praat is sekerlik noodsaaklik. Skinder en om oor mense i.p.v. met mense te praat het egter geen plek in die funksionering van 'n kleingroep nie.

⇨ Wanneer subjektiewe ervarings en behoeftes te veel op die voorgrond geplaas word, word die Bybel op die agtergrond geskuif. Gesonde spiritualiteit sonder die Bybel is egter onmoontlik (Oostenbrink & Lotter, 1999:48).

⇨ Eksklusiwiteit, waar nuwe lede nie deelgemaak word van die groep nie, druis teen die wese van kleingroepe in en veroorsaak dat dit 'n na binne gerigte kliek word.

⇨ 'n Uitsluitlik kognitiewe studie van die Woord sonder die onderlinge meelewing en toepassing van die Skrifwaarhede in mekaar se lewens, verval in 'n rasionalisme.

Badenhorst en Potgieter (1998a:2) meen dat die volgende foute dikwels gemaak word:

⇨ Die Heilige Gees se leiding word nie gevra wanneer die groep saamgestel of uitgebrei word nie. Dit word dan 'n mensgemaakte groep.

⇨ Jesus Christus word nie as die middelpunt erken en gehoorsaam nie.

⇨ Mense vergeet dat dit oor 'n saamlewe deur die hele week gaan en nie net 'n byeenkoms op 'n bepaalde aand nie.

⇨ Gelowiges is nie bereid om met praktiese onselfsugtige liefde mekaar te dien nie.

⇨ Die visie na buite kom nie tot sy reg nie.

⇨ Kinders word geïgnoreer. Hulle behoort egter 'n wesenlike deel van die groep te vorm.

⇨ Onkunde oor die gawes van die Heilige Gees lei daartoe dat lede mekaar nie dien met die gawes wat die Here gee nie.

⇨ 'n Wêreldse idee van leierskap word toegepas i.p.v. die Bybelse dienskneggestalte van 'n leier.

⇨ Daar word nie ruimte geskep vir 'n verskeidenheid leiers wat verskillende aktiwiteite hanteer nie.

⇨ Groei en vermenigvuldiging word as 'n bedreiging gesien en teengestaan.

Wanneer moontlike probleme vooraf raakgesien word, kan dit vanuit die Skrif as korrektief verhoed en/of reggestel word.

## 6.8 SAMEVATTING

- Om 'n kleingroepbediening in Gereformeerde Kerke te implementeer, moet die beginsels onderliggend aan kleingroepe op al die verskillende vlakke in die kerk bespreek en verduidelik word. Gebed, 'n stadige begin en funksionele aanpassings in die bedieningstrukture is noodsaaklik.
- Toerusting aan kleingroepleiers is onontbeerlik in die funksionering van kleingroepe. Die Here gee juis gawes (Ef 4:11-12) sodat die gelowiges (ook kleingroepleiers) vir hulle dienswerk toegerus kan word.
- In leierskapsontwikkeling is die seleksie, opleiding en ondersteuning 'n geïntegreerde proses om elke leier tot sy volle potensiaal te ontwikkel. Opleiding geskied primêr deur modellering.
- Al die lidmate van die gemeente behoort egter toerusting te ontvang oor die Skrifbeginsels van o.a. mekaarbediening, die stel van prioriteite, vertroulikheid rondom ander se "oopmaak" en die ware inhoud van die amp van die gelowige. Sodanige toerusting kan byvoorbeeld deur die prediking geskied, of deur bepaalde temas wat in kleingroepe hanteer word. Modellering is steeds belangrik.

# HOOFSTUK 7
# FINALE SAMEVATTING VAN RESULTATE

## 7.1 GEVOLGTREKKINGS

In 'n soeke na oplossings vir die dalende lidmaatgetalle in die GKSA, waar hoofsaaklik die gebrekkige funksionering van die amp van die gelowige as 'n oorsaak geïdentifiseer is, is die volgende bevindings gemaak:

Wanneer die Skrifbeginsels oor groei nagegaan word (vgl. hfst.2), word groei nie as 'n potensiaal gesien nie, maar as 'n inherente eienskap van 'n lewende kerk. Kwalitatiewe en kwantitatiewe groei is wesenlik deel van die liggaam van Christus deurdat die liggaam, onder die hoofskap van Christus, homself in liefde opbou en uitbou. Hierin is die betrokkenheid en dienswerk van elke gelowige noodsaaklik.

In die Skrif is daar sprake van dienswerk deur al die gelowiges, mekaarbediening, vermaning, bemoediging deur gelowiges onderling, asook die gebruik van elkeen se gawe tot die opbou van die liggaam van Christus (vgl. Ef 4:1-16, 1 Kor 12:12-31). Deur die funksionering van die amp van die gelowige moet kerkwees hande en voete kry. Deur die na-buite-gerigte bediening van die gelowiges is daar ook kwantitatiewe groei. Elke gelowige is getuie waar hy ookal beweeg en werk.

Hoewel kleingroepe nie as sodanig deur die Skrif voorgeskryf word nie, is dit wel Skriftuurlik gegrond. Die Skriftuurlike beginsels wat in klein- of huisgroepe in die vroeë kerk gefunksioneer het, sluit die volgende in:

- ⇨ *koinonia* tussen gelowiges;
- ⇨ evangelieverkondiging aan gelowiges en ongelowiges;
- ⇨ onderlinge hulpverlening;
- ⇨ onderlinge geloofsopbou deur gebed en onderrig;
- ⇨ funksionering van gawes;
- ⇨ getuienis na buite.

Deur die geskiedenis het kleingroepe 'n belangrike en opbouende rol gespeel. Probleemareas is ook deur die geskiedeis geïdentifiseer.

Kleingroepe skep 'n noue interaksie tussen lede waarin naby-verhoudings kan groei. Ingeskape behoeftes soos aanvaarding, erkenning, en om te behoort kan binne die kleingroep vervul word.

Wanneer die funksionering van kleingroepe binne die beginsels en funksies soos dit in die Skrif gevind, ondersoek word (vgl. hfst. 3) en dit word vergelyk met die beginsels vir groei soos dit veral in die uitvoering van die amp van die gelowige kristalliseer, word die ooreenkomste gou duidelik. Kerkwees is intieme, dienende, opbouende verhoudings tussen gelowiges, wat in die verhouding met God gegrond is. Binne die kleingroepe wat juis hierdie beginsels bevorder, kan kerkwees in praktyk realiseer en dien die kleingroep as ruimte vir die opbou en uitbou van die kleingroep sowel as die groter gemeente.

Kleingroepe is dus 'n effektiewe bedieningstrategie om 'n ruimte te skep waar die grondbeginsels van groei uitgeleef en ontwikkel kan word. Die fokuspunt is egter nie die kleingroepe as bedieningstruktuur op sigself nie, maar eerder die realisering van die Skrifbeginsels oor die amp van die gelowiges en groei. Die fokuspunt is dus om toegewyd aan God te lewe en in gehoorsaamheid te doen wat Hy in Sy Woord openbaar. Die kleingroepe op sigself is nie die geheim nie, maar dit is wel instrumenteel in die konkretisering van die beginsels wat noodsaaklik is vir groei.

In wese is kleingroepe (soos in die skripsie beskryf) nie maar 'n afdeling van kerkwees nie, maar kleingroepe kan eerder beskou word as 'n *wyse* waarop die kerk funksioneer. Kleingroepe is die primêre geloofsgemeenskap wat as bousteen tot die opbou van die liggaam van Christus dien.

Kleingroepe funksioneer (vgl. hfst. 4) deur die verbintenis van gelowiges om, in aanvaarding van mekaar, met mekaar mee te leef met 'n gereelde kleingroepbyeenkoms as hoogtepunt.

Tydens 'n kleingroepbyeenkoms word vier verhoudings weerspieël, nl. :

- mens tot mens (gelowiges onderling);

⇨ mens tot God;

⇨ God tot mens;

⇨ mens tot medemens (gelowiges met wêreld).

'n Goeie riglyn vir die grootte van 'n kleingroep is 12 -15 lede wat nie té heterogeen of té homogeen moet wees nie.

Tussen een en vyf kleingroepe kan 'n wyk vorm wat deur 'n ouderling en diaken bedien kan word. Die ouderling begelei en rus in besonder die kleingroepleiers toe en neem saam met die leier vir die lede in sy wyk verantwoordelikheid. Die regte funksionering van *koinonia* binne die kleingroep asook hulpverlening na buite staan in besonder onder die begeleiding van die diaken.

Kleingroepe skep 'n ruimte waar probleme wat groei strem, aangespreek word en faktore wat groei bevorder, aangeleer en uitgeleef kan word:

⇨ Die gelowige se identiteit in Christus word versterk.

⇨ Gelowiges kan binne die geloofsgemeenskap van 'n kleingroep hulle gawes ontdek en gebruik om mekaar te dien.

⇨ Kleingroepe skep 'n geborge ruimte waar gelowiges groter vrymoedigheid het om vir mekaar te bid.

⇨ Evangelisasie, waarvan die opvolg en dissipelskap deel is, groei organies vanuit die regte funksionering van 'n kleingroep.

⇨ *Koinonia*, wat die ruimte is vir geestelike groei, word binne die kleingroep beleef en uitgebou.

Om 'n kleingroepbediening in Gereformeerde Kerke te implementeer (vgl. hfst. 6) moet die beginsels onderliggend aan kleingroepe op al die verskillende vlakke in die kerk bespreek en verduidelik word. Gebed, 'n stadige begin en funksionele aanpassings in die bedieningstrukture is noodsaaklik.

Kleingroepe, d.w.s. die beginsels van kleingroepfunksionering en die geloofsdinamika binne 'n kleingroep, word eerder 'n leefwyse as bloot 'n aktiwiteit wat deel van die week se program vorm. 'n Verandering van denkwyse van 'n PGO (program-georiënteerde-ontwerp)

na verhoudinggeoriënteerde ontwerp is vir so 'n nuwe lewenswyse nodig. Verhoudinggeoriënteerd impliseer 'n verhouding met God, met medegelowiges en met ongelowiges.

'n Essensiële aspek van die funksionering van kleingroepe is toerusting. Die beginsel van Ef 4:12 waar herders en leraars die gelowiges vir hulle dienswerk toerus, realiseer in 'n kleingroepbedieningstruktuur (vgl. fig. 4). Verder kom die beginsel van 2 Tim 2:2, waar elkeen dit wat hy leer ook weer vir 'n ander moet leer, juis binne die kleingroep tot sy reg deurdat nie net 'n ruimte daarvoor geskep word nie, maar ook omdat modellering so 'n kernfaset in kleingroepfunksionering is.

In leierskapontwikkeling is die seleksie, opleiding en ondersteuning 'n geïntegreerde proses om elke leier tot sy volle potensiaal te ontwikkel. Opleiding geskied primêr deur modellering.

Al die lidmate van die gemeente behoort egter toerusting te ontvang oor die Skrifbeginsels van o.a. mekaarbediening, die stel van prioriteite, vertroulikheid rondom ander se "oopmaak" en die ware inhoud van die amp van die gelowige. Sodanige toerusting kan byvoorbeeld deur die prediking of deur bepaalde temas wat in kleingroepe hanteer word, geskied. Modellering is weereens essensieel.

Kleingroepe skep dus 'n ruimte waarbinne die amp van gelowige op 'n besondere manier kan funksioneer om die boustene vir groei te lê. Kwalitatiewe en kwantitatiewe groei word in die kleingroep gefasiliteer. 'n Kleingroep skep 'n optimale ruimte waar die lewensverandering, mekaarbediening en dienswerk na binne en na buite kan realiseer. So kan die groei plaasvind, wat Christus vir elke gelowige en die kerk as geheel bedoel.

## 7.2 MOONTLIKE VERDERE TERREINE VIR NAVORSING

Die volgende terreine kan in toekomstige navorsing oorweeg word:

⇨ Die verband tussen die kleingroep en die groter gemeente.

⇨ Die pastorale funksie van die kleingroep.

⇨ Die plek van die kind in kleingroepe.

## 7.3 FINALE BEVINDING

Na aanleiding van die probleemstelling en sentrale teoretiese argumente van hoofstuk 1 kan samevattend dus gestel word dat die kleingroep 'n Skrifgefundeerde en optimale ruimte skep waarbinne die Bybelse eis tot groei (kwalitatief en kwantitatief) kan realiseer. Die gebrekkige funksionering van die amp van die gelowige wat 'n grondoorsaak is vir 'n gebrek aan groei in die GKSA, word deur 'n effektiewe kleingroepbediening ondervang.

# 8. BIBLIOGRAFIE


ANDERSON, L. 1990. Dying for change. An arresting look at the new realities confronting churches and para-church ministries. Minneapolis : Bethany House.

ANON. 1967. How to lead a group. (In Howard, W., ed. Faith at Work - Groups that work. Grand Rapids : Zondervan.)

ANON. 1998. Cell Groups. [Beskikbaar op Internet:] http://www.newlifechurch.org/cellgroups.htm [Datum van gebruik: Apr. 7].

ANON. 1999. Huiskerke se drie grootse probleme. Geopende Deure, 28(3):1-2, Mrt.

ARNOLD, J. 1992. The big book on small groups. Downers Grove, Ill : Intervarsity Press.

BADENHORST, W. 1998. Hoe verskil die selgemeente-model van die ander maniere van kerkwees? (In De Wit, E. & Potgieter, M., red. Ter Sprake - 50 vrae en antwoorde oor die selgemeente-model. George : Gemeentevreugde. p.25-29.)

BADENHORST, W. & POTGIETER, M. 1998a. Die 10 terrreine van die meeste foute. Gesellig, no 9:2, 3de en 4de kwartale.

BADENHORST, W. & POTGIETER, M. 1998b. Die 10 belangrikste wenke aan die herderleier. Gesellig, no 10:2, 4de kwartaal.

BARKER, L.L., WAHLERS, K.J., WATSON, K.W. & KIBLER, R.J. 1991. Groups in process. An introduction to small group communication. New Jersey : Prentice-Hall.

BARLOW, T.E. 1972. Small group ministry in the contemporary church. Missouri : Herald Publishing House.

BARNARD, A.C. 1979. Die plek en betekenis van die kleingroep in evangelisasiewerk. (In De Klerk, J.J., red. Evangelistiek. Pretoria : NGKB. p. 125-145.)

BELLAH, R. 1988. The small group letter. Discipleship Journal, 8(6):51-53, Nov/Dec.

BERKHOF, H. 1973. Christelijk geloof. Nijkerk : Callenbach.

BIRD, W. 1994. Small-Group takeover. Christianity Today, 38(2):24-29, Feb.

BIRKEY, D. 1991. The house church: A missiological model. Missiology: An International Review, 19(1):69-79, Jan.

BISSCHOFF, J.H. 1998. Kleingroepbediening. (Ongepubliseerde lesing gelewer tydens gemeentebouseminaar by die Universiteit van Vista.) Pretoria.

BLOMBERG, C.L. 1994. 1 Corinthians. The NIV Application Commentary. Grand Rapids : Zondervan.

BREYTENBACH, H.S. 1992. Metafore vir die kerk en riglyne vir gemeentebou. Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 33(3):391-407, Sept.

BRUCE, F.F. 1971. The new century Bible commentary. I & II Corinthians. Grand Rapids : Eerdmans.

BUCHANAN, D. & HENDRIKS, J. 1995. Meeting the future. Christian leadership in South Africa. Randburg : Knowledge Resources.

BURGER, C. 1991. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Nuut gedink oor gemeentes. Kaapstad : Lux Verbi.

BURGER, C. & SIMPSON, N. 1996. Bybelstudiegroepe : Poorte van genade. Kaapstad : Lux Verbi.

BUYS, P.J. s.a. Die beginsels en praktyk van evangelisasie in klein groepe. Ongepubliseer.

BUYS, P.J. 1983. Ontdek jou gawes. Vereeniging : Reformatoriese Uitgewers.

BUYS, P.J. 1988. Kerkgroei: 'n Kritiese evaluering van die kernaspekte van die Church Growth Movement. In die Skriflig, 22(87):2-16, Sep.

BUYS, P.J. & VENTER, C.J.H. 1994. Bedieningspatrone wat die assimilasie van nuwe gelowiges in die gemeente bevorder. In die Skriflig, 28(3):329-351, Sep.

BYBEL. 1933/53. Die Bybel : dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou Testament bevat en oorgesit is uit die oorspronklike tale. (OAV) Kaapstad : Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

BYBEL. 1983. Die Bybel : nuwe vertaling. (NAV) Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CHO, P.Y. 1981. Successful home cell groups. New Jersey : Bridge.

COETZEE, J.C. 1997. Hermeneutics and exegesis of the New Testament. Orkney : EFJS Drukkers.

COLE, A. 1994. Mark. (In Carson, D.A., France, R.T., Motyer, J.A. & Wenham, G.J., eds. New Bible Commentary. 21 st Century edition. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 946-977.)

COOPER, J.W. 1989. Does your net smell fishy? Grand Rapids : Church Development Resources. (Gathering - Church growth and the Christian Reformed Church.)

COSTAS, O.E. 1983. A Wholistic Concept of Church Growth. (In Shenk, W.R., ed. Exploring Church Growth. Grand Rapids : Eerdmans.)

COTTERELL, P. 1993. Small groups, big results. Eastbourne : Kingsway Publications.

CURRAH, G. 1993. Advantages of Cell Groups. [Beskikbaar op Internet:] http://www.grmi.org/ministry/cell-church/articles/advantages.html. [Datum van gebruik: Apr. 12].

D'ASSONVILLE, V.E. 1992. Gids vir Kerkgeskiedenis. Potchefstroom : Marnix.

DE KLERK, W.J. 1998. Die vreemde God en sy mense. Kaapstad : Human & Rousseau.

DINKMEYER, C.D. & MURO, J.J. 1979. Group Counselling. Theory and practice. Illinois : Itaca.

DONOVAN, D.G. 1999. Pass the Catsup. Discipleship Journal, 19(2):93, Mar/Apr.

DRAKE, H. 1999. House Church Central. [Beskikbaar op Internet:] http://www.hccentral.com/ home.html. [Datum van gebruik: Mar. 3].

DREYER, J.G.M. 1986. Building up the Body of Christ. Philadelphia : Westminster Theological Seminary. (Thesis - Doctor of ministry.)

DU PLESSIS, J. 1996. Mondelinge mededeling tydens kleingroep-opleidingsgeleentheid in Pretoria. NG predikant in Elarduspark.

DU PLOOY, A. le R. 1993. Inleiding op die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (In Deputate : kerkordeboekie. Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Administratiewe Buro.)

DU PLOOY, J.L. 1999. Konsepverslag namens die deputate van die Nasionale Sinode vir die GKSA insake bewaring en vermeerdering. Huidig ongepubliseer. Potchefstroom.

DU PLOOY, J.L. & VENTER, C.J.H. 1996. Gereformeerde gemeente-opbou? 'n Evaluering van bestaande definisies binne die geledere van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In die Skriflig, 30(3):343-364. Sep.

EVANS, G.A. 1990. Luke. Peabody : Hendrickson. (New International Biblical Commentary no 3.)

FLEISCHMANN, J.P. 1995. Bedieningstrategie. Ongepubliseer. Bloemfontein.

FLOOR, L. 1978. Persone rondom Paulus. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

FLOOR, L. 1983. Die Heilige Doop in die Nuwe Testament. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

FOSTER, R.J. 1989. Celebration of discipline. London : Hodder and Stoughton.

FRANCE, R.T. 1994. Matthew. (In Carson, D.A., France, R.T., Motyer, J.A. & Wenham, G.J., eds. New Bible Commentary. 21 st Century edition. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 904-945.)

GEOK, O.S. 1994. Selleiersgids. New Castle : Touch International South Africa. (In Afrikaans vertaal deur C. Francke.)

GEORGE, C.F. 1992. Prepare your church for the future. Grand Rapids : Revell.

GROENEWALD, E.P. 1977. Die briewe van Petrus. Die brief van Judas. Kaapstad : NG Kerk uitgewers.

HANDELINGE, 1997. Ses en veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in Potchefstroom op 6 Januarie en volgende dae. p. 871-882.

HART, D.J. 1989. Throw your net on the right side. A new harvest for the CRC. Grand Rapids : Church Development Resources. (Gathering - Church growth and the Christian Reformed Church.)

HENDRIKS, H.J. 1992. Strategiese beplanning in die gemeente. Wellington : Hugenote uitgewers.

HENDRIKSEN, W. 1968. New Testament Commentary. Galatians & Ephesians. Edinburg : Banner of Truth.

HENDRIKSEN, W. 1973. New Testament Commentary. Matthew. Edinburg : Banner of Truth.

HENDRIKSEN, W. 1977. Meer as Oorwinnaars. 'n Verklaring van die boek Openbaring. Kaapstad : Verenigde Protestantse Uitgewers.

HENRY, M. 1995. Concise commentary on the whole Bible. Waynesboro : OM Literature.

HERON, J. 1989. The Facilitator's Handbook. New York : Nicols.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria : Gnosis.

ICENOGLE, G.W. 1990. Leading Questions. Discipleship Journal, 10(5):24-26, Sep/Oct.

JORDAAN, G.J.C. 1994. Reformasie van die amp van die gelowige. Die Kerkblad, 97 (2943): 4-5, Jul. 6.

KERKORDEBOEKIE VAN DIE GKSA. 1998. Potchefstroom: Admin Buro van die GKSA.

KIRKPATRICK, T.G. 1995. Small groups in the church. A handbook for creating community. New York : The Alban Institute.

KNOBEL, R. 1998. Hoe lyk leierskap wat op die Bybel gegrond is? (In De Wit, E. & Potgieter, M., red. Ter Sprake - 50 vrae en antwoorde oor die selgemeente-model. George : Gemeentevreugde. p. 96-97).

KO van GKSA. Sien Kerkordeboekie van die GKSA.

KOTZE, G.J. 1987. Uitdagings vir die maatskaplikewerk-professie in die negentigerjare. Potchefstroon : PU vir CHO, Departement Sentrale Publikasies. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks H. Inougurele redes: nr 10.)

KUNST, T.J.W. 1991. De gemeente als organisme en het belang van de kleine groep. Hoornaar : Gideon.

LAWSON, J. 1995. Silence is golden. Discipleship Journal, 15(2):90, Mar/Apr.

LESLIE, R.C. 1970. Sharing Groups in the Church. An invitation to involvement. New York : Abingdon.

LOUW, A. 1998. Sommige groepe sien kinders as 'n probleem - waarom? (In De Wit, E. & Potgieter, M., red. Ter Sprake - 50 vrae en antwoorde oor die selgemeente-model. George : Gemeentevreugde. p. 48-51.)

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol. I. New York : United Bible Societies.

LOUW, S. 1998. Watter rol speel lofprysing en aanbidding tydens die byeenkomste van die selgemeentes? (In De Wit, E. & Potgieter, M., red. Ter Sprake - 50 vrae en antwoorde oor die selgemeente-model. George : Gemeentevreugde. p. 135-137.)

MALAN, J. 1979. Die plek van die besondere ampte in die opbou van die gemeente - met besondere verwysing na die amp van die gelowiges. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie ThB.)

MacARTHUR, J.F. 1991. Unless the Lord builds the Church. Chicago : Moody.

MARSHALL, I.H. 1991. 1 Peter. Leicester : Intervarsity Press. (The IVP New Testament Commentary Series.)

McBRIDE, N. 1990. Six Small Group Killers. Discipleship Journal, 10(5):30-33, Sep/Oct.

MILLER, H. 1994. Connecting with God : 14 ways churches can help people grow spiritually. Nashville : Abington.

MOUNCE, R.H. 1991. Matthew. Peabody : Hendrickson. (New International Biblical Commentary no 1.)

MOWRER, O.H. 1972. Is the Small-Groups Movement a religious revolution? Pastoral Psychology, 23(222):19-22, Mar.

NAV - Nuwe Afrikaanse vertaling, kyk Bybel 1983.

NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. Een van die drie formuliere van eenheid van die GKSA. Oorspronklik opgestel deur Guido de Bres (1561). (In Die berymde Psalms en Skrifberymings. Verkrygbaar by die Administratiewe Buro van die GKSA. Potchefstroom.)

NEIGHBOUR, R.W. 1990. Where do we go from here? A guidebook for the cell group church. Houston : Touch Publications.

NEIGHBOUR, R.W. 1993. Sponsor's guidebook. Practical steps for building up another Christian. Singapore : Touch Ministries International.

NEIGHBOUR, R.W. 1994. The Shepherd's Guidebook. Singapore : Touch Ministries International.

NEL, M. 1993. Gemeentebou: Dinamiese kragte in die vernuwingsproses. Praktiese Teologie in S.A., 8(2):115-125.

NEL, M. 1994. Gemeentebou. Halfway House : Orion.

NGB kyk Nederlandse Geloofsbelydenis.

OAV - Ou Afrikaanse vertaling, kyk Bybel 1954.

OLIVIER, H.B. 1997. Die voordele en gevare tydens die implementering van 'n kleingroepbediening binne die plaaslike gemeente. (In Britz, R.M., red. Kleingroepbediening en Selgemeentes. UV teologiese studies no 9. Bloemfontein : CLF - Uitgewers. p. 84-91.)

OLSSON, D.L. 1993. Church Leaders handbook. Chicago, Ill : Willow Creek Community Church.

OOSTENBRINK, J.W. 1994. Kleingroepevangelisering in die stad. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - Th.M.)

OOSTENBRINK, J.W. 1996a. Kleingroepe as Bybelse lewenswyse vir ons tyd. Woord en daad, 36(358):17-19, Somer.

OOSTENBRINK, J.W. 1996b. Korporatiewe spiritualiteit en Kleingroepleierskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - Th.D.)

OOSTENBRINK, J.W. 1997. Mondelinge mededeling tydens Gereformeerde Werksgemeenskap vir Gemeenteopbou. Pretoria.

OOSTENBRINK, J.W. & COETSEE, H.B. s.a. Handleiding oor geestelike leierskap in Gereformeerde kerk Delarey (kursusgangersgids). Bergbron : Gereformeerde Kerk Delarey.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 1998. Kleingroepe ter fasilitering van spiritualiteit in die kerk. In die Skriflig, 32(1):1-18, Mrt.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 1999. Die Groot God by kleingroepe. Potchefstroom : DPM.

OOSTENBRINK, M. 1996. So maak ons. Kleingroepe - 'n groeigeleentheid. Die Gereformeerde Vroueblad, 51(1):36-37, Jun.

OOSTHUIZEN, G. 1995. Getalle verminder. Die Kerkblad, 98(2967):30, Jul. 12.

PETERSON, D. 1994. Hebrews. (In Carson, D.A., France, R.T., Motyer, J.A. & Wenham, G.J., eds. New Bible Commentary. 21 st Century edition. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 1321-1353.)

POTGIETER, M. 1995. 'n Nuwe Bybelse lewenswyse. Die selgemeente. George : Lewensvreugde.

POTGIETER, M. 1996. Mondelinge mededeling tydens leraarskliniek oor selgemeentes. George.

POTGIETER, M. 1998. Is die Selgemeente-model 'n reaksie teen die Gereformeerde manier van kerkwees? (In De Wit, E. & Potgieter, M., red. Ter Sprake - 50 vrae en antwoorde oor die selgemeente-model. George : Gemeentevreugde. p. 19-22.)

POTGIETER, M. & BADENHORST, W. 1997. Die kerk moet groei. Gesellig, no 5:1, Tweede kwartaal.

REESE, R. 1998. Job sharing. Discipleship Journal, 18(4):113, Sep/Oct.

REID, C.H. 1967. Pastoral care through Small Groups. Pastoral Psychology, 18(172):14-21, Mar.

RICHARDS, L.O. 1990. 99 idees om 'n Bybelstudiegroep te begin en te laat groei. Kaapstad : Lux Verbi.

RITTER, K. 1976. Paul's concept of charisma and the ministry of the laity. Ann Arbor, Mich : University Microfilms International.

ROBERTS, J.H. 1991. The letter to the Ephesians. Kaapstad : Lux Verbi.

SAUNDERSON, J.W. 1990. Small group evangelism . Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 31(4):621-632, Des.

SILVA, M. 1994. Galatians. (In Carson, D.A., France, R.T., Motyer, J.A. & Wenham, G.J., eds. New Bible Commentary. 21 st Century edition. Leicester : Inter-Varsity Press. p.1206-1221.)

SIMPSON, N.W. 1992. 'n Teorie oor die funksionering van die kleingroep in die gemeente. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - T.M.)

SISEMORE, J.T. 1983. Church growth through the Sunday School. Nashville : Broadman Press.

SMIT, A. 1995. Begeleiding : Nuut gedink oor leierskap in gemeentes. (In Smit, A., red. Nuut gedink oor leierskap in gemeentes - die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad : Lux Verbi. p. 16-34.)

SMITH, R.A. 1999. The Art of Delegation. Discipleship Journal, 19(4):95, Jul/Aug.

SPEHN, M.R. 1972. The Small-Group Religion. Pastoral Psychology, 23(220):50-58, Jan.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. Hammanskraal : Teologiese Skool.

STEYN, A.F. & UYS, T. 1988. Die Kleingroep. Struktuur en dinamika. Stellenbosch : Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars.

STUMP, T.M. 1999. Bridge builders of effective "Cell" ministry. [Beskikbaar op Internet:] http://www.cellgroup.com/Articles/95-09-studentcells/studentcells-c.html. [Datum van gebruik : Mrt.10].

TIEMENSMA, E. 1997. Dalende tendens in die lidmatetal van die GKSA. Die Kerkblad, 99(3008):16, Mrt. 26.

TOWNS, E.L. 1990. 10 of today's most innovative churches: what they're doing, how they're doing it & how you can apply their ideas in your church. California : Regal books.

TURNER, M. 1994. Ephesians. (In Carson, D.A., France, R.T., Motyer, J.A. & Wenham, G.J., eds. New Bible Commentary. 21 st Century edition. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 1222-1244.)

VAN DER WALT, B.J. 1999a. Omgedopte Doppers! (2) 'n Vernuwingslied. Woord en Daad, 39(367):14-19, Herfs.

VAN DER WALT, B.J. 1999b. Visie op die werklikheid. Potchefstroom : Instituut vir Reformatorise Studie (PU vir CHO).

VAN DER WATT, J.G. 1997. Liefde in die familie van God. 'n Beskrywende uiteensetting van familiale liefdesverhoudinge in die Johannesevangelie. Hervormde Teologiese Studies, 53(3):557-569.

VAN SCHALKWYK, J. 1998. Mondelinge mededeling tydens gemeentebou-seminaar 14-15 Jun. Pretoria.

VAN TONDER, M. 1991. Studentepastoraat in die Ned. Geref. Kerk. Pretoria : UNISA. (Proefskrif - D. Theologiae.)

VAN'T SPIJKER, W. 1990. De Kerk bij Bucer : Het Rijk van Christus. (In Van't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K. & Van Driel, L., reds. De Kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen : Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 326 - 338.)

VAN'T ZAND, D. 1985. Die amp van die gelowige in gemeenteopbou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie - Th.B.)

VEENHUIZEN, F.H. 1993. Huiskringen. Ongepubliseer. Apeldoorn.

VENTER, A.G.S. 1986. Die werk van die Heilige Gees in die opbou van die kerk volgens Handelinge. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - Th.D.)

VENTER, A.G.S. 1999. Mondelinge mededeling tydens telefoongesprek.

VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liedesbetoon. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

VENTER, C.J.H. 1998. Spiritualiteit in die lig van Romeine 12. In die Skriflig, 32(4):457-468, Des.

VENTER, C.J.H. 1999. Die spiritualiteit van die bedienaar met verwysing na sy toerustingstaak. In die Skriflig, 33(2):187-202, Jun.

VENTER, G.J.C. 1972. Kleingroep en *koinonia*. Bloemfontein : UOVS. (Verhandeling - M.A.)

VERSTEEG, J.P. 1980. Oog voor elkaar. Het gebruik van het woord <<elkaar>> in het Nieuwe Testament met betrekking tot de onderlinge verhoudingen binnen de gemeente. Kampen : Kok.

VORSTER, J.M. 1994. Waarom daal ons getalle? Die Kerkblad, 97(2937):25, Apr. 6.

VORSTER, J.M. 1996a. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor Gereformeerde kerkvernuwing in 'n postmoderne konteks. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VORSTER, J.M. 1996b. Vernuwing in gemeenskapsbelewing binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). In die Skriflig, 30(4):471-478. Des.

VORSTER, J.M. 1997. Waarom groei kerke? Die Kerkblad, 99(3009):13-15, Apr. 9.

VORSTER, J.M. 1999. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. In die Skriflig, 33(1):99-119, Mrt.

WANDRAG, C.P.J. 1995. Selgroepe…wat dit is en wat nie. Die Kerkbode, 156(19):12, Nov.

WERNING, W.J. 1977. Vision and Strategy for Church Growth. Chicago : Moody Press.

WHEATON, D.H. 1994. I Peter. (In Carson, D.A., France, R.T., Motyer, J.A. & Wenham, G.J., eds. New Bible Commentary. 21st Century edition. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 1369-1385.)

WOLFAARD, J.A. s.a. Kerk en die amp van die gelowige. Potchefstroom : Evangelis.

WRIGHT, K.D. 1996. Recovenanting : Secret to Small-group health. Discipleship Journal, 93(3):60, May/June.

YUE, C.C. 1992. FCBC: An Example of a Cell Church. [Beskikbaar op Internet:] http://www.gmi.org/ministry/cell-church/articles/fcbc.html [Datum van gebruik: 1996 Des. 4].